

JAARBOEK 2016

FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSAPPE
EN INLIGTINGSTEGNOLOGIE
VOORGRAADS
Vaaldriehoekampus

Rig alle korrespondensie aan:

Die Registrateur
Noordwes-Universiteit
Vaaldriehoek Kampus
Posbus 1174
Vanderbijlpark
1900

Tel: (016) 910 3290

Faks: (016) 910 3292

Internet: <http://www.nwu.ac.za>

VERMELD ASSEBLIEF U UNIVERSITEITSNOMMER IN ALLE KORRESPONDENSIE.

Die Akademiese Reëls van die Universiteit, waaraan alle studente hulle moet onderwerp en wat op al die kwalifikasies wat die Universiteit aanbied van toepassing is, verskyn in 'n afsonderlike publikasie en is beskikbaar op die webblad by <http://www.nwu.ac.za>.

Let wel: Ofskoon die inligting wat in hierdie Jaarboek opgeneem is so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat van die Universiteit hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat hierin mag voorkom nie. Voordat studente finaal op die keuse van modules besluit, moet hulle die klasrooster raadpleeg. Indien daar 'n botsing in 'n student se voorgenome keuse voorkom, word die betrokke kombinasie van modules nie toegelaat nie.

Die Engelse weergawe van hierdie Jaarboek, is die brondokument.

INHOUDSOPGAWE

E.1	FAKULTEITSREÛLS	1
E.1.1	GESAG VAN DIE AKADEMIESE REÛLS.....	1
E.1.2	EVALUERING VAN AKADEMIESE GELETTERDHEIDSVLAKKE	1
E.1.3	FAKULTEIT-SPEISIEKE REÛLS	2
E.1.3.1	Toelatingsvereistes	2
E.1.3.2	Klasbywoningsvereistes	2
E.1.3.3	Toelating tot die eksamen	2
E.1.3.4	Slaagvereistes van 'n module en 'n kurrikulum	2
E.1.3.5	Toegang tot gemerkte eksamenskrifte en aansoeke vir hermerk	3
E.1.3.6	Vordering in 'n kurrikulum	4
E.1.3.7	Terminering van studie	4
E.1.3.8	Modules om 'n kwalifikasie te voltooi	4
E.1.4	WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT	4
E.1.5	KAPASITEITSBEPALINGS	4
E.1.6	SKOLE EN NAVORSINGS ENTITEITE IN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE EN INLIGTINGSTEGNOLOGIE	5
E.1.7	KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS	6
E.2	REÛLS VIR GRADE EN DIPLOMAS	11
E.2.1	REÛLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS COMMERCII	11
E.2.1.1	Studietydperk	11
E.2.1.2	Toelatingsvereistes	11
E.2.1.3.	Uitkomste	12
E.2.1.4	Artikulasie	13
E.2.1.5	Lys van modules	14
E.2.2	REÛLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS SCIENTIAE	20
E.2.2.1	Studietydperk	20
E.2.2.2	Toelatingsvereistes	20
E.2.2.3	Uitkomste	20
E.2.2.4	Artikulasie	21
E.2.2.5	Lys van modules	22
E.2.3	REÛLS VIR DIE DIPLOMA IN SPORTKUNDE	27
E.2.3.1	Studietydperk	27
E.2.3.2	Toelatingsvereistes	27
E.2.3.3	Uitkomste	27
E.2.3.4	Lys van modules	28

E.3	KURRIKULUMS VAN PROGAMME IN DIE VERSKILLENDE SKOLE	29
E.3.1	SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE	29
E.3.1.1	Kurrikulum: Geoktrooieerde Rekenmeesterskap (GR) Verlengde Program (500 204 - E303V)	29
E.3.1.2	Kurrikulum: Geoktrooieerde Rekenmeesterskap (GR) (500 155 - E371V).....	30
E.3.1.3	Kurrikulum: Finansiële Rekenmeesterskap (SAIPA) (500 156 - E372V).....	31
E.3.1.4.	Kurrikulum: Finansiële Rekenmeesterskap (SAIPA) Verlengde Program (500 215 - E301V)	32
E.3.1.5.	Kurrikulum: Bestuursrekenmeesterskap (CIMA) (500 158 - E373V)	33
E.3.1.6	Kurrikulum: Rekeningkunde (500 160 - E334V).....	34
E.3.2	SKOOL VIR EKONOMIESE WETENSKAPPE	35
E.3.2.1	Kurrikulum: Ekonomie en Internasionale Handel (500 130 - E340V).....	35
E.3.2.2	Kurrikulum: Ekonomie en Internasionale Handel Verlengde Program (500 217 - E301V).....	36
E.3.2.3	Kurrikulum: Ekonomie en Risikobestuur Verlengde Program (500 214 - E302V).....	37
E.3.2.4	Kurrikulum: Ekonomie en Risikobestuur (500 132 - E341V)	38
E.3.2.5	Kurrikulum: Ekonomie, Risiko- en Beleggingsbestuur (500 134 - E342V).....	39
E.3.2.6	Kurrikulum: Ekonomie en Informatika (500 135 - E343V)	40
E.3.2.7	Kurrikulum: Entrepreneurskap en Ondernemingsbestuur (500 142 - E350V).....	41
E.3.2.8	Kurrikulum: Bemerkingsbestuur (500 203 - E354V).....	42
E.3.2.9	Bemerkingsbestuur Verlengde Program (500 206 – E301V).....	43
E.3.2.10	Kurrikulum: Sport- en Rekreasiebestuur (500 150 - E301V)	44
E.3.2.11	Kurrikulum: Regte (500 183 – nuwe kurrikulum: R302V)	45
E.3.2.12	Kurrikulum: Sportkunde (832 100 - G101V).....	46
E.3.3	SKOOL VIR GEDRAGSWETENSKAPPE	47
E.3.3.1	Kurrikulum: Bedryfsielkunde en Arbeidsverhoudingsbestuur (500 153 - E360V).....	47
E.3.3.2	Kurrikulum: Mensehulpbronbestuur (500 151 - E361V)	48
E.3.4	SKOOL VIR INLIGTINGSTEGNOLOGIE.....	49
E.3.4.1	Taalmedium vir onderrigleer.....	49
E.3.4.2	Kurrikulums	49
E.3.4.3	Kurrikulum: Inligtingstegnologie (264 100 - N150V).....	50
E.3.4.4	Uitkomst.....	50
E.3.4.5	Artikulasie	50
E.3.4.6	Inligtingstegnologie (264 100 - N150V):.....	51

E.3.4.7	Kurrikulum: Inligtingstegnologie Verlengde Program (264 102 - N302V).....	52
E.3.4.8	Rekenaarwetenskap en Statistiek (200 191 - N156V).....	53
E.3.4.9	Kurrikulum: Rekenaarwetenskap en Statistiek (200 191 - N156V).....	54
E.3.4.10	Rekenaarwetenskap en Ekonomie (200 191 - N175V).....	55
E.3.4.11	Kurrikulum: Rekenaarwetenskap en Ekonomie (200 191 - N175V).....	56
E.3.4.12	Kwantitatiewe Risikobestuur (200 166 - N134V).....	57
E.3.4.13	Kurrikulum: Kwantitatiewe Risikobestuur (200 166 - N134V).....	59
E.3.4.14	Kurrikulum: Kwantitatiewe Risikobestuur Verlengde Program (200 207- N301V).....	60
E.3.4.15	Kurrikulum: Finansiële Wiskunde (200 167 - N135V).....	61
E.3.4.16	Kurrikulum: Finansiële Wiskunde Verlengde Program (200 208 – N301V).....	62
E.3.4.17	Kurrikulum: Data-ontginning/Besigheidsanalise (200 168 - N136V).....	63
E.3.4.18	Kurrikulum: Data-ontginning Verlengde Program (200 198 - N302V).....	64
E.4.	MODULE-UITKOMSTE	65
E.4.1.	MODULE-UITKOMSTE: BACCALAUREUS COMMERCII	65
E.4.2	MODULE-UITKOMSTE: VERLENGDE PROGRAMME BACCALAUREUS COMMERCII	110
E.4.3	MODULE-UITKOMSTE: DIPLOMA IN SPORTKUNDE	112
E.4.4	MODULE-UITKOMSTE: BACCALAUREUS SCIENTIAE	117
E.4.5	MODULE-UITKOMSTE: VERLENGDE PROGRAMME BACCALAUREUS SCIENTIAE	137
E.4.6	ALFABETIESE LYS VAN MODULES	144

AMPSDRAERS

Uitvoerende Dekaan: Prof HJ van der Merwe

Direkteur: Navorsingsontwikkeling: Prof J Surujlal

DIREKTEURE VAN SKOLE EN VAKHOOFDE:

SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE

Direkteur: Prof HH Janse van Vuuren

Bestuursrekeningkunde (CIMA):

Me T de Jongh

Belasting:

Prof M Delpont

Handelsreg:

Me V Pelsler-Carstens

Ouditkunde:

Mnr. A Swart

Geoktrooieerde Rekeningkunde (GR):

Me A Mostert

Rekeningkunde – Nie GR:

Me B van der Niet

Finansiële Rekeningkunde (SAIPA):

Ms E Lubbe

SKOOL VIR EKONOMIESE WETENSKAPPE

Direkteur: Prof WCJ Grobler

Bemarking:

Prof N de Klerk

Ekonomie en Internasionale handel:

Dr D F Meyer

Entrepreneurskap:

Mnr. J Landsberg

Risikobestuur:

Dr D Viljoen

Sportwetenskap:

Dr A Lennox

SKOOL VIR INLIGTINGSTEGNOLOGIE

Direkteur: Ms D Gerber

Inligtingstegnologie:

Me S Gilliland

Statistiek en Operasionele Navorsing:

Mnr. P Ntema

Wiskunde en Bedryfswiskunde en Informatika:

Ms L van der Merwe

ADMINISTRATIEWE BESTUURDER:

Me A van der Elst

**PROGRAM BESTUURDERS EN VAKVOORSITTERS IN DIE FAKULTEIT
GEESTESWETENSKAPPE:**

SKOOL VIR BASIESE WETENSKAPPE

Direkteur: Prof TC Rabali

Regte:

Prof E Serfontein

SKOOL VIR GEDRAGSWETENSKAPPE

DIREKTEUR: Dr E Botha

Arbeidsverhoudinge:

Dr L Moolman

Bedryfsielkunde:

Mnr. FW Stander

Psigologie:

Dr HJ Walker-Williams

SKOOL VIR TALE

Direkteur: Dr HG Butler

Akademiese Geletterdheid:

Ms AP Butler

Kommunikasie:

Ms J Kloppers

SKOOL VIR OPVOEKUNDE

Direkteur: Prof JE Fourie

Nagraadse Onderwysertifikaat:

Dr M Kloppers

FAKULTEITSRAAD**EKONOMIESE WETENSAPPE EN
INLIGTINGSTEGNOLOGIE**

Van der Merwe, HJ (Voorsitter)
Barnard, E
Bevan-Dye, A
Blignaut, S
Davel, M
Delport, M
De Klerk, N
Fouché, J
Gerber, D
Gilliland, S (Verteenwoordiger Biblioteek
Komitee)
Goede, R
Grobler, WCJ
Janse van Vuuren, HH
Jordaan, DB
Lucouw, P
Pretorius, PD
Surujlal, J
VSR Akademies
Zaaiman, H
Mbijekana, W (Sekretaris/Skriba)
Strydom, E (Ex Officio)
Vermeulen, CW (Ex Officio)
Van der Elst, A (Ex Officio)

E.1 FAKULTEITSREËLS

E.1.1 GESAG VAN DIE AKADEMIESE REËLS

Die Fakulteitsreëls wat geld vir die verskillende kwalifikasies, programme en kurrikulums van hierdie Fakulteit en wat in hierdie Fakulteitsjaarboek opgeneem is, is onderhewig aan die Akademiese Reëls van die Universiteit, soos dit van tyd tot tyd deur die Raad van die Universiteit op aanbeveling van die Senaat vasgestel word. Die Fakulteitsreëls moet dus met daardie Akademiese Reëls saamgelees word.

Die Akademiese Reëls verskyn op die Universiteit se Tuisblad by <http://www.nwu.ac.za>

E.1.2 EVALUERING VAN AKADEMIESE GELETTERDHEIDSVLAKKE

- a) Alle voorgraadse studente wat vir die eerste keer aan die Universiteit registreer moet hulle op 'n tyd en plek, wat deur die Universiteit bepaal word, aanmeld vir 'n verpligte vaardigheidstoets in akademiese geletterdheid ten einde hulle vermoë om in 'n akademiese omgewing te funksioneer, te evalueer. Die doel van die toets is om studente te identifiseer wat vanweë onvoldoende akademiese vaardighede die risiko loop om hulle studieprogram nie suksesvol binne die toegelate tydperk te voltooi nie.
- b) Die toets word afgelê in die taal (Afrikaans of Engels) waarin die program waarvoor die student geregistreer het, aangebied word. Met die uitsondering van studente wat deur die toets as grensgevalle uitgewys word, kry elke student slegs een geleentheid om die toets af te lê. Studente wat as grensgevalle beskou word, kry 'n tweede geleentheid.
- c) Studente wat deur die toets as risikogevalle geïdentifiseer word, moet vir die module AGLA 111 (Afrikaans) of AGLE111 (Engels) registreer. Hierdie modules word nie vir kredietdoeleindes van kurrikulums in berekening gebring nie, maar die krediete wat daarmee verdien word, word as addisionele krediete gereken.
- d) Vir toelating tot die eksamen in AGLA111 / AGLE111 word 'n deelnamepunt van 35% vereis. Studente wat nie tot die eksamen in AGLA111/AGLE111 toegelaat word nie of die eksamen daarin druipe, en tesame daarmee twee of meer ander modules ook druipe, se studie-voortsetting in die daaropvolgende semester word deur die Keurkomitee heroorweeg. AGLA111 / AGLE111 moet op die laaste aan die einde van die tweede historiese jaar geslaag word om die terminering van studies te voorkom.
- e) Die module AGLA121 / AGLE121 (afhangende van die student se taalvoorkeur) is 'n verpligte module vir alle studente wat vir die eerste keer aan die Universiteit registreer. Hierdie module het 'n gewig van 12 krediete en vorm deel van die kurrikulum waarvoor die student registreer. 'n Student wat die verpligte vaardigheidstoets in akademiese geletterdheid geslaag het, het toelating tot AGLA121 / AGLE121. 'n Student wat verplig was om eers AGLA111 / AGLE111 te volg moes 'n finale punt van minstens 40% in AGLA111 / AGLE111 verwerf het vir toelating tot AGLA121 / AGLE121.
- f) Studente wat die module AGLA111 / AGLE111 gesak het maar wel tot AGLA121/AGLE 121 toegelaat is en die eksamen daarin geslaag het, se uitslag van AGLA111 / AGLE111 kan deur die betrokke skooldirekteur tot 'n slaagpunt gekondoneer word.

- g) Studente wat reeds 'n module/kursus of modules/kursusse soortgelyk aan AGLA111,121 / AGLE111,121 aan 'n ander inrigting suksesvol voltooi het en bewys daarvan kan lewer, kan skriftelik by die **Direkteur: Skool vir Tale** aansoek doen om erkenning daarvan.
- h) Daar is 'n subminimum in elk van die drie afdelings van AGLA/AGLE121. Studente moet dus al drie afdelings slaag om die module suksesvol af te lê.

E.1.3 FAKULTEIT-SPEISIFIEKE REËLS

E.1.3.1 Toelatingsvereistes

Toelatingsvereistes tot die Universiteit word in Akademiese reël 1.2 gegee. Spesifieke toelatingsvereistes word in die reëls vir die verskillende kwalifikasies, programme en kurrikulums in die Fakulteit gegee.

E.1.3.2 Klasbywoningsvereistes

- a) Die minimum klasbywoning van twee-derdes (of soos in studiegids aangedui) word van studente verlang. Hierdie is uitgesluit assesseringstye.
- b) Klasvrystelling mag slegs in terme van Akademiese reël 2.3.2.6 toegestaan word. In die geval van klasvrystelling word daar nog steeds van student verwag om 'n deelnamepunt in die huidige jaar van registrasie te verwerf.
- c) Die Fakulteit neem geen verantwoordelikheid vir botsings van modules wat herhaal word nie. Studente moet toesien dat modules wat herhaal word nie bots met modules wat normaalweg geneem word nie. Indien daar 'n botsing is, moet die student toesien dat die modules in die volgende jaar ingehaal word.

E.1.3.3 Toelating tot die eksamen

- a) Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van 'n deelnamebewys (Akademiese Reël 2.4.2).
- b) 'n Deelnamebewys wat toelating tot die eksamen verleen sal slegs uitgereik word nadat 'n student tot die bevrediging van die skoordirekteur, in oorleg met die betrokke vakgroepvoorsitter, voldoen het aan die vereistes daarvoor, soos uiteengesit in die studiegids vir die betrokke module.
- c) Om toelating tot die eksamen (die finale assessering) in 'n module te verkry, moet 'n student die minimum deelnamepunt van 35% vir 'n eerstejaar module (insluitende WISN123 en STTN122) behaal het.
- d) Om toelating tot die eksamen in 'n module anders as 'n eerstejaar module in c) hierbo genoem te verkry, moet 'n student die minimum deelnamepunt van 40% vir die module behaal het.

E.1.3.4 Slaagvereistes van 'n module en 'n kurrikulum

- a) Die bepaling van Akademiese Reël 2.4.3 is van toepassing.
- b) Die subminimum vir alle eksamenvraestelle is 40% (Akademiese Reël 2.4.3.3). Daar is ook modules van ander fakulteite, wat 'n subminimum van 45% vereis. Dus moet modules geneem vanuit ander fakulteite aan die subminimum voldoen soos uiteengesit in die betrokke fakulteitsreëls. (soos die LAW-modules van die Fakulteit Geesteswetenskappe, wat 'n subminimum van 45% het.)
- c) Die slaagvereiste vir 'n module is 'n finale modulepunt van 50% (Akademiese Reël 2.4.3.1), maar is steeds onderhewig aan die subminimum vir elke eksamenvraestel soos in b) genoem.

- d) Sekere modules, word van die tweede eksamengeleentheid uitgesluit (soos aangedui in studiegids),
- e) 'n Program word geslaag deur al die modules waaruit die program saamgestel is, afsonderlik te slaag.
- f) Die vereiste vir 'n module/kurrikulum om met onderskeiding geslaag te word, is 75%.
- g) 'n Kwalifikasie word met onderskeiding toegeken indien die kandidaat 'n gemiddeld van 75% behaal in al die kernmodules van die kurrikulum van die kwalifikasie op alle jaarvlakke, in die minimum studietydperk (Akademiese Reël 2.5.2).

E.1.3.5 Toegang tot gemerkte eksamenskrifte en aansoeke vir hermerk

Insaë

- 1) Binne 48 uur nadat die punte van enige eksamengeleentheid aan studente bekend gemaak is, kan 'n student direk, na die voltooiing van 'n studenteverzoek, 'n reëling tref met die betrokke dosent om insaë in sy/haar antwoordstel te verkry.

Aansoek vir hernasien

- 2) 'n Student kan, binne 48 uur nadat die uitslae van enige eksamengeleentheid bekend gemaak is, aansoek doen om 'n hermerk deur 'n studenteverzoek te voltooi en 'n bewys van betaling van die voorgeskrewe bedrag aan te heg. Die voorgeskrewe bedrag moet by die kassiere van die universiteit inbetaal word.
 - a) Studente se aandag word op die aansoek vorm daarop gevestig dat die blote feit dat die voorgeskrewe fooi betaal is, nie beteken dat daar daarom 'n aanpassing aan die punte aangebring sal word nie.
 - b) Die bedrag geld wat 'n student vir die hernasien van vraestelle betaal het, kan in bepaalde omstandighede terugbetaal word, byvoorbeeld: indien daar 'n optelfout was; indien daar foute met multikeuse punte ingesluit het (soos foutiewe verwerking); indien daar na die oordeel van die Programmeier 'n growwe oorsig aan die kant van die nasiener was (soos waar 'n vraag nie nagesien is nie, of indien daar 'n groot aanpassing in die punte plaasgevind het).
 - c) 'n Student kan slegs aansoek doen vir hernasien indien hy/sy reeds persoonlik insaë in die antwoordstel gehad het.
 - d) Wanneer 'n antwoordstel hermerk word, moet dit met 'n oop gemoed beoordeel word, sonder enige vooroordele. Daar kan dus ook afwaartse aanpassings gemaak word – die betrokke student moet ook hiervan ingelig word
 - e) Geen verdere kommunikasie tussen die student, dosent, of die moderator word na die hermerk van 'n antwoordstel toegelaat nie. Die Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe en IT waarborg nie dat die hernasien proses voor die tweede eksamen geleentheid afgehandel sal wees nie. Indien die uitslag van 'n hernasien nog nie beskikbaar is nie wanneer die tweede eksamen geleentheid aanbreek, moet die student die tweede geleentheid benut, selfs al is die punt vir die eerste geleentheid nog nie gefinaliseer nie.
 - f) Indien die tydperk waarbinne aansoek vir insaë of hernasien gedoen kan word voor 16h00 in die namiddag van 'n gewone werksdag verstryk, word die tydperk geag te verstryk om vieruur op die namiddag van die betrokke dag. Indien die betrokke tydperk verstryk op 'n Saterdag, Sondag of openbare

vakansiedag, word dit outomaties verleng na 16h00 op die namiddag van die eersvolgende werksdag.

E.1.3.6 Vordering in 'n kurrikulum

- a) Daar mag net vir 'n module in enige vak geregistreer word indien die student reeds voldoen het aan die voorgeskrewe voorvereistes vir die module, soos uiteengesit in die lys van modules.
- b) Akademiese Reël 2.3.4 bepaal die hoeveelheid bykomende modules (wat nie deel van student se kurrikulum is nie) waarvoor 'n student mag registreer
- c) 'n Student mag nie met uitreevlak-modules voortgaan nie, tensy die voorgeskrewe eerstejaar-modules suksesvol voltooi is.
- d) Derde jaar studente mag vir die eerste semester, saam met uitstaande eerstejaar modules, registreer op voorwaarde dat student vir hierdie modules kan inskryf en dit in die eerste semester slaag. Let egter daarop dat derdejaar studente nie vir enige uitreevlak-modules in die tweede semester geregistreer sal word indien daar nog enige eerstejaar modules uitstaande is nie Reël E 1.1.4 (c) hierbo.

E.1.3.7 Terminering van studie

Die studie van 'n student kan getermineer word (Akademiese Reël 2.4.8).

- a) 'n Student wat in enige semester meer as 50% van die modules waarvoor hy / sy geregistreer het sak, sal 'n formele geskrewe waarskuwing van die Dekaan ontvang, en kan vir akademiese advies en studieberading verwys word. (Akademiese Reël 2.4.7)
- b) Indien 'n student se akademiese prestasie onbevredigend is, mag die studie van die student getermineer word in terme van Akademiese Reël 2.4.8.

E.1.3.8 Modules om 'n kwalifikasie te voltooi

Om die uitkomst van 'n kurrikulum in hierdie fakulteit te bereik moet alle modules (uitsluitend waar erkenning of vrystelling van modules verkry is) aan die Noordwes-Universiteit voltooi word

E.1.4 WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT

Werkstukke is individuele take en nie groepsaktiwiteite nie (tensy dit uitdruklik aangedui word as 'n groepsaktiwiteit). Vir meer besonderhede, gaan na: <http://www.nwu.ac.za>

E.1.5 KAPASITEITSBEPALINGS

Neem asseblief kennis dat die Universiteit as gevolg van spesifieke kapasiteitsbepalings hom die reg voorbehou om kandidate vir toelating tot bepaalde studierigtings te keur. Dit beteken dat voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie noodwendig tot die betrokke kursus toegelaat sal word nie

E.1.6 SKOLE EN NAVORSINGS ENTITEITE IN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSAPPE EN INLIGTINGSTEGNOLOGIE

Die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie bestaan uit drie skole. Die Direkteur bestuur die skool. In elke skool, is daar verskillende programme, elk met 'n eie vakhoof. Die skole is veral verantwoordelik vir die onderrig van voorgraadse en nagraadse kurrikulums.

Die onderskeie skole en kurrikulums is die volgende:

SKOOL	KURRIKULUMS
Skool vir Ekonomiese Wetenskappe	Ekonomie en Internasionale Handel Ekonomie en Risikobestuur Ekonomie, Risiko en Beleggingsbestuur Ekonomie en Informatika Entrepreneurskap en Ondernemingsbestuur Bemarkingsbestuur Sport en Rekreasiebestuur * Regte ** Bedryfsielkunde en Arbeidsverhoudinge *** Mensehulpbronbestuur
Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe	Geoktrooieerde Rekenmeesterskap (CA) Finansiële Rekenmeesterskap (SAIPA) Bestuursrekeningkunde (CIMA) Rekeningkunde
Skool vir Inligtingstegnologie	Rekenaar- en Wiskundige wetenskap Inligtingstelsels Kwantitatiewe Risikobestuur Besigheidsanalise Finansiële Wiskunde
Programbestuurders /vakhoofde in die Fakulteit Geesteswetenskappe * Vakgroep: Regte (m.b.t. enige regsmodule) ** Skool vir Gedragwetenskappe (m.b.t. Gedragwetenskap modules)	
Skool vir Tale	Slegs m.b.t. AGLA111 & 121 ,FREB en GERB

Navorsing in die Fakulteit fokus op die volgende areas:

EENHEID (AFKORTING)	NAAM VAN EENHEID
UARM	Applied Risk Management
PoSER	Poverty&Social Economic Research
ProGenY	Profiling Generation Y
MUST	Multi Lingual Speech Technologies
Serious GamesInstitute-SA	Bridge the gap between learning and fun
ROBOTICS	Building and Programming robots in IT
Bhive	Port of call for all entrepreneurs
AppsFactory	Mobile Application factory

Navorsing word ook in samewerking met ander navorsingsentiteite onderneem.

E.1.7 KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS

SKOOL VIR GEDRAGSWETENSKAPPE (B Com - 3 jaar)				
Metode van Aflewering	Program	HOKR	APS	Toelatings-vereistes
Voltyds en Deeltyds	Bedryfsielkunde en Arbeidsverhoudingebestuur (500 153 - E360V)	7	24	Wiskunde vlak 3
Voltyds en Deeltyds	Mensehulpbronbestuur (500 151 - E361V)	7	24	Wiskunde vlak 3

E.1.7 KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS (VOLG)

SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSAPPE (B Com - 3 jaar)				
Metode van Aflewering	Program	HOKR	APS	Toelatings-vereistes
<p><i>Opmerking: : Kandidate wat nie Rekeningkunde as skoolvak geneem het nie, moet ACCS111 (Spesiale Rekeningkunde) in die eerste semester neem. Alle kandidate wat minder as vlak 3 vir Rekeningkunde as skoolvak behaal het word aanbeveel om ACCS111 (Spesiale Rekeningkunde) in die eerste semester neem. Indien student ten minste 65% in die module behaal kan hulle toegelaat word om met ACCF121 (Finansiële Rekeningkunde) in die tweede semester voort te gaan Indien 'n student 'n gemiddeld van 65% in ACCF121 behaal, kan hy/sy die Tweede eksamengeleentheid in ACCF121 skryf en indien die uitslag ten minste 55% is, kan hy/sy gedurende die tweede jaar tot die GR-rekeningkunde (ACCC271) toegelaat word.</i></p>				
Voltyds	Geoktrooieerde Rekenmeesterskap (GR) (500 155 - E371V)	7	30	Wiskunde vlak 5 en Rekeningkunde vlak 4
Voltyds en Deelyds	Finansiële Rekenmeesterskap (SAIPA) (500 156 - E372V)	7	28	Wiskunde vlak 4
Voltyds en Deelyds	Bestuursrekenmeesterskap (CIMA) (500 158 - E373V)	7	30	Wiskunde vlak 5
Voltyds en Deelyds	Rekeningkunde (500 160 - E334V)	7	24	Wiskunde vlak 3
Voltyds en Deelyds	Rekeningkunde en Informatika (500 162 - E374V) Nie aangebied nie	7	28	Wiskunde vlak 4
VERLENGDE PROGRAM (B Com - 4 jaar)				
Voltyds	Geoktrooieerde Rekenmeesterskap (GR) (500 204 - E303V) * E302V uitfasering van pyplyn student *E303V vanaf 2013 ingefaseer vir 1ste jaar	7	26	Wiskunde vlak 3
Voltyds	Finansiële Rekenmeesterskap (SAIPA) (500 215 - E301V)	7	24	Wiskunde vlak 3 OF Wiskundige Geletterdheid vlak 7 (80%)

E.1.7 KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS (VOLG)

SKOOL VIR EKONOMIESE WETENSAPPE (Diploma - 3 jaar)				
Metode van Aflewering	Program	HOKR	APS	Toelatings-vereistes
Voltyds	Program: Diploma in Sportkunde (832 100 – G101V) Geen eerstejaar inname van 2016, besig om uit te faseer	6	16	Nasionale Senior Sertifikaat/ Toegang tot Diploma studies
SKOOL VIR EKONOMIESE WETENSAPPE (B Com - 3 jaar)				
Metode van Aflewering	Program	HOKR	APS	Toelatings-vereistes
<i>Opmerking: Kandidate wat nie Rekeningkunde as skoolvak geneem het nie, moet ACCS111 (Spesiale Rekeningkunde) in die eerste semester neem. Alle kandidate wat minder as vlak 3 vir Rekeningkunde op skoolvak behaal het word aanbeveel om ACCS111 (Spesiale Rekeningkunde) in die eerste semester neem. Indien hulle ten minste 65% in hierdie module behaal kan hulle toegelaat word om met ACCF121 (Finansiële Rekeningkunde) in die tweede semester voort te gaan.</i>				
Voltyds en Deeltyds	Ekonomie en Internasionale Handel (500 130 - E340V)	7	24	Wiskunde vlak 4
Voltyds en Deeltyds	Ekonomie en Risikobestuur (500 132 - E341V)	7	28	Wiskunde vlak 4
Voltyds en Deeltyds	Ekonomie, Risiko en Beleggingsbestuur (500 134 - E342V)	7	28	Wiskunde vlak 5
Voltyds	Ekonomie en Informatika (500 135 - E343V)	7	28	Wiskunde vlak 4
Voltyds en Deeltyds	Entrepreneurskap en Ondernemingsbestuur (500 142 - E350V)	7	24	Wiskunde vlak 3
Voltyds	Regte (500 183 - R302V)	7	30	Wiskunde vlak 4
Voltyds en Deeltyds	Bemarkingsbestuur (500 203 - E354V)	7	24	Wiskunde vlak 3
Voltyds	Sport- en Rekreasiebestuur (500 150 - E301V)	7	24	Wiskundige Geletterdheid vlak 5

E.1.7 KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS (VOLG)

SKOOL VIR EKONOMIESE WETENSKAPPE (volg)				
VERLENGDE PROGRAM (BCom - 4 jaar)				
Voltyds	Ekonomie en Risikobestuur (500 214 - E302V)	7	24	Wiskundige Geletterdheid 70%
Voltyds	: Ekonomie en Internasionale Handel (500 217 – E301V)	7	24	Wiskundige Geletterdheid 70%
Voltyds	Bemarkingsbestuur (500 206 – E301V)	7	24	Wiskundige Geletterdheid 70%
SKOOL VIR INLIGTINGSTEGNOLOGIE (BSc - 3 jaar)				
Metode van Aflewering	Program	HOKR	APS	Toelatings-vereistes
Voltyds	Kwantitatiewe Risikobestuur (200 166 - N134V)	7	32	Wiskunde vlak 6
Voltyds	Finansiële Wiskunde (200 167 - N135V)	7	32	Wiskunde vlak 6
Voltyds	Besigheidsanalise (200 168 - N136V)	7	32	Wiskunde vlak 6
Voltyds	Baccalaureus Scientiae in: Inligtingstegnologie (264 100 - N150V)	7	24	Wiskunde vlak 4 en een van die volgende vakke op vlak 4: Fisiese Wetenskappe, Lewenswenskappe, Inligtingstegnologie of Rekeningkunde
Voltyds	Rekenaar- en Wiskundige Wetenskappe			
	Kurrikulum: Rekenaarwetenskap en Ekonomie (200 191 - N175V)	7	24	Wiskunde vlak 5
	Kurrikulum: Rekenaarwetenskap en Statistiek (200 191 - N156V)	7	24	Wiskunde vlak 5 en Fisiese Wetenskappe vlak 4

E.1.7 KVALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS (VOLG)

SKOOL VIR INLIGTINGSTEGNOLOGIE (volg)				
VERLENGDE PROGRAMME (BSc - 4 jaar)				
Voltyds	Program: Besigheidsanalise (200 198 - N302V) *N301V–Data ontginning faseer uit vir pyplyn studente en N302V Besigheidsanalise faseer in vanaf 2013 vir 1 ste jaar	7	28	Wiskunde vlak 4
Voltyds	Program: Inligtingstegnologie (264 102 - N302V) *N301V uitgefaseer vir pyplyn studente en N302V ingefaseer vanaf 2013 vir 1st jaar.	7)	24	Wiskunde vlak 3
Voltyds	Program: Finansiële Wiskunde (200 208 – N301V)	7	28	Wiskunde Vlak 4
Voltyds	Program: Kwantitatiewe Risikobestuur (200 207 – N301V)	7	28	Wiskunde Vlak 4

E.2 REËLS VIR GRADE EN DIPLOMAS

E.2.1 REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS COMMERCII

E.2.1.1 Studietydperk

Die minimum studietydperk vir 'n BCom-kwalifikasie is drie jaar en die maksimum tydsduur vir die voltooiing van die kwalifikasie is vier jaar.

Die minimum studietydperk vir 'n verlengde BCom-kwalifikasie is vier jaar en die maksimum tydsduur vir die voltooiing van die kwalifikasie is vyf jaar.

E.2.1.2 Toelatingsvereistes

Die B Com-kwalifikasie vereis 'n minimum APS-telling van 24 en Wiskunde op vlak 3 (40-49%).

Die volgende uitsonderings is van toepassing:

- a) Rekeningkunde (500160: E334V) vereis Wiskunde op vlak 3 (40-49%) en 'n APS-telling van 24.
- b) Finansiële Rekeningkunde (500156: E372V) en vereis Wiskunde op vlak 4 (50-59%) en 'n APS telling van 28.
- c) Bestuursrekenmeesterskap (500158: E373V) en Geoktrooieerde Rekenmeesterskap GR (500155 : E371V) vereis Wiskunde op vlak 5 (60-69%) en 'n APS-telling van 30.
- d) Verlengde Geoktrooieerde Rekenmeesterskap GR (500204: E303V) vereis Wiskunde op vlak 3 (40-49%) en 'n APS-telling van 26.
- e) 'n Student op die verlengde Geoktrooieerde Rekenmeesterskap GR (SA) program (500204: E303V) sal nie toegelaat word om na enige ander kurrikulum oor te skakel nie.
- f) Verlengde Finansiële Rekeningkunde (SAIPA) Program (500215: E301V) vereis Wiskunde op vlak 3 (40-49%) OF Wiskundige Geletterdheid op vlak 7(80% of meer) en 'n APS-telling van 24
- g) 'n Student op die Verlengde Finansiële Rekeningkunde (SAIPA) Program (500215: E301V) wat 65% of meer behaal het vir WISS 112 en WISS 122 sowel as vir 65% of meer vir ACFS111 en ACFS 121 kan vanaf die tweede jaar oorskakel na die verlengde Geoktrooieerde Rekenmeesterskap GR (SA) program (500204: E303V).
- h) Ekonomie en Internasionale Handel (500130 : E340V) vereis Wiskunde op vlak 4 (50-59%) en 'n APS telling van 24.
- i) Internasionale Handel verlengde program (500217 : E301V)veries Wiskunde Geletterdheid op vlak 6 (70-79%).
- j) Ekonomie, Risiko- en Beleggings Bestuur (500134: E342V) vereis Wiskunde op vlak 5 (60-69%) en 'n APS teling van 28.
- k) Ekonomie en Risikobestuur (500132: E341V) vereis Wiskunde op vlak 4 (50-59%) en 'n APS telling van 28.
- l) Verlengde Ekonomie en Risikobestuur (500214: E302V) vereis Wiskundige Geletterdheid 70% en 'n APS telling van 24.

- m) B Com Regte (500183 : R302V) vereis Wiskunde vlak 4 .
- n) Sport en Rekreasiebestuur (500150: E301V) vereis Wiskundige Geletterdheid op vlak 5 (60-69%) en 'n APS telling van 24,
- o) Diploma in Sportwetenskap (832100: G101V) vereis 'n Nasionale Senior Sertifikaat wat diploma studies toelaat en 'n APS telling van 16.
- p) Entrepreneurskap en Besigheidsbestuur (500142: E350V), Bemerkingsbestuur (500203: E354V), Bedryfsielkunde en Arbeidsverhoudings-bestuur (500153: E360V) en Mensehulpbronbestuur (500151: E361V) vereis Wiskunde op vlak 3 (40-49%) en 'n APS telling van 24.
- q) Bemerkingsbestuur verlengde program (500206 : E301V) vereis Wiskunde Geletterdheid op vlak 6 (70-79%)
- r) Die Rekeningkunde modules ACCC111 en ACCC121 vereis Rekeningkunde op vlak 4 (50-59%).
- s) Studente wat nie Rekeningkunde as skoolvak gehad het nie, moet die Spesiale Rekeningkunde modules ACCS111 en ACCS121 in die eerstejaar neem voordat daar met ACCF111 begin kan word. Studente wat minder as vlak 3 vir skool Rekeningkunde behaal, word geadviseer om vir ACCS111 (Spesiale Finansiële Rekeningkunde) te registreer.
- t) Indien 'n student 65% behaal in ACCS111 aan die einde van die eerste semester, kan die student tot ACCF121 in die tweede semester toegelaat word.
- u) Indien 'n student 65% behaal in ACCF111 aan die einde van die eerste semester, kan die student tot ACCC121 in die tweede semester toegelaat word.
- v) Indien 'n student 65% behaal in ACCF121 kan die student die tweede eksamengeleentheid van ACCC121 skryf en indien 'n punt van 55% behaal word, kan toelating tot die tweedejaar GR-Rekeningkunde (ACCC271) verkry word.

E.2.1.3. Uitkomst

Die algemene uitkomst van die BCom-kwalifikasie is die volgende:

- a) Om studente te bemagtig met graadvlak-kennis van konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels, vaardighede, navorsingsmetodologieë en toegepaste bevoegdheid sodat hulle lonende loopbane kan volg in die veranderende ekonomiese en besigheidsomgewing van die nuwe millennium.
- b) Om Suid-Afrika van gegradueerdes te voorsien wat bevoeg is in een of meer van die volgende spesialisasieveld: Ekonomie, Internasionale Handel en Bemaking, Risikobestuur, Ondernemingsbestuur, Entrepreneurskap, Toerisme, Rekeningkunde, Rekenaarwetenskap en Informatika, Mensehulpbron-ontwikkeling, Arbeidsverhoudinge, Regte, Kommunikasie-bestuur, Sportbestuur en Bedryfsetiek.
- c) Om die student by te staan en in staat te stel om sy/haar intellektuele en morele kapasiteit te ontwikkel om die ekonomiese en besigheids-omgewing te verstaan, om krities en innoverend te dink en om 'n grondslag te lê vir verdere spesialisasie.

Benewens die algemene uitkomst van die kwalifikasie, is die inhoud só gestruktureer dat bepaalde uitreevlakuitkomst (waarby kritieke uitkomst ingesluit is) bereik kan word. Die B Com-gegradeerde sal in staat wees om:

- a) 'n diepgaande kennis van en insig in die ekonomiese en besigheidsomgewings te openbaar en probleme wat daaruit voortvloei in samehang met ander dissiplines op te los;
- b) op grond van sy/haar kennis van multidissiplinêre konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels en navorsingsmetodes konvergente en divergente ekonomiese en besigheidsverwante probleme op 'n kreatiewe en kritiese wyse te identifiseer en op te los;
- c) geleenthede te identifiseer en te skep en die entrepreneuriese proses te begryp;
- d) om effektief as 'n individu en in span- en organisasieverband op te tree ten einde die geleentheid te skep om as 'n leier in 'n multidissiplinêre omgewing te ontwikkel;
- e) met selfdissipline, integriteit en toewyding sy/haar aktiwiteite op 'n verantwoordelike en doeltreffende wyse te organiseer en te bestuur ten einde die verlangde doelwitte te bereik;
- f) ekonomiese en ondernemingsbestuurskennis in te samel, te ontleed, te organiseer, krities te evalueer en toe te pas;
- g) ekonomiese en besigheidsinligting doeltreffend te ontgin en te kommunikeer deur van gepaste inligtingstechnologie gebruik te maak;
- h) verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander mense te openbaar deur die doeltreffende en kritiese gebruik van wetenskap en tegnologie;
- i) lewenslange leer te beoefen deur die vestiging van 'n aktiewe belangstelling in die dinamiek van die ekonomiese en besigheidsomgewing;
- j) begrip te toon vir die behoefte aan die behoud van bevoegdheid en gesonde praktyke ten einde in pas te bly met die veranderende ekonomiese omgewing van nuwe metodes, tegnieke en kompeterende uitdagings;
- k) lewensbeskouings krities te beoordeel;
- l) respek te ontwikkel vir die waardestelsel van hierdie Universiteit;
- m) as 'n verantwoordelike burger te kan deelneem op plaaslike, nasionale en internasionale vlak;
- n) sensitief te kan wees vir die sosio-ekonomiese behoeftes van ons heterogene en multikulturele besigheidsgemeenskappe en van die wêreld in die algemeen;
- o) opvoedkundige en loopbaangeleenthede te ontgin.

E.2.1.4 Artikulasie

- a) Op vertikale vlak artikuleer die BCom-kwalifikasie met die geskiktheid om aansoek te doen om toelating tot NKR-vlak 8 kwalifikasies, spesifiek die Honneurskwalifikasies binne die student se gekose spesialis dissipline.
- b) Die BCom-kwalifikasie berei die gegradueerde voor vir 'n loopbaan in die plaaslike en internasionale ekonomiese en besigheidsomgewing.

- c) Die BCom-kwalifikasie kan aan die student toegang verleen tot verwante studie aan ander instellings vir hoër onderwys.
- d) Artikulasie met ander tersiêre instellings is moontlik op grond van toepaslike uittreelakuitkomste wat bereik is.

E.2.1.5 Lys van modules

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
Geoktrooieerde Rekenmeesterskap			
ACCC111	Rekeningkunde: Raamwerk, Grondslae, Siklus en Finansiële Verslagdoening	Wiskunde vlak 5 (60-69%) en Rekeningkunde Vlak 4 (50-59%)	16
ACCC121	Rekeningkunde vir verskillende entiteite	ACCC111 of ACCF111 (65%)	16
ACCC271	Rekeningkunde: Korporatiewe Rekeningkunde en Inleiding tot IFRS en Groepstate	ACCC121 (55%) of ACCF111,121(65%) en ACCC121 (55%) met 2 ^{de} EksGeleentheid	32
ACCC371	Rekeningkunde: Komplekse Korporatiewe Rekeningkunde (insluitend groepstate) en IFRS	ACCC271 (55%)	32
Finansiële Rekenmeesterskap			
ACCF111	Finansiële Rekeningkunde: Basiese Konsepte, Rekeningkundige Stelsels en Elementêre Finansiële Verslagdoening	Wiskunde Vlak 3 (40-49%)	16
ACCF121	Finansiële Rekeningkunde: Elementêre Finansiële verslagdoening, Vennootskappe, Beslote Korporasies en Maatskappye	ACCF111 (40%) of ACCC111 (40%) of ACCS111 (65%)	16
ACCF211	Finansiële Rekeningkunde: Finansiële Verslagdoening	ACCF111 & 121 of ACCC111 & 121	16
ACCF221	Finansiële Rekeningkunde: Spesiale Onderwerpe en Elementêre groepstate	ACCF211 (40%) of ACCC271 (40%)	16
ACCF311	Finansiële Rekeningkunde: Groepstate en inleiding tot Internasionale Finansiële Verslagdoening (IFRS)	ACCF211 & 221 of ACCC271	16
ACCF321	Finansiële Rekeningkunde: Internasionale Finansiële Verslagdoening (IFRS)	ACCF311 (40%) of ACCC371 (40%)	16
Finansiële Rekeningkunde (Spesiaal)			
ACCS111	Finansiële Rekeningkunde (Spesiaal) Basiese konsepte, Rekeningkundige siklus en Rekeningkundige stelsels		16
ACCS121	Finansiële Rekeningkunde (Spesiaal): Finansiële verslagdoening, Elementêre ontleding en vertolking van finansiële state	ACCS111 (40%)	16

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
Akademiese Geletterdheid			
AGLA111	Inleiding tot Akademiese Geletterdheid	TALL toets	
AGLA121	Akademiese Geletterdheid	AGLA/E111 of TALL toets	12
Rekeningkunde en Rekenaars			
ACMP311	Rekenaartoeappings in Rekenmeesterskap		12
Ouditkunde			
AUDT211	Ouditkunde: Die Ouditeur en die Ouditproses	ACCC111,121	12
AUDT221	Ouditkunde: Toepassings en Rekenaar-ouditering	AUDT211 (40%)	12
AUDT371	Ouditkunde: Ouditproses en Maatskappyereg toepassings	AUDT211 & 221	24
AUDF211	Finansiële Ouditkunde – Inleiding tot die oudit proses	ACCC111 & 121 of ACCF111 & 121	12
AUDF221	Finansiële Ouditkunde – Toepassing van oudit beginsels	AUDF211 (40%)	12
AUDF311	Finansiële Ouditkunde – Korporatiewe beheer en etiese beginsels	AUDF211 & 221	12
AUDF321	Finansiële Ouditkunde – Die ouditproses en die toepassing van oudittegnieke	AUDF211 & 221	16
Ondernemingsbestuur			
BMAN111	Inleiding tot Ondernemingsbestuur		12
BMAN121	Algemene Bestuur		12
BMAN211	Inleiding tot Bemerkingsbestuur		16
BMAN212	Entrepreneuriese Vaardighede		16
BMAN221	Aankope Bestuur		16
BMAN222	Entrepreneuriese Geleenthede		16
BMAN311	Finansiële Bestuur		16
BMAN312	Entrepreneurskap		16
BMAN321	Strategiese Bestuur		16
Bemaking			
BMAR211	Dienste Bemaking		16
BMAR221	Verbruikersgedrag		16
BMAR311	Produkbesluite		16
BMAR312	Prys- en Distribusiebesluite		16
BMAR321	Bemakingsnavorsing		16
BMAR322	Geïntegreerde Bemakingskommunikasie		16
Ekonomie			
ECON111	Inleiding tot Ekonomie		12
ECON121	Basiese Mikro- en Makro-ekonomie		12
ECON211	Makro-ekonomie	ECON121 & WISN111/112/123 (40%)	16
ECON221	Mikro-ekonomie	ECON121 &	16

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
		WISN111/112/123 (40%)	
ECON311	Fiskale en Monetêre Beleid	ECON211& 221	16
ECON321	Ekonomiese Analise	ECON211	16
ECON322	Ontwikkelingsekonomie	ECON211	16
EKIP211	Internasionale Handel		16
EKIP221	Internasionale Finansiering		16
EKIP311	Internasionale Handelsgeografie		16
EKIP321	Internasionale Besigheidskommunikasie		16
EKRP211	Inleiding tot Risikobestuur		16
EKRP221	Beleggingsbestuur		16
EKRP311	Bankrisikobestuur		16
EKRP321	Finansiële Markte	WISN111/112/123	16
Regte			
IURI111	Personereg		12
IURI121	Inheemse Reg		12
IURI171	Inleiding tot die Reg		16
IURI172	Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Reg		16
IURI173	Familiereg		16
IURI174	Taal en Regskommunikasie I		16
IURI211	Strafreg		12
IURI213	Regsinterpretasie		12
IURI221	Strafreg: Besondere Misdade		12
IURI222	Arbeidsreg		12
IURI223	Fundamentele Regte		12
IURI272	Sakereg		16
IURI273	Deliktereg		16
IURI274	Taal en Regskommunikasie II	IURI 174	16
IURI311	Ondernemingsreg		12
IURI373	Kontraktereg		16
IURI321	Administratiewe Reg		
IURI412	Inleiding tot die Regsfilosofie		12
Sake-Frans			
FREB111	Elementêre Sake-Frans 1		12
FREB121	Elementêre Sake-Frans 2		12
Sake-Duits			
GERB111	Elementêre Sake-Duits 1		12
GERB121	Elementêre Sake-Duits 2	GERB111	12
Bestuursrekeningkunde			
FINM221	Finansiële Bestuur: Inleiding	ACCC121 (40%) / ACCF121 en	16

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
		WISN112 / 123	
FINM321	Finansiële Bestuur: Besluitneming en Waardasies	FINM221	16
MACC211	Bestuursrekeningkunde: Kostebegrippe, -elemente en -stelsels	ACCS111 & 121 of ACCC111 & 121 of ACCF111 & 121	16
MACC221	Bestuursrekeningkunde: Kostegedrag en Besluitnemingstegnieke	MACC211 (40%)	16
MACC311	Bestuursrekeningkunde: Beplanning en Beheer	MACC211 & 221	16
Bedryfsielkunde			
IOPS111	Inleiding tot die Bedryfsielkunde		12
IOPS121	Beroepsgesondheid en Ergonomika		12
IOPS211	Personeelsielkunde		16
IOPS221	Loopbaansielkunde		16
IOPS311	Organisasiesielkunde		16
IOPS321	Psigometrie en Navorsingsmetodologie		16
Arbeidsverhoudingebestuur			
LARM111	Inleiding tot Werksplekverhoudinge		12
LARM211	Beroepsbestuur		16
LARM221	Werkgroepsdinamika		16
LARM311	Teorie en Praktyk van Arbeidsverhoudinge		16
LARM321	Bestuur van Arbeidsverhoudinge		16
LARM322	Konflikbestuur		16
HRMA122	Die Funksies van Mensehulpbronbestuur		12
Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels			
ITRW112	Inleiding tot Programmering		12
ITRW123	Grafiese koppelvlakprogrammering I	ITRW112 of ITSP113	12
ITRW211	Grafiese koppelvlakprogrammering II	ITRW123	8
ITRW213	Stelselontleding en -ontwerp I	ITRW123	16
ITRW225	Stelselontleding en -ontwerp II	ITRW213	16
ITRW311	Databasisse I	ITRW225 (IT) ITRW222 (BWI)	16
ITRW321	Databasisse II	ITRW311	16
Kommunikasiestudies			
KCOM226	Sake kommunikasievaardighede		12
Mensehulpbronbestuur (Bedryfsielkunde en Bedryfsosiologie)			
PSDT111	Professionele Vaardighede Ontwikkeling		12
Handelsreg			
MLAW111	Inleiding tot Kontrakte en Besigheidsreg		12

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
MLAW121	Handelsreg: Besigheidsvorme		12
MLAW211	Handelsreg: Gevorderde Maatskappyereg	MLAW121	12
Professionele Etiek			
PETH211	Professionele Etiek vir Rekenmeesters		12
Sielkunde			
PSYC121	Sosiale- en Gemeenskapsigologie		12
PSYC211	Ontwikkelingspsigologie		16
PSYC212	Persoonlikheidspsigologie		16
PSYC311	Psigopatologie		16
Rekreasiebestuur			
MBXR217	Sportbestuur		8
MBXR218	Sportkommersialisering, -ontwikkeling en -reg		16
MBXR219	Sportorganisasie en -administrasie		8
RKKX113	Inleiding tot Rekreasiekunde		12
RKKX123	Inleiding tot Buitelugrekreasie		12
RKKX214	Rekreasie Leierskap		16
RKKX314	Professionele Kwessies in Rekreasiekunde		16
RKKX325	Rekreasiebestuur		16
Statistiek			
STTN111	Beskrywende Statistiek		12
STTN115	Beskrywende Statistiek en Inferensie		12
STTN125	Inleidende Waarskynlikheid Teorie	STTN115 & WISN111	12
STTN122	Inleidende Statistiek		12
STTN124	Praktiese Statistiek		12
STTN215	Waarskynlikheidsleer	WISN121 & STTN125	16
Strategie, Risikobestuur en Beheer			
STRA321	Strategie, Risikobestuur en Beheer	ACCC271 of ACCF211 & 221	12
Belasting			
TAXC211	Inleiding tot Inkomstebelasting van Maatskappy en BTW	ACCC111 & 121	12
TAXC221	Inleiding tot Inkomstebelasting van Individue en Boedelbereddering	TAXC211 (40%)	12
TAXC371	Belastingtoepassings	ACCC271 & TAXC221 (40%)	32
TAXF211	Inleiding tot Inkomstebelasting van Maatskappy	ACCF111,121 of ACCC111,121	12
TAXF221	Inleiding tot Inkomstebelasting van Individue	TAXF211 (40%)	12

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
TAXF311	Belasting van Individue en Ondernemings	TAXF221 of TAXC221 & ACCF211,221 of ACCC271	16
TAXF321	Belasting: Maatskappybelasting, Trusts en Ander	TAXF311 (40%) of TAXC371 (40%)	16
Wiskunde			
WISN111	Inleidende Algebra en Analise I	Wiskunde Graad 12 Vlak 5 (60-69%)	12
WISN112	Wiskundige Tegnieke	Wiskunde Vlak 4 (50-59%)	12
WISN121	Inleidende Algebra en Analise II	WISN111	12
WISN123	Wiskundige Tegnieke	Wiskunde Vlak 4 (50-59%)	12
Ken en Verstaan die Wêreld			
WVES221	Verstaan die Ekonomiese Wêreld		12
WVES311	Toegepaste Etiek		12
Verlengde Program Modules			
Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
ACFS111	Rekeningkunde Spesiaal		16
ACFS112	Rekeningkunde Spesiaal (GR)		16
ACFS121	Rekeningkunde Spesiaal	ACFS111 (40%)	16
ACFS 122	Rekeningkunde Spesiaal (GR)	ACFS112(40%)	16
BRSF111	Analitiese Denke		8
CTSS111	Kritiese Denke Vaardighede		8
STTF111	Grondslag Statistiek I		12
STTF121	Grondslag Statistiek II	STTF111	12
WISS112	Grondslag Wiskunde I	Graad 12 Wiskunde vlak 3 (40-49%) of Wiskundige Geletterdheid (70%)	12
WISS122	Grondslag Wiskunde II	WISS112	12

E.2.2 REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS SCIENTIAE

E.2.2.1 Studietydperk

Die minimum studietermyn vir hierdie kwalifikasie is drie jaar vir voltydse studente. Die minimum studietermyn vir die verlengde programme is vier jaar vir voltydse studente. Die maksimum studietermyn is gelyk aan die minimum studietermyn plus een jaar. 'n Student kan aansoek doen om die studietermyn te verleng.

E.2.2.2 Toelatingsvereistes

Toelating tot al die programme in hierdie kwalifikasie geskied volgens Akademiese Reël 2.2 van die Universiteit.

- 'n Student wat wil inskryf vir WISN111 moet ten minste 60% (vlak 5) behaal het in Wiskunde in die Graad 12 eksamen of ten minste 70% (vlak 6) in 'n ander eksamen in Wiskunde, wat deur die Senaat as gelykstaande aan bogenoemde beskou word.

Studente wat nie aan hierdie vereistes voldoen nie, maar wat ten minste 50% (vlak 4) in die Graad 12 eksamen of ten minste 60% (vlak 5) in 'n ander eksamen, wat deur die Senaat as gelykstaande aan bogenoemde beskou word, behaal het, sal toegelaat word om 'n opknappingskursus by te woon in Wiskunde. Hierdie opknappingskursus sal in Januarie aangebied word deur die Skool vir Inligtingstechnologie. Indien genoemde studente goed genoeg presteer in die toetse wat deur die loop van die kursus geskryf word, sal hulle oorweeg word vir keuring vir studies in Wiskunde modules vir die BSc kwalifikasie.

- 'n Student wat wil inskryf vir Wiskundige Tegnieke (WISN 112, WISN 123) / Basiese Wiskundige Tegnieke (WISN 113) moet ten minste 50% (vlak 4) behaal in Wiskunde in die Graad 12 eksamen of ten minste 60% (vlak 5) in 'n ander eksamen, wat deur die Senaat as gelykstaande aan bogenoemde beskou word.

Opmerkings:

Voornemende studente wat nie aan die graad 12 vereistes voldoen om vir WISN111 te registreer nie, en wie ook nie die opknappingskursus bygewoon het nie, mag toelating tot WISN111 in die tweede studiejaar verkry deur die gepaste module in Wiskundige Tegnieke (WISN112, WISN123) te slaag, op voorwaarde dat studente wat langs hierdie weg toelating tot programme verkry wat andersins ontoeganklik sou wees, moet in gedagte hou dat hulle moontlik nie hulle studies in die minimum tydperk sal kan voltooi nie.

E.2.2.3 Uitkomst

a) Algemeen

Aan die einde van die studie is die student in staat om die basiese kennis en tegnieke van die kernvakke van die kurrikulum wat hy voltooi het, te integreer om verskynsels in die natuur wat met die kernvakke van die kurrikulum verband hou te ondersoek en gepaardgaande probleme op te los.

b) Kennis

Die student sal 'n deeglike kennis van die kernvakke van die kurrikulum wat voltooi is besit, sodat die kennis toegepas kan word en die fisiese werklikheid in terme van hierdie kennis verstaan kan word. Die student sal gereed wees om met nagraadse studie in een van die kernvakke voort te gaan.

c) Vaardighede

Die student sal die volgende vaardighede ontwikkel het:

- die vermoë om kennis en inligting te ontsluit, elektronies en andersins ter voorbereiding van lewenslange leer;
- die vermoë om wiskundig-analitiese en wiskundig-numeriese data-verwerking, probleemoplossing en modellering te doen;
- die vermoë om wetenskaplike inligting te verwerk, evalueer en daarvoor verslag te doen;
- waar van toepassing, basiese laboratoriumvaardighede;
- die vermoë om in 'n groep te werk en, waar nodig, leierskap uit te oefen / te aanvaar.

d) Waardes

Die student moet die volgende waardes aangeleer het:

- begrip vir die normatiewe aspekte van wetenskapsbeoefening en die nastreef daarvan om sodoende 'n verantwoordelike teenoor die medemens en omgewing in wetenskaplike ondersoeke te openbaar;
- wetenskaplike eerlikheid en integriteit;
- verbondenheid;
- toerekenbaarheid (ICARUS).

E.2.2.4 Artikulasie

- a) 'n Student wat 'n kurrikulum met sukses geslaag het en bevredigend presteer het, sal toegelaat word om dadelik in te skryf vir 'n honneursgraad in een van die betrokke kurrikulum se kernmodules. In geval van sekere kernmodules daarna ook vir 'n meestersgraad.
- b) Krediete sal toegestaan word vir modules wat in ander fakulteite en by ander universiteite geslaag is, op voorwaarde dat sulke modules bydra tot die uitkomst en totale kredietvereistes van die betrokke kurrikulum.
- c) Met die basiese en toegepaste vaardighede wat die student verwerf met hierdie kwalifikasie in die wiskunde-, rekenaar- en natuurwetenskap-dissiplines sal hy/sy voorbereid wees vir verdere studie by ander instellings en in verskeie gespesialiseerde vakgebiede.

E.2.2.5 Lys van modules

Modulekode	Besrywende naam	Voorvereistes	Krediete
Rekenmeesterskap			
ACCC111	Rekeningkunde: Raamwerk, Grondslae, Siklus en Finansiële verslagdoening	Wiskunde vlak 5 (60-69%) en Rekeningkunde vlak 4 (50-59%)	16
ACCC121	Rekeningkunde: Inleidende Korporatiewe Rekeningkunde	ACCC111 of ACCF111 (65%)	16
ACCF111	Finansiële Rekeningkunde: Basiese Konsepte, Rekeningkundige Stelsels en Elementêre Finansiële Verslagdoening	Wiskunde vlak 3 (40-49%)	16
ACCF121	Finansiële Rekeningkunde: Elementêre Finansiële Verslagdoening, Venootskappe, Beslote Korporasies en Maatskappye	ACCF 111 (40%) of ACCC111 (40%) of ACCS 111 (65%)	16
ACCF211	Finansiële Rekeningkunde: Finansiële Verslagdoening	ACCF111, 121 of ACCC111, 121	16
ACCF221	Finansiële Rekeningkunde: Spesiale Onderwerpe en Elementêre Groepstate	ACCF211 (40%) of ACCC271 (40%)	16
Finansiële Rekeningkunde Spesiaal			
ACCS111	Finansiële Rekeningkunde (Spesiaal): Basiese konsepte, Rekeningkundige siklus en Rekeningkundige stelsels		16
ACCS121	Finansiële Rekeningkunde (Spesiaal): Finansiële verslagdoening, Ontleding en vertolking van finansiële state	ACCS111 (40%)	16
Akademie Geletterdheid			
AGLA/E111	Akademie Geletterdheid	TALL toets	12
AGLA/E 121	Akademie Geletterdheid	AGLA/E111 of TALL toets	12
Ondernemingsbestuur			
BMAN111	Inleiding tot Ondernemingsbestuur		12
BMAN222	Entrepreneuriese Geleentheid		16
Bedryfswiskunde			
BWIA111	Inleiding tot Finansiële Wiskunde		12
BWIA121	Inleiding tot Aktuariële Wetenskap	BWIA111&WISN111	12
BWIA271	Finansiële Wiskunde	BWIA121&WISN121	32

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
BWIA313	Aktuariële Statistiese Modelle	BWIA 271	24
BWIN321	BWI projek: Kapitaalmarkte Modelling en Analise	BWIA313, STTN315	16
Ekonomie			
ECON111	Inleiding tot Ekonomie		12
ECON121	Basiese Mikro- en Makro- ekonomie		12
ECON211	Makro-ekonomie	ECON121 & WISN111/113	16
ECON221	Mikro-ekonomie		16
ECON311	Fiskale en Monetêre Beleid		16
ECON321	Ekonomiese Analise	ECON211	16
Risikobestuur			
EKRP211	Inleiding tot Risikobestuur		16
EKRP221	Korporatiewe Finansiering		16
EKRP311	Bankrisikobestuur		16
EKRP321	Finansiële Markte	WISN111/112/123	16
Finansiële Bestuur			
FINM221	Finansiële Bestuur: Inleiding	ACCC121/ACCF121 (40%) en WISN111/112/123	16
Inligtingstegnologie en Rekenaarwetenskap			
ITRW112	Inleiding tot Programmering		12
ITRW123	Grafiese Koppelvlakprogrammering I	ITRW112 of ITSP113	12
ITRW124	Programmering I	ITRW112 of ITSP114	12
				BWIA271 (H)	32		
Totaal Jaarvlak 1	140	Totaal Jaarvlak 2	140	Totaal Jaarvlak 3	116	Totaal Jaarvlak 4	136
Totale krediete vir die kurrikulum							532

E.3.4.17 Kurrikulum: Data-ontginning/Besigheidsanalise (200 168 - N136V)

Jaarvlak 1		Jaarvlak 2		Jaarvlak 3	
Eerste semester		Eerste semester		Eerste semester	
Modulekode	Kr	Modulekode	Kr	Modulekode	Kr
*ACCS/ACCF111	16	ITRW212 (H)	16	ITRW317 (H)	16
		ITRW213 (H)	16	ITRW311 (H)	16
BWIA111 (H)	12	ITRW214 (H)	16	STTN315 (H)	32
ECON111	12	STTN215 (H)	16		
ITRW112 (H)	12	WISN211	8		
STTN115 (H)	12	WISN212	8		
WISN111	12	WVES311	12		
Totaal eerste semester	76	Totaal eerste semester	92	Totaal eerste semester	64
Jaarvlak 1		Jaarvlak 2		Jaarvlak 3	
Tweede semester		Tweede semester		Tweede semester	
Modulekode	Kr	Modulekode	Kr	Modulekode	Kr
*ACCS/ACCF121	16	ITRW222 (H)	16	ITRW325 (H)	16
AGLA/E 121	12	STTN225 (H)	16	ITRW321 (H)	16
BWIA121 (H)	12	TGWN223	8	STTK321 (H)	24
ECON121	12	WISN226	8	STTK322 (H)	8
ITRW124 (H)	12	WVES221	12		
STTN125 (H)	12	ITRW123 (H)	12		
WISN121	12				
Totaal tweede semester	88	Totaal tweede semester	72	Totaal tweede semester	64
Totaal Jaarvlak 1	164	Totaal Jaarvlak 2	164	Totaal Jaarvlak 3	128
Totale krediete vir die kurrikulum					452
* Studeute wat nie graad 12 Rekeningkunde het nie, moet vir ACCS111 & 121 registreer					

E.3.4.18 Kurrikulum: Data-ontginning Verlengde Program (200 198 - N302V)

Jaarvlak 1		Jaarvlak 2		Jaarvlak 3		Jaarvlak 4	
Eerste semester		Eerste semester		Eerste semester		Eerste semester	
Modulekode	Kr	Modulekode	Kr	Modulekode	Kr	Modulekode	Kr
ACFS111	16	BWIA111 (H)	12	ITRW214 (H)	16	ITRW311 (H)	16
ECON111	12	ITRW212 (H)	16	STTN215 (H)	16	ITRW317 (H)	16
ITRW112 (H)	12	ITRW213 (H)	16	WISN211	8	STTN315 (H)	32
STTF115	12	STTF215	16	WISN212	8		
WISS111	12	WISN111	12	VWES311	12		
Totaal eerste semester	64	Totaal eerste semester	72	Totaal eerste semester	60	Totaal eerste semester	64
Jaarvlak 1		Jaarvlak 2		Jaarvlak 3		Jaarvlak 4	
Tweede semester		Tweede semester		Tweede semester		Tweede semester	
Modulekode	Kr	Modulekode	Kr	Modulekode	Kr	Modulekode	Kr
ACFS121	16	BWIA121 (H)	12	ITRW325 (H)	16	ITRW321 (H)	16
AGLA/E121	12	ECON121	12	STTN225 (H)	16	STTK321 (H)	24
ITRW123 (H)	12	ITRW222 (H)	16	TGWN223	8	STTK322 (H)	8
ITRW124 (H)	12	STTF225	16	WISN226	8		
STTF125	12	WISN121	12	VWES221	12		
WISS121	12						
Totaal tweede semester	76	Totaal tweede semester	68	Totaal tweede semester	60	Totaal tweede semester	48
Totaal Jaarvlak 1	140	Totaal Jaarvlak 2	140	Totaal Jaarvlak 3	120	Totaal Jaarvlak 4	112
Totale krediete vir die kurrikulum							512

E.4. MODULE-UITKOMSTE

E.4.1. MODULE-UITKOMSTE: BACCALAUREUS COMMERCII

Modulekode: ACCC111	Semester: 1	NKR-vlak: 5
Titel: Rekeningkunde: Raamwerk, Grondslae, Siklus en Finansiële Verslagdoening		
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none">• die basiese kennis van die beginsels van die rekeningkundige siklus, insluitend die teboekstelling van transaksies en aansuiwerings, vanaf die brondokumente, in hulpjoernale/hulp grootboeke en die algemene grootboek van die entiteit te demonstreer;• die rekeningkundige raamwerk en die basiese elemente van finansiële state, insluitend die erkenning en metingskriteria te verstaan;• die basiese stel finansiële state, insluitend die basiese openbaarmaking in die aantekeninge, in die korrekte formaat, gebaseer op die inligting vanuit die proefbalans of algemene grootboek, te kan opstel;• versekeringswinste/verliese te bereken en te boek te stel en• finansiële state voor te berei wanneer 'n stel onvolledige rekords ontvang word.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		
Modulekode: ACCC121	Semester: 2	NKR-vlak: 5
Titel: Rekeningkunde vir Verskillende Entiteite		
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none">• die definisies, erkennings- en metingskriteria van die verskillende elemente van finansiële state sowel as die beginsels van aanbidding van finansiële state in 'n gegewe situasie te kan toepas;• te kan onderskei tussen verskillende vorme van entiteite, insluitend alleen-eienaars, vennootskappe, maatskappye en beslote korporasies, en ook transaksies in die rekords van elk van hierdie entiteite te boek te kan stel;• inligtingstegnologie effektief te kan gebruik in die te boekstelling van transaksies in die rekords van 'n entiteit;• effektief te kan saamwerk met ander as deel van 'n groep of 'n span.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		
Modulekode: ACCC271	Jaarmodule	NKR-vlak: 6
Titel: Rekeningkunde: Korporatiewe Rekeningkunde en Inleiding tot IFRS en Groepstate		
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none">• die basiese beginsels van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS), asook die interaksie tussen mekaar, te verstaan en interpreteer;• basiese konsolidasie van 'n houer en een filiaal uit te voer;• deur middel van sigblaai en ander rekenkundige sagteware berekeninge uit te voer en finansiële state voor te berei;• aktiwiteite te organiseer en te bestuur op 'n verantwoordelike en effektiewe manier.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		

Modulekode: ACCC371	Jaarmodule	NKR-vlak: 7
Titel: Rekeningkunde: Komplekse Korporatiewe Rekeningkunde (insluitende groepstate) en IFRS		
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> • 'n komplekse konsolidasie van 'n moeder en een of meer filiale uit te voer; • 'n belegging in 'n geassosieerde entiteit of 'n gesamentlike onderneming te verantwoord; • 'n stel finansiële state wat ten volle aan Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) voldoen opstel, insluitend 'n bespreking van die korrekte rekeningkundige hantering van transaksies en die teboekstelling van transaksies; • inligtingstegnologie in die rekeningkunde-/auditprofessie doeltreffend te gebruik; • probleme te identifiseer en op te los waar die respons bewys lewer van kritiese en kreatiewe denke; • inligting te versamel, analiseer, organiseer en evalueer. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		
Modulekode: ACCF111	Semester: 1	NKR-vlak: 5
Titel: Finansiële Rekeningkunde: Basiese Konsepte, Rekeningkundige Stelsels en Elementêre Finansiële Verslagdoening		
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> • die doel en funksie van rekeningkunde te verduidelik; • 'n duidelike begrip van die rekeningkundige vergelyking te toon; • joernale, grootboeke, hulp-grootboeke en kontrolerekeninge op te stel; • bankrekonsiliasies voor te berei; • versekeringseise ten opsigte van voorraadverliese te bereken; • transaksies te boekstaaf en finansiële state vir eenmansake op te stel. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		
Modulekode: ACCF121	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel: Finansiële rekeningkunde: elementêre finansiële verslagdoening, vennootskappe en maatskappye		
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> • transaksies te boekstaaf in die rekeningkundige rekords, Ontvangs- en Betalingstaat, Staat van omvattende inkomste (inkomstestaat) en Staat van finansiële posisie (balansstaat) op te stel vir nie handeldrywende organisasies; • finansiële jaarstate van vennootskappe op te stel; • finansiële jaarstate van beslote korporasies op te stel volgens die vereistes van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS); en • 'n duidelike begrip van verskillende tipes aandele te toon, transaksies ten opsigte van die uitreiking en aflossing van aandele te boekstaaf en elementêre finansiële state van maatskappye op te stel. • 'n staat van kontantvloei te kan voorberei. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		
Modulekode: ACCF211	Semester: 1	NKR-vlak: 6
Titel: Finansiële Rekeningkundigen:Elementêre Finansiële Verslagdoening		
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module, behoort die student sy/haar kennis te demonstree van: <ul style="list-style-type: none"> • Konseptuele Raamwerk; • Internasionale Verslagdoeningstandaard/International Accounting Standard (IAS) 1 Aanbieding van finansiële state; • IAS 7 Staat van kontantvloei; • IAS 16 Eiendom, aanleg en toerusting; • IAS 40 Beleggingseiendom; en 		

<ul style="list-style-type: none"> • Onvolledige rekords om te skakel in behoorlike finansiële rekords wat gebaseer is die dubbelinskrywingstelsel en om die finansiële jaarstate van die onderneming op te stel deur die inligting wat uit onvolledige rekords verkry is, te rekonstrueer. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Modulekode: ACCF221	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Finansiële Rekeningkunde: Spesiale Onderwerpe en Elementêre Groepstate		
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module, behoort die student sy/haar kennis te demonstree van: <ul style="list-style-type: none"> • IAS 2 Voorraad; • IFRS 15 Inkomste van kontrakte met kliënte; • IAS 37 Voorsienings, voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates; • IAS 17 Hure; en • Basiese konsolidasie transaksies en verantwoording. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf.		
Modulekode: ACCF 311	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Finansiële Rekeningkunde: Groepstate en Inleiding tot Internasionale Finansiële Verslagdoening Standaard (IFRS)		
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module, behoort die student sy/haar kennis te demonstree van: <ul style="list-style-type: none"> • toepaslike konsolidasie transaksies uit te voer ten opsigte van 'n houermaatskappye en 'n enkele filiaal; • gekonsolideerde finansiële state en aantekeninge daartoe; • sy/haar kennis te demonstree van die missie en doelwitte van die IASB, die reikwydte van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS), ontwikkelingsprosesse vir IFRS en interpretasies daarvan, beleide en effektiewe datums, formate, en taal ten opsigte van IFRS; • IAS 1 Aanbieding van finansiële state; • IAS 8 Verandering in rekeningkundige ramings, rekeningkundige beleid en regstelling van foute; • IAS 10 Gebeure na die verslagdoeningstydperk; • IAS 12 Inkomstebelasting; en • IAS 37 Voorsienings, voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		
Modulekode: ACCF 321	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Finansiële Rekeningkunde: Internasionale Finansiële Verslagdoening Standaard (IFRS)		
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module, behoort die student sy/haar kennis te demonstree van: <ul style="list-style-type: none"> • IFRS 15 Inkomste van kontrakte met kliënte; • IAS 23 Leenkoste; • IAS 16 Eiendom, aanleg en toerusting; • IAS 36 Waardedaling in bates • IAS 38 Ontasbare bates; • IAS 40 Beleggingseiendom; • IAS 17 Hure; en • Basiese finansiële instrumente. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf.		

Modulekode: ACCS11	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Finansiële rekeningkunde (spesiaal) Basiese konsepte, rekeningkundige siklus en rekeningkundige stelsels		
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • die doel en funksie van rekeningkunde te kan verduidelik; • deeglike kennis van die rekeningkundige vergelyking te demonstreeer • transaksies in joernale, grootboekrekenings en kontrolerekenings te kan aanteken; • 'n rekeningkundige stelsel vir 'n spesifieke onderneming te kan ontwerp; en • elementêre finansiële state vir 'n eenmansaak te kan opstel. 		
Metode van aflewering: Voltyds en deelyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		
Modulekode: ACCS121	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel: Finansiële rekeningkunde (spesiaal) Bankrekonsiliasie, elementêre finansiële verslagdoening, elementêre ontleding en vertolking van finansiële state		
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • transaksies in die kontantontvangste en betalingsjoernale aan te teken en 'n bankrekonsiliasiestaat op te stel; • die staat van omvattende inkomste (inkomstestaat), staat van finansiële posisie (balansstaat) en staat van verandering in ekwiteit vir 'n eenmansaak op 'n algemeen aanvaarbare formaat op te stel; en • finansiële verhoudings te kan identifiseer en die doel daarvan te verduidelik en toe te pas in die ontleding en vertolking van die likwiditeit, winsgewendheid en solvabiliteit van ondernemings. 		
Metode van aflewering: Voltyds en deelyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		
Modulekode: ACMP311	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Rekenaartoe toepassings in rekenmeesterskap:		
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module, behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • die behoefte aan toegang tot inligting verstaan; • finansiële verslagdoening deur die gebruik van IT daarstel of verbeter; • te verstaan hoe IT 'n rekenmeester se daaglikse funksies en roetines affekteer; • toepaslike IT-stelsels / -hulpmiddels op besigheidsrekeningkundige probleme (insluitend sigblaaie, CAATS, Internet, navorsing) toe te pas; en • 'n begrip te demonstreeer van besigheid en rekeningkundige stelsels (insluitend rekeningkundige pakkette, LAN's en e-handel) 		
Metode van aflewering: Voltyds en deelyds		
Assesseringsmetode: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		
Modulekode: AGLA111	Semester 1	NKR-vlak: 5
TITEL: Inleiding tot Akademiese Geletterdheid		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • basiese kennis van leerstrategieë, akademiese woordeskat en register asook die lees en skryf van akademiese tekste te demonstreeer ten einde doeltreffend binne die akademiese omgewing te funksioneer; • op gepaste wyse binne 'n akademiese omgewing effektief mondelings en skriftelik as individu en as lid van 'n groep te kan kommunikeer; • basiese akademiese tekste te verstaan, interpreteer, evalueer en op koherente wyse toepaslike akademiese genres te kan skryf deur gebruik te maak van akkurate en toepaslike akademiese konvensies; en • binne 'n etiese raamwerk akkuraat, vlot en toepaslik te kan luister, praat, lees, skryf en leer. 		
Metode van aflewering: Voltyds en deelyds		
Assesseringsmetodes:		
<ul style="list-style-type: none"> • Toetse en werkstukke – gewig: 60% • Semestereksamen: 1x2 uur – gewig 40% 		

Modulekode: AGLA121	Semester: 2	NKR-vlak :5
TITEL: Akademiese Geletterdheid		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • oor fundamentele kennis beskik van toepaslike rekenaarprogramme, leer-, luister-, lees- en skryfstrategieë kan toepas, akademiese taalregister kan gebruik en akademiese tekste kan lees en kan skryf, ten einde doeltreffend binne die akademiese omgewing te kan funksioneer; • as 'n individu en as lid van 'n groep effektief mondelings en skriftelik op 'n etiese verantwoordelike en toepaslike wyse kan kommunikeer in 'n akademiese omgewing; en • wetenskaplike inligting binne 'n verskeidenheid studierterreine as individu en in groepsverband kan soek en versamel, tekste kan ontleed, interpreteer, evalueer en op koherente wyse sintetiseer en oplossings voorstel in toepaslike akademiese genres deur gebruikmaking van linguistiese konvensies soos gebruik in formele taalregisters.. 		
Metode van aflewering: Voltyds en deelyds		
Assesseringsmetodes: Hierdie is 'n riglyn en kan verander <ul style="list-style-type: none"> • Toetse en werkstukke – gewig: 60% • Semestereksamen 1x2 uur – gewig: 40% 		
Modulekode: AUDF211	Semester: 1	NKR-vlak :6
Titel: Finansiële Ouditkunde – Inleiding tot die auditproses		
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om kennis, begrip en die praktiese toepassing te demonstreeer in verband met:		
<ul style="list-style-type: none"> • die doelwitte en beginsels van toepassing op die audit van finansiële state; • die raamwerk vir gerusstellings-aanstellings; • die beplanning van die audit; • die raamwerk vir interne beheer, beheeraktiwiteite en risikobeoordelingsprosedures; • stawings auditprosedures en auditbewyse; • verantwoordelikhede in verband met foute en bedrog; en • die oorweging van wetgewing en regulering in 'n auditomgewing. 		
Metode van aflewering: Voltyds en deelyds		
Assesseringsmetode: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf .		
Modulekode: AUDF221	Semester: 2	NKR-vlak :6
Titel: Finansiële Ouditkunde – Toepassing van auditbeginsels		
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om kennis, begrip en die praktiese toepassing te demonstreeer in verband met:		
<ul style="list-style-type: none"> • die vloei van inligting binne transaksiesiklus; • interne kontrole oorwegings van toepassing op die ouditeur; • die audit van spesifieke items en finansiële staat-stellings; en • verslagdoening binne die auditomgewing. 		
Metode van aflewering: Voltyds en deelyds		
Assesseringsmetode: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		
Modulekode: AUDF311	Semester :1	NKR-vlak :7
Titel: Finansiële Ouditkunde – Korporatiewe beheer en etiese beginsels		
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om kennis, begrip en die praktiese toepassing te demonstreeer in verband met:		
<ul style="list-style-type: none"> • die statutêre en korporatiewe beheer oorwegings van toepassing op ouditaanstellings; • die professionele en etiese verantwoordelikhede van die ouditeur; 		
Metode van aflewering: Voltyds en deelyds		
Assesseringsmetode: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf.		

Modulekode: AUDF321	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Finansiële Ouditkunde – Die ouditproses en die toepassing van ouditagnieke		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om kennis, begrip en die praktiese toepassing te demonstreeer in verband met:		
<ul style="list-style-type: none"> • oorhoofse ouditbeplanning en risikobeoordeling; • die verkryging van ouditbewyse en steekproefneming; • die invloed van gebeurtenisse na verslagdoeningsdatum; • lopende saak oorwegings; en • die finalisering van die oudit. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetode: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf .		
Modulekode: AUDT211	Semester: 1	NKR-vlak : 6
Titel: Ouditkunde: Die Ouditeur en die Ouditproses		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om:		
Met betrekking tot die ouditprofessie in Suid-Afrika:		
<ul style="list-style-type: none"> • Verduidelik die nodigheid van 'n oudit; • Onderskei tussen die verskillende tipes oudits en ouditeure; • Verstaan die verskil tussen die regulerende en die professionele verenigings wat die ouditprofessie reguleer, sowel as die funksies van elk; • Bespreek die doel van 'n oudit, algemene beginsels van toepassing op 'n oudit sowel as die mate van gerusstelling wat 'n oudit aan gebruikers van finansiële state gee; • Bespreek die kwaliteitsbeheerproses wat van toepassing is by die uitvoering van 'n oudit; en • Bespreek die doel, struktuur en inhoud van ouditdokumentasie aan die hand van ISA 230R. 		
Met betrekking tot die ouditproses:		
<ul style="list-style-type: none"> • Bespreek die verskillende stappe waaruit die ouditproses bestaan; • Ken en bespreek die vereistes waaraan elke stap van die ouditproses moet voldoen aan die hand van internasionale ouditstandaarde; • Toepassing van beginsels met betrekking tot elke stap van oudit op 'n praktiese feite stelling. 		
Met betrekking tot foute en bedrog:		
<ul style="list-style-type: none"> • Ken die verantwoordelikhede van die ouditeur, spesifieke ouditprosedures, sowel as die reaksie van die ouditeur rakende foute en bedrog aan die hand van ISA 240 ; • Ken die definisie van 'n rapporteerbare onreëlmatigheid soos omskryf deur die Wet op die Ouditprofessie, vir identifisering van 'n gevallestudie; en • Ken die pligte van die ouditeur rakende die rapportering van 'n rapporteerbare onreëlmatigheid ooreenkomstig die Wet op die Ouditprofessie. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		

Modulekode: AUDT221	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Ouditkunde		
<p>Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: Die funksionering van die verskillende bedryfstelsels van 'n onderneming te verstaan, met spesifieke verwysing na:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die organisasiestruktuur en verantwoordelikhede van personeellede; • die gebruik van brondokumente; • die vloei van inligting en transaksies; • toesighoudende en kontrole prosedures wat uitgevoer moet word. <p>Ouditprosedures wat uitgevoer moet word by die verifikasie van verskillende finansiële staat items te kan toepas, met spesifieke verwysing na:</p> <ul style="list-style-type: none"> • ouditdoelwitte van toepassing; • identifisering van ouditrisiko's; • ontwerp van auditprosedures; • interpretasie van resultate; • maak van gevolgtrekkings. <p>'n Toepaslike ouditverslag vir gebruik deur finansiële staat gebruikers te kan formuleer. Ken en verstaan die verantwoordelikhede van ouditeure aangaande wesenlike ongerymdhede met kliënte</p>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester		
Modulekode: AUDT371	Jaar Module	NKR-vlak: 7
Titel: Ouditkunde: Ouditproses en Maatskappyereg toepassings		
<p>Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verstaan & implementeer die stappe van die oudit proses in 'n hand en gerekenariseerde omgewing as ook die vereistes van toepassing op die Maatskappy wet van 2008. • Bespreek bestuur se interne kontroles in 'n rekenaar omgewing, spesifiek met betrekking tot algemene en toepassings kontroles • Maak aanbevelings aan bestuur, gebaseer op die oudit bevindinge ten opsigte van verwante aangeleenthede op 'n professionele wyse om kommunikasie vaardigheid te illustreer. • Feitelike situasies in gesimuleerde ouditomstandighede te analyseer en interpreteer • Maatskappywet beginsels en geselekteerde standpunte te verstaan en toe te pas • Tegnieese vaardighede en terme te kan gebruik in professionele kommunikasie • 'n Ouditmening te formuleer en 'n toepaslike ouditverslag te skryf • In groepsverband te kan werk 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		
Modulekode: BMAN 111	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Inleiding tot Ondernemingsbestuur		
<p>Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende en sistematiese kennis van die aard van ondernemingsbestuur, oprigtingsvraagstukke van 'n nuwe onderneming, die verskillende ondernemingsfunksies en die basiese elemente van 'n ondernemingsplan te demonstree; • vaardighede te demonstree gebaseer op insig van teorieë en konsepte, om oprigtingsvraagstukke van nuwe ondernemings te identifiseer, om verskillende ondernemingsfunksies te identifiseer en om 'n basiese SSGB analise en ondernemingsplan op te stel; • 'n literatuurstudie en omgewingsoorsig te kan uitvoer, 'n basiese verslag te kan voorberei as individu of as lid van 'n span en die verslag te kan kommunikeer, skriftelik sowel as mondelings tot 'n gehoor. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50 Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		

Modulekode: BMAN121	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Algemene Bestuur		
<p>Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • bestuur in verskillende kontekste te kan gebruik; • 'n bestuursingesteldheid te toon; • verslag te kan doen oor bestuur en bestuurders in 'n veranderende wêreld; • die onderliggende beginsels van beplanning te verstaan en te kan gebruik; • organisasiestruktuurontwerp te kan doen en die menslike hulpbronproses te verstaan; • te verstaan hoe om aan werknemers leiding te gee en werknemers te vergoed; • die beginsels van beheer in sake-situasies te kan toepas; • sy/haar kennis in besluitneming te kan toepas; • vertrouwd te wees met die bestuur van verandering, stres en innovasie, motivering, leierskap en vertroue; • sinvol as deel van 'n span te kan funksioneer; • doelwitbestuur te kan evalueer en toepas; • 'n etiese benadering in alle werksaamhede te kan toon; • doeltreffend op 'n individuele grondslag en in groepe te kan kommunikeer; • ten minste die helfte van sy/haar opdragte in Engels, die sakewêreldtaal, te kan doen. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
<p>Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50 Hierdie is 'n riglyn en mag verander.</p>		
Modulekode: BMAN211	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Inleiding tot Bemerkingsbestuur		
<p>Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die aard van bemerkingsbestuur te verstaan; • 'n oorsig van die bemerkingsomgewing te kan weergee en verstaan; • die rol van bemerkingsinligting in die bemerkingsproses te kan verduidelik; • die begrip 'bemarkingsnavorsing' akkuraat te kan omskryf; • bemarkingsnavorsing as instrument om inligting in te samel vir probleemoplossing te kan verduidelik; • verbruikersgedrag en verbruikerbesluitneming voldoende te kan verduidelik; • die proses van marksegmentering, teikenmarkbepaling en posisionering te verstaan en te kan verduidelik; • die komponente van die bemerkingsmengsel te kan verduidelik. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
<p>Assesseringsmetodes: Formatief: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50 Hierdie is 'n riglyn en mag verander.</p>		
Modulekode: BMAN212	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Entrepreneuriese Vaardighede		
<p>Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • te weet hoe om tot hulpbronne benodig vir 'n suksesvolle bestuurs- / entrepreneurskap-loopbaan toegang kan kry; • geleenthede in verskillende bedrywe en studieverdele te kan ontdek; • sy/haar belangstellings, persoonlikheid, talente en waardes te kan ontdek en dit in verband te bring met die gekose bedryf en loopbaanvelde; • 'n persoonlike ontwikkelingsplan met 'n visie en doelstellings te kan ontwikkel; • inkomste en uitgawes wys te kan beplan en die gebruik van syfers in die alledaagse lewe te verbeter; • sy/haar persoonlike ontwikkelingsplan te kan implementeer deur aan verskillende gehore te kommunikeer wat geleer is, funksionele geletterheid te verbeter, relevante terugvoer te kan ontvang en gee, homself/haarself beter te kan verstaan en kan uitdruk, om sy/haar emosies te verstaan, selfbeheer te kan toepas, goeie interpersoonlike vaardighede te kan demonstreer en funksionele 		

besigheidstaal effektief te kan gebruik.		
Metode van aflewering: Voltyds en Deelyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50 Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: BMAN 221	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Aankoopbestuur		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n oorsig te kan gee oor aankoopbestuur; • te verstaan hoe om die voorsieningsbronne te bestuur met klem op die keuse van verskaffers; • die sleutel prestasie-areas van aankoop en voorsiening te kan bepaal; • die instrumente wat in die bestuur van aankope en voorsiening en elektroniese inligting gebruik word te kan identifiseer; • die areas van toepassing in aankope en voorsiening te kan identifiseer en verstaan. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deelyds		
Modulekode: BMAN222	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Entrepreneuriese Geleenthede		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • die term entrepreneurskap in verskillende kontekste te kan gebruik; • 'n entrepreneuriese ingestelheid te toon; • verslag te kan doen oor die elemente van entrepreneurskap; • die funksionering van die brein, breinvoorkeure en denkvaardighede te verstaan; • sy/haar denke en selfspraak te kan bestuur; • struikelblokke te identifiseer en te weet hoe om dit te oorkom; • omgewings te kan evalueer en geleenthede vir kreatiewe toepassing op alle lewensterreine te kan identifiseer; • die eienskappe en vaardighede vir entrepreneuriese sukses te verstaan en benut; • toepaslike kreatiewe tegnieke te kan gebruik om idees te genereer en probleme op te los; • in idee-genererende spanne te kan werk; • entrepreneuriese taalgebruik te demonstree; • die vaardighede te toon wat noodsaaklik is vir kreatiewe entrepreneuriese denke; • die aanvanklike stappe te kan beplan en uitvoer om 'n oplossing of projek prakties te implementeer; • 'n etiese benadering in alle werksaamhede te toon; • doeltreffend op 'n individuele grondslag en in groepe te kan kommunikeer. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deelyds		
Assesseringsmetodes:	Formatief:	2 - 3 klastoetse; gewig – 35 1 - 2 opdragte; gewig – 20
	Summatief:	1 - 2 ander opdragte; gewig – 15 1 x 2 uur eksamen; gewig – 30
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: BMAN 311	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Finansiële Bestuur		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende en sistematiese kennis van finansiële state en kontantbestuur, vaste bates, analise van finansiële bestuur en bedryfskapitaal, tydwaarde van geld, waardasie en interne opbrengskoers, finansiële besluit en dividend beleid te kan demonstree; • vaardighede gebaseer op ingeligte insig van teorieë en konsepte, evaluering en analisering van finansiële state, berekening van alle berekenings oor die tydwaarde van geld, finansiële aspekte en die neem van besluite gebaseer op hierdie bevindinge te kan demonstree; • die vermoë om 'n literatuurstudie en omgewingsverslag uit te voer, 'n verslag oor finansiële vraagstukke voor te berei en as 'n individu of lid van 'n groep dit te kommunikeer, skriftelik of mondelings 		

aan 'n gehoor te kan demonstreeer.		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes:	Formatief:	3 klastoetse; gewig – 35 1 geïntegreerde opdrag; gewig – 10 2 klasopdragte; gewig – 5
	Summatief:	1 x 3 uur eksamen; gewig – 50
Hierdie is 'n riglyn en mag verander word.		
Modulekode: BMAN 312	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Entrepreneurskap		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • te verstaan wat entrepreneurs en entrepreneurskap behels; • die konteks van entrepreneurskap te kan gebruik; • verslag te kan doen oor hoe om te werk te gaan in die soeke na lewensvatbare idees; • onderliggende beginsels van die beplanning van 'n nuwe onderneming te verstaan en te kan gebruik; • mededingende voordeel as sleutelsukses faktor te kan toepas; • te weet hoe om 'n nuwe onderneming te organiseer; • die lansering van 'n nuwe onderneming te kan doen; • die beginsels van bestuur in sakesituasies te kan toepas; • sy/haar kennis in besluitneming te kan toepas; • vertrouwd te wees met die bestuur van die menslike hulpbron in 'n nuwe onderneming; • sinvol as deel van 'n span te kan funksioneer; • van die belangrikste gebeurlikheidsfaktore van entrepreneurskap te kan toepas; • deur middel van die gevallestudies meer van die oprigting van nuwe ondernemings te leer; • 'n etiese benadering in alle werksaamhede te toon; • doeltreffend op 'n individuele grondslag en in groepe te kan kommunikeer; • ten minste die helfte van sy/haar opdragte in Engels te kan doen – die taal van die sakewêreld. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes:	Formatief:	2 - 3 klastoetse; gewig – 30 1 - 2 opdragte; gewig – 15 1 - 2 ander opdragte; gewig – 5
	Summatief:	1 x 3 uur eksamen; gewig – 50
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: BMAN 321	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Strategiese Bestuur		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n sistematiese en teoretiese kennis van die elemente van 'n strategiese plan te demonstreeer; • die vaardighede demonstreeer om gepaste besigheidstrategieë, bedreigings en geleenthede wat bydra tot 'n gesonde besigheid, te identifiseer; • 'n strategiese plan vir 'n onderneming te kan opstel en fasiliteer. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes:	Formatief:	3 klastoetse; gewig – 25 3 opdragte, gewig – 25
	Summatief:	1 x 3 uur eksamen; gewig - 50
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		

Modulekode: BMAR211	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Dienste Bemaking		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n volledige en sistematiese kennis te demonstreeer van bemaking in 'n diensomgewing, insluitende dienskwaliteit en die dienslewingsproses, die verbruiker in die diensomgewing se gedrag en besluitnemingsproses asook die begrip van verskillende prysstrategieë en geïntegreerde bemarkingskommunikasie in die diensomgewing; • vaardighede te demonstreeer, gebaseer op konsepte en teorieë, om 'n behoorlike diensaanbod te ontwerp en te ontwikkel en in staat te wees om 'n prysstrategie te ontwikkel en te analiseer wat relevant is vir 'n bepaalde dienstemark en om met voorstelle te kom wat verhoudinge en lojaliteit met kliënte kan uitbou en om mislukkings van diensaanbiedinge te identifiseer en reg te stel; • die vermoë te demonstreeer om 'n literatuurstudie en oorsig van die diensomgewing te onderneem en op te stel om sodoende as individu of deel van 'n span skriftelik en verbaal verslag te doen oor die bemaking van dienste. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes:	Formatief:	3 klastoetse; gewig – 30 1 geïntegreerde opdrag; gewig – 20
	Summatief:	1 x 3 uur eksamen; gewig – 50
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: BMAR221	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Verbruikersgedrag		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • grondige kennis te demonstreeer van verbruikersgedrag, die verbruiker as individu, verbruikers in hulle sosiale en kulturele omgewing en die verbruiker-besluitnemingsproses; • vaardighede te demonstreeer, gebaseer op die begrip van konsepte en teorieë, om die rol van verbruikersnavorsing en marksegmentasie in verbruikersgedrag te identifiseer asook om vas te stel hoe bemakingstrategieë deur verbruikersgedrag beïnvloed word. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes:	Formatief :	3 klastoetse; gewig – 35 2 opdragte / huiswerkopdrag; gewig- 15
	Summatief:	1 x 3 uur eksamen; gewig – 50
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: BMAR311	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Produkbesluite		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n volledige en sistematiese kennis te demonstreeer van produkbesluite – die klassifikasie van produkte, nuwe produk ontwikkeling, individuele en veelseortige produkbesluite, produkposisionering en die produklewensiklus konsep – as onderdeel van die bemarkingsverskeidenheid; • vaardighede, gebaseer op 'n deeglike begrip van teorieë en konsepte, te demonstreeer ten opsigte van die identifisering en analisering van produkverwante vraagpunte in 'n gegewe gevallestudie en die aanbeveling van 'n doelmatige produkstrategie – as onderdeel van die bemarkingsverskeidenheid – om die produkverwante vraagstukke aan te pak; • die vermoë te demonstreeer om die relevante teorie en konsepte toe te pas asook om die kennis opgedoen te gebruik om produkstrategie as deel van die bemarkings-verskeidenheid aan besighede, verbaal en skriftelik, te kommunikeer as individu en as lid van 'n span. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes:	Formatief:	3 klastoetse; gewig – 35 1 geïntegreerde opdrag; gewig – 15
	Summatief:	1 x 3 uur eksamen; gewig – 50
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		

Modulekode: BMAR312	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Prys- en Distribusiebesluite		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n volledige en sistematiese kennis te demonstreeer van die belangrikheid van pryse, stappe in prysbepaling, bepaling van die finale prys, ontwerp van distribusiekanale, keuse van distribusiekanale, logistiekbestuur, bestuur van die distribusiekanale en die gedragspatrone in die distribusiekanale; • vaardighede, gebaseer op 'n deeglike begrip van teorieë en konsepte, te demonstreeer ten opsigte van prysbepaling, bepaling van die finale prys en ontwerp en bestuur van distribusiekanale; • die vermoë te demonstreeer om 'n literatuur- en omgewingstudie te onderneem ten einde probleme in prysbepaling en distribusiebestuur te identifiseer en te analiseer en met oplossings vorendag te kom in die vorm van skriftelike verslae en deur van gepaste rekenaarsagteware gebruik te maak. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes:	Formatief:	3 klastoetse; gewig – 35 1 geïntegreerde opdrag; gewig – 15
	Summatief:	1 x 3 uur eksamen; gewig – 50
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: BMAR321	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Bemerkingsnavorsing		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n volledige en sistematiese kennis te demonstreeer van die belangrikheid van die bemerkingsnavorsing probleemdefinisie, navorsingsontwerp, meting en gradering, vraelys-ontwerp, steekproefontwerp, veldwerk en data voorbereiding, ontleding en verslagdoening; • vaardighede, gebaseer op 'n deeglike begrip van teorieë en konsepte, te demonstreeer ten opsigte van die identifisering en ontleding van bemerkingsbestuur probleme en aanbeveling van oplossings deur gepaste bemerkingsnavorsingsprojekte te ontwerp en suksesvolle verslag te doen oor die resultate van hierdie projekte; • die vermoë te demonstreeer om 'n literatuur- en omgewingstudie te onderneem, navorsingsprojekte te beplan en 'n navorsingsverslag voor te berei as individu en as lid van 'n span, en die navorsingsvoorstel en -verslag verbaal en skriftelik aan 'n professionele gehoor te kommunikeer. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes:	Formatief:	3 klastoetse; gewig – 35 1 geïntegreerde opdrag; gewig – 15
	Summatief:	1 x 3 uur eksamen; gewig – 50
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: BMAR322	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Geïntegreerde Bemerkingskommunikasie		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n volledige en sistematiese kennis te demonstreeer van geïntegreerde bemerkings-kommunikasie (GBK) en van GBK as advertensie-, promosie- en integrasie-hulpmiddels; • vaardighede, gebaseer op 'n deeglike begrip van teorieë en konsepte, te demonstreeer ten opsigte van die identifisering en ontleding van die mees geskikte GBK komponente in verskillende situasies, deur 'n gepaste GBK-plan veldtog op te stel; • die vermoë te demonstreeer om 'n omstandigheidsbeskouing te onderneem, 'n GBK-veldtog te beplan en 'n navorsingsverslag voor te berei as individu en as lid van 'n span, en die veldtog en navorsingsverslag verbaal en skriftelik aan 'n professionele gehoor te kommunikeer. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes:	Formatief:	3 klastoetse; gewig – 35 1 geïntegreerde opdrag; gewig – 15
	Summatief:	1 x 3 uur eksamen; gewig – 50
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		

Modulekode: ECON111	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Inleiding tot Ekonomie		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> toegang tot bronne wat nodig is vir 'n suksesvolle bestuurs/entrepreneurskap loopbaan te verkry; geleenthede in verskillende industrieë en studieveld te ontdek; sy/haar belangstellings, persoonlikheid, talente en waardes te ontdek en in verband te bring met die gekose industrie en studieveld; 'n persoonlike ontwikkelingsplan met visie en doelstellings op te stel; inkomste en uitgawes op 'n verstandige wyse te beplan en syfervaardigheid te openbaar; sy/haar persoonlike ontwikkelingsplan te implementeer deur met verskillende gehore te kommunikeer oor wat geleer is, selfbeheer en goeie interpersoonlike verhoudings te handhaaf en besigheidstaal effektief te gebruik. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes:		
Formatief:	2 - 3 klastoetse; gewig – 35 ;	
1 - 2 opdragte; gewig – 20		1 - 2 ander opdragte; gewig – 15
Summatief:	1 x 2 uur eksamen; gewig – 30	
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: ECON121	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Basiese Mikro- en Makro-ekonomie		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> fundamentele kennis van en insig in die beginsels en teorieë waarop mikro-ekonomie, makro-ekonomie en die Eenvoudige Makro-ekonomiese Model gegrond is te demonstreer, en ook die vermoë demonstreer om begrippe en terminologie aan te wend by die beantwoording van goed-omskrewe probleme en gevallestudies; fundamentele kennis te demonstreer van die wisselwerking tussen en interafhanklikheid van ekonomiese deelnemers en ekonomiese aanwysers; vaardighede te demonstreer om gevallestudies, voorbeelde en probleme ten opsigte van bepaalde makro- en mikro-ekonomiese verskynsels te ontleed en te evalueer, met verwysing na vraag, aanbod, ewilibrum, verbruik, produksie, pryselastisiteit en verskillende vorms van mededinging; fundamentele begrip te demonstreer van die oorsake van inflasie, werkloosheid en ekonomiese groei en sy/haar kennis te gebruik om beleid in dié verband aan te beveel; vaardighede te demonstreer om die Eenvoudige Makro-ekonomiese Model in ekonomiese ontledings en voorspellings aan te wend; vaardighede te demonstreer met die versameling en verwerking van inligting vir die skryf van werkopdragte binne die raamwerk van mikro- en makro-ekonomie, individueel en in groepe. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: ECON211	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Makro-ekonomie		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> die interverwantskap in die makro-ekonomie tussen verskillende ekonomiese veranderlikes in 'n oop ekonomie te ontleed; die uitwerking van verskeie beleidstappe op die funksionering van die ekonomie op sowel die lang- as die korttermyn te beoordeel; verskillende beleidsmaatstawwe vir makro-ekonomiese probleme te identifiseer en verduidelik hoe dit toegepas kan word. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		

Modulekode: ECON221	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Mikro-ekonomie		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • grondige kennis en begrip te demonstreer van tersaaklike terme, reëls, begrippe, beginsels en teorieë om mikro-ekonomie en die toepassing daarvan in die werklikheid te beskryf; • teoriegedrewe argumente en IT-vaardighede te gebruik om as individue en/of groepe inligting aangaande mikro-ekonomiese kwessies te versamel, te organiseer, te ontleed en te vertolk; • probleemoplossingsvermoëns ten opsigte van verbruikersvraag en -keuses, markstrukture en die gedrag van mededingers, ewewigsanalises, mikro-beleid en regeringsingryping in die ekonomie in die vorm van belasting/subsidiëring te demonstreer; • bevindings en/of oplossings op samehangende en betroubare wyse aan 'n gehoor van eweknieë en akademiëci deur gebruikmaking van individuele en/of groepmetodes doeltreffend te kommunikeer. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word verskaf in die studiegids en op E-fundi.		
Modulekode: ECON311	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Fiskale en Monetêre Beleid		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • afgeronde en sistematiese kennis van markmislukking en die rol van die staat in die ekonomie te demonstreer; • as 'n individu en/of deel van 'n groep die praktiese vaardighede te demonstreer om voorvalle van markmislukking in gevallestudies te identifiseer en toepaslike vorms van staatsingryping aan te beveel; • die bekwaamheid te demonstreer om verskillende vorms van staatsingryping in die ekonomie te evalueer en aanbevelings aan beleidmakers en belanghebbendes in die vorm van skriftelike verslae en mondelinge aanbiedings met behulp van die toepaslike IT te kommunikeer. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word verskaf in die studiegids en op eFundi.		
Modulekode: ECON321	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Ekonomiese Analise		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • afgeronde en sistematiese kennis van klassieke lineêre regressie-modelle en spesifikasie-toetsing van regressie resultate te demonstreer; • as individu en/of deel van 'n groep die praktiese vaardighede te demonstreer om 'n regressiemodel met EViews-programmatuur te skat en te toets, spesifikasietoetsing te onderneem, met inbegrip van toetsing vir stasionariteit, struktuur-breuke, multikollineariteit, heteroskedastisiteit en outokorrelasie, en om oplossings te formuleer vir praktiese probleme op die terrein van ekonomiese ontledings; • die vermoë te demonstreer om 'n navorsingsvraag op die terrein van die Ekonomie, Risikobestuur of Internasionale Handel te identifiseer, tersaaklike inligting te herwin, basiese statistiek en ekonometriese metodes toe te pas om die navorsingsresultate te ontleed en te vertolk, en dan die bevindings in 'n verantwoordbare mondelinge aanbieding oor te dra met behulp van die toepaslike inligtingstegnologie, asook in die vorm van 'n skripsie van 20 bladsye. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word verskaf in die studiegids en op eFundi.		
Modulekode: ECON322	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Ontwikkelingseconomie		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde en sistematiese kennis van ekonomiese toestande in lae- en middelinkomste-ekonomieë en die strukturele eienskappe van Minder Ontwikkelde Lande se ekonomieë te demonstreer; • 'n kritieke begrip van terme, reëls, beginsels en teorieë toe te pas ten einde as individu of in groepe ekonomiese prestasie in lae- en middelinkomste-ekonomieë asook ander kwessies van ekonomiese 		

ontwikkeling te ontleed, te vertolk en te evalueer ten einde deel te neem aan normgebaseerde beredenering; <ul style="list-style-type: none"> • deeglik-ontwikkelde inligtingsherwinningsvaardighede te demonstreer, om die inligting te ontleed, te vertolk en te evalueer en om eties te werk te gaan met onbekende konkrete en abstrakte probleme in Ontwikkelingsekonomie; • inligting in goed-gestruktureerde betoë in skriftelike werksopdragte en mondelinge aanbiedings te kommunikeer ooreenkomstig voorgeskrewe formaat en met die gebruik van toepaslike tegnologie. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word verskaf in die studiegids en op eFundi.		
Modulekode: EKIP211	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Internasionale Handelsbetrekkinge		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> • 'n deeglike kennis en begrip te demonstreer van konsepte, idees, teorieë, beginsels en reëls van die volgende: internasionale handelsbetrekkinge, die uitwerking van staatsinmenging in internasionale handelsbeleid, die verskillende soorte handelsbeperkings en -bevordering, die uitwerking van internasionale handelsinstellings op die wêreldhandel, die impak van handelsblokke op wêreldhandel en die manier waarop besighede kan baat by internasionale handelstransaksies; • die vaardighede te demonstreer om inligting te herwin wat geïdentifiseer is om die samestelling/klassifikasie van lande te ontleed ten opsigte van die wêreldhandel asook hul internasionale handelsbeleid; • die finansiering van internasionale handel te ontleed en toe te pas met betrekking tot wisselkoerse en 'n land se betalingsbalans, met spesifieke fokus op die Suid-Afrikaanse situasie; • Suid-Afrika se posisie in die internasionale handelsomgewing te evalueer wat betref oopheid, internasionale handelsverhoudings, internasionale handelstatus en bydrae van die verskillende sektore tot internasionale handel; • kennis te gebruik van Suid-Afrika se internasionale handelstruktuur en -prioriteite ten einde werklikheidsprobleme op te los en bevindings en voorstelle te regverdig met teoriegesteunde argument; • individueel en/of in groepe verslae en aanbiedings voor leke- en professionele gehore met behulp van IT aan te bied. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word verskaf in die studiegids en op eFundi.		
Modulekode: EKIP221	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Internasionale Handelsfinansiering en -betaling		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> • te onderskei tussen die verskillende dimensies van finansiële risiko in internasionale handel; • die verskillende opsies ten opsigte van internasionale betalingsmetodes en -termyne te evalueer; • met 'n praktiese toepassing die toepaslike betalingsmetode en -termyn te kies; • die doel met uitvoerkredietversekering en die aard van die bedryf te bespreek; • die beginsels onderliggend aan uitvoerkredietversekering te verduidelik, om die soorte uitvoerkredietversekering wat beskikbaar is, te verduidelik, om die praktiese aspekte van uitvoerkredietversekeringsbeleid te verduidelik, om die opvolging van agterstallige betalings en eise ingevolge uitvoerkredietversekering te beskryf; • die kostekomponent van uitvoerkwotering te analiseer en uitvoerprysingsoorwegings te verduidelik; • te beskryf hoe om te werk met buitelandse valuta en die impak van Suid-Afrikaanse buitelandse valuta regulasies op internasionale handelstransaksies te bespreek; • die breë kategorieë van internasionale finansiering te analiseer en te verduidelik, asook die finansieringsfasiliteite wat banke en beleggingshuise aanbied; • die finansieringsfasiliteite wat sakevennote, die Nywerheidontwikkelingskorporasie (NOK) en die Suid-Afrikaanse regering aanbied, te bespreek. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word verskaf in die studiegids en op eFundi.		

Modulekode: EKIP311	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Internasionale Handelsgeografie		
Module-uitkomst:		
Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n deeglike kennis en begrip te demonstreeer van die basiese beginsels van ekonomiese geografie, die verspreiding van ekonomiese aktiwiteit, populasie, hulpbronne en inkomste oor die wêreld, die historiese ontwikkeling van kapitalisme en tegnologiese ontwikkeling in verskillende kontinente, die ontwikkeling van kapitalisme en tegnologiese ontwikkeling in verskillende kontinente, die ontwikkeling van vervoer- en kommunikasiesisteme oor die wêreld, die rol van stede in internasionale handel, die teoretiese basis van internasionale handel en die vloei van buitelandse investering oor die wêreld; • die interverwantskap tussen ekonomiese geografie, ontwikkeling, internasionale besigheid en die globale ekonomie te ontleed; • die oorsake en gevolge van die verspreiding van die wêreldpopulasie op ekonomiese en handelsgeografie te ontleed; • die landbou-, vervaardigings- en dienste sektore van die belangrikste internasionale rolspelers te analiseer; • die verband tussen vervoer, ekonomiese ontwikkeling en geografie te ondersoek; • die sosiale en ekonomiese impak van die internet, asook die moontlike toekomstige impak van tegnologiese ontwikkeling van telekommunikasie op geografie te ontleed; • die invloed van geografie op handelspatrone te ontleed; • die oorsake van armoede in die hedendaagse wêreld te ondersoek en verskeie ontwikkelingsstrategieë te evalueer. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word verskaf in die studiegids en op eFundi.		
Modulekode: EKIP321	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Internasionale Besigheidskommunikasie		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • omstandighede wat kan lei tot die behoefte om met buitelandse sakevennote te kommunikeer wanneer transaksies op 'n internasionale vlak beklank word, te verduidelik; • praktiese voorbeelde van verskillende soorte kommunikasie (beide verbaal en nie-verbaal) te verskaf; • 'n gedetailleerde beskrywing van die komponente van kultuur te verskaf, en illustreer (deur middel van voorbeelde) hoe kulturele verskille effektiewe kommunikasie op 'n internasionale vlak kan belemmer; • praktiese riglyne te verskaf oor hoe om optimaal te kommunikeer en, indien nodig, te onderhandel met sakevennote van: Noord-Amerika, Suid-Amerika, Asië, Europa en ander dele van Afrika, te verskaf; • aan die hand van 'n praktiese gevallestudie aangaande die kommunikasiegapings tussen 'n Suid-Afrikaner en 'n buitelandse sakevennoot, die bron van die probleem te identifiseer en die mees gepaste metode om die sakeverhouding te herstel aanbeveel. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word verskaf in die studiegids en op eFundi.		
Modulekode: EKR211	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Inleiding tot Risikobestuur		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n deeglike kennis te demonstreeer van wat risiko behels asook hoe om risiko strategieë in 'n korporatiewe omgewing in Suid-Afrika te bestuur; • te verduidelik waarom risikobestuur 'n belangrike rol in die besigheidsgewingspeel; • verskeie tipes risiko's te identifiseer en tussen hulle te onderskei; • beide teoretiese kennis en toepassing van die risikobestuurproses te demonstreeer, wat insluit die identifisering, evaluering en kontrolering van risiko in verskeie omstandighede; • deeglike begrip te demonstreeer van verskeie vorms van risiko finansieringsstrategieë, die koste verbonde aan hierdie strategieë en die toepaslikheid daarvan op verskeie risiko's. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word verskaf in die studiegids en op eFundi.		

Modulekode: EKR221	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Beleggingsbestuur		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n deeglike kennis van die algemene beginsels van beleggingsbestuur te demonstree; • die vereiste opbrengskoers as beleggingskriterium te verduidelik; • fundamentele beginsels van belegging in lig van risiko/opbrengs en tydwaarde van geld te ontleed; • diversifisering te verduidelik; • die beleggingsbestuursproses te bespreek en te analiseer; • die organisasie en funksionering van sekuriteitsmarkte te bespreek; • die verskillende beleggingsteorieë te onderskei en te evalueer; • waardasiebeginsels en -praktyke in beleggingsbestuur te bespreek; • fundamentele ontleding te bespreek en te verduidelik; • tegniese ontleding te bespreek en te verduidelik; • portefeuljebestuur en portefeulje-evaluering vanuit die oogpunt van die beleggingsbestuurder te bespreek. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word verskaf in die studiegids en op E-Fundi.		
Modulekode: EKR311	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Bankrisikobestuur		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n deeglike en sistematiese kennis en begrip te demonstree van die manier waarop die Bates-lastekomitee (BALKO) hul bates en laste bestuur om bankrisiko's, die rol wat die bestuur van hierdie finansiële bates en laste in die Suid-Afrikaanse ekonomie speel, asook die finansiële en ander verwante risiko's in 'n finansiële instelling, aan te spreek; • goed-ontwikkelde probleemoplossingsvaardighede te demonstree deur die proses van minimalisering van finansiële risiko's strategies te bestuur; die rente-inkomste en ekwiteit van finansiële instellings te maksimaliseer, en deeglike begrip te toon van die regulatiewe omgewing waarin banke funksioneer; • individuele en groepmetodes te gebruik om inligting met betrekking tot bankrisikobestuur doeltreffend, samehangend en in toepaslike formaat oor te dra. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word verskaf in die studiegids en op eFundi.		
Modulekode: EKR321	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Finansiële Markte		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde en sistematiese kennis en begrip van die werking van die Suid-Afrikaanse Geld- en Kapitaalmarkte, met inbegrip van SAFEX en die Effektebeurs (die Johannesburgse Aandelebeurs en aandele is in EKR211 behandel), asook gebruikskennis van die werking van die produkte en instrumente, waaronder afgeleide instrumente, wat in hierdie markte en die regulatiewe omgewing gebruik word, te demonstree; • die vermoë te demonstree om as ontleder, markhandelaar, aandelmakelaar en agterkantoor-beampte in die bank- en tesourie-omgewing te werk; • in ongewone, konkrete en abstrakte scenario's basiese portefeuljebestuur toe te pas deur middel van die produkte en instrumente van die bogenoemde markte; • in groepe en/of as individu te werk en inligting doeltreffend en op 'n eties behoorlike manier met behulp van die toepaslike Inligtingstegnologie oor te dra. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word verskaf in die studiegids en op eFundi.		

Modulekode: FINM221	Semester: 2	NKR-vlak:6
Titel: Finansiële Bestuur: Inleiding		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • die rol van Finansiële Bestuur en die finansiële bestuurder in 'n organisasie te verstaan en die primêre doel van Finansiële Bestuur te kan identifiseer; • die konsep "tydwaarde van geld" te verstaan en berekeninge te kan uitvoer; • die verwantskap tussen risiko en opbrengs te verstaan en die risiko en opbrengs van ondernemings te kan evalueer gebaseer op die nodige berekeninge; • die basiese rekeningkundige state en konsepte te verstaan en 'n evaluasie van finansiële prestasie te kan uitvoer met behulp van ontleding van die finansiële state om die huidige finansiële toestand van die onderneming te bepaal; • kennis te demonstreer ten opsigte van die eienskappe van die hoofvorme van finansiering wat deur ondernemings gebruik word en die maniere waarop dit aangewend kan word; • 'n basiese kennis te demonstreer ten opsigte van die eienskappe van finansiële instrumente en hoe dit deur maatskappye aangewend kan word om te verskans teen risiko; • 'n volledige en sistematiese kennis te demonstreer ten opsigte van die faktore wat deur 'n onderneming in ag geneem moet word by die keuse van 'n kapitaalstruktuur; • die vaardighede te demonstreer om die koste van die verskillende vorme van finansiering en die geweege gemiddelde koste van kapitaal van 'n onderneming te bereken; • die verskillende tegnieke om kapitaalinvesteringsprojekte te evalueer te verstaan en te kan toepas. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf.		
Modulekode: FINM321	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Finansiële Bestuur: Besluitneming en Waardasies		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • begrip te demonstreer ten opsigte van die primêre doel van Finansiële Bestuur en die konsep "tydwaarde van geld" en die vaardighede te demonstreer om "tydwaarde van geld" beginsels toe te pas op praktiese situasies; • begrip te demonstreer ten opsigte van die geweege gemiddelde koste van kapitaal en die vermoë te hê om die geweege gemiddelde koste van kapitaal van 'n onderneming te bereken; • die verskillende tegnieke om kapitaalinvesteringsprojekte te evalueer te verstaan en te kan toepas; • kapitaalinvesteringsprojekte te evalueer in toestande van inflasie en kapitaal-rantsoenering; • kennis te demonstreer ten opsigte van verskillende bronne van finansiering vir kapitaalinvesteringsprojekte en 'n aanbeveling te kan maak gebaseer op die verdiskonteerde kontantvloei benadering; • begrip te demonstreer ten opsigte van die bestuur van bedryfskapitaal, insluitende die bedryfskapitaalsiklus, bedryfskapitaalbeleid en bedryfskapitaalfinansieringsbeleid; • vaardighede te demonstreer om bestuur van debiteure en bestuur van voorraad van maatskappye te evalueer; • die basiese vaardighede te demonstreer om 'n maatskappy te waardeer; • begrip te demonstreer ten opsigte van die dividendbeleid van 'n maatskappy. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		
Modulekode: FREB111	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Elementêre Sake-Frans 1		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • Frans in die algemeen, en spesifiek in sakekonteks, te kan lees, skryf en verstaan; • mondeling te kan kommunikeer en homself/haarself uit te druk met inagneming van relevante kulturele norme wat van toepassing is in die Frans-sprekende sakewêreld; • artikels te kan lees wat belang en relevant is tot sy/haar spesialiteitsveld en notas, memorandumms en briewe te kan skryf. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		

Modulekode: FREB121	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Elementêre Sake-Frans 2		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> • Frans in die algemeen, en spesifiek in sakekonteks, te kan lees, skryf en verstaan; • mondeling te kan kommunikeer en homself/haarself uit te druk met inagneming van relevante kulturele norme wat van toepassing is in die Frans-sprekende sakewêreld; • artikels te kan lees wat belang en relevant is tot sy/haar spesialiteitsveld en notas, memorandumms en briewe te kan skryf. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		
Modulekode: GERB111	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Elementêre Sake-Duits 1		
Module-uitkomst: <p>Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • algemene alledaagse gesprekke te kan volg; • basiese spraak-frases te kan gebruik; • basiese grammatika-reëls te kan toepas; • relevante woordeskat te kan gebruik; • elementêre tekste te kan lees, verstaan en vertaal; • elementêre tekste (byvoorbeeld 'n CV) te kan skryf; • die Suid-Afrikaanse en Duitse gemeenskappe te kan vergelyk met betrekking tot behuising, vervoer, ekonomie, samelewing en kultuur; • kommunikasie-omstandighede met die nodige sensitiwiteit te kan hanteer. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		
Modulekode: GERB121	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Elementêre Sake-Duits 2		
Module-uitkomst: <p>Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • deel te neem aan algemene kantoor- en sakegesprekke en die gesprekke te kan volg; • basiese spraak-frases te kan gebruik in gesprekke om kos te bestel, iets aan te koop, reisreëlings te tref, navrae te rig; • relevante woordeskat te kan gebruik; • elementêre sake-tekste soos agendas, programme, advertensies, koerante en tydskrifartikels te lees; • elementêre tekste soos toestandbeskrywings, informele briewe en e-pos te kan skryf; • die Suid-Afrikaanse en Duitse gemeenskappe te kan vergelyk met betrekking tot onderwys, werksgeleenthede, geskiedenis en politieke sisteme. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		
Modulekode: HRMA122	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Die funksies van Mensehulpbron-bestuur		
Module-uitkomst: <p>Die student behoort in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • aard, waarde en funksies van, sowel as uitdagings van mensehulpbron-bestuur ken en verstaan. • demonstreer kennis van en insig in posontleding, mensehulpbronbeplanning, werwing, keuring, vergoeding, induksie, opleiding en ontwikkeling, prestasiebestuur en die toepassing van vaardighede in die gebruik van programme in al hierdie aspekte in organisasies • kennis en vaardighede toe te pas om programme in menslikehulpbronbestuur te evalueer 		
Metode van aflewering: Voltyds en deelyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: 3 x Klastoetse: gewig – 100 Summatief: 1 x 2 uur eksamen – gewig 50		

Modulekode: IOPS111	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Inleiding tot Bedryfsielkunde		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> kennis van en insig in die kerngebiede van die Bedryfsielkunde en die loopbaanvooruitsigte, rolle, funksies en bevoegdhede van geregistreeerde beraders, psigometriste en sielkundiges te toon; die rol en gebruik van die beginsels van Bedryfopsigologie te definieer en te beskryf; die biologiese basis van gedrag, wat kognitiewe vermoëns, geheue, leer en motivering insluit, te kan analiseer; die sosiale basis van gedrag, wat interpersoonlike interaksie soos houdings, emosies, waardes en leierskap insluit, te kan analiseer. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes:		
	Formatief:	3 groot geskeduleerde toetse: gewig – 100
	Summatief:	1 x 2 uur eksamen; gewig – 50
Modulekode: IOPS121	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel: Beroepsgesondheid en Ergonomika		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> kennis van die aard en belangrikheid van 'n veilige en gesonde werksomgewing wat die kwaliteit van die werkslewe van werknemers verbeter, te kan demonstreeer; insig te toon in die probleme wat werknemers ten opsigte van veiligheid, gesondheid en kwaliteit van werkslewe ervaar; kennis van die toepassing van ergonomika te kan demonstreeer deur modelle te ontwerp om te pas by liggaamshouding, die kantoor-/werksomgewing, vir spesiale populasies en die praktiese toepassing van die modelle deur middel van die ergonomika kontrolelys; kennis van die verband tussen werk en psigologiese welstand (i.e. Psigologiese aanpassing), te kan demonstreeer; die bepalers en oorsake van werkswanaanpassing en ooreenkomstige implikasies ten opsigte van veiligheid, te ken; kennis oor die tipes werksdisfunksies en ander werksverwante en organisatoriese wanaanpassings, te kan demonstreeer; maniere te ken en te verstaan waarop organisasies te werk kan gaan om 'n veilige en gesonde werksomgewing te verseker en kwaliteit van werkslewe verseker; kennis rakende die belangrikheid van die bepalings van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Wet 85 van 1993) speel betreffende die handhawing van 'n veilige en gesonde werksomgewing te ken en te verstaan. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes:		
	Formatief:	3 groot geskeduleerde toetse: gewig – 100
	Summatief:	1 x 3 uur eksamen; gewig – 50
Modulekode: IOPS211	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Personeelsielkunde		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> kennis van die veranderende aard van werk en hoe dit die toepassing van psigologiese beginsels van besluitneming affekteer, te toon; die verskillende tipes kriteria/standaarde soos van toepassing op besluitneming vir mense by die werk op 'n regverdige en billike wyse, te kan analiseer en toepas; die kwaliteit en toepaslikheid van verskillende psigologiese voorspellers, te kan evalueer/assesseer; die korrekte probleemoplossingsmetode, soos die ontwikkeling, taksering en motivering van mense by die werk, te kan toepas. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes:		
	Formatief:	3 groot geskeduleerde toetse: gewig – 100
	Summatief:	1 x 2 uur eksamen; gewig – 50

Modulekode: IOPS221	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Loopbaansielkunde		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> die implikasies van die veranderende organisasie op loopbane te evalueer, deur gebruik te maak van teorieë van loopbaankeuse/-ontwikkeling en berading om loopbaan-verwante probleme op te los; die verskillende lewens-/loopbaanfasies en die metodes wat gebruik kan word om loopbaankwessies te hanteer, te evalueer; die verskillende effekte van loopbaanervarings op werknemers en alle aspekte van loopbaanbestuursondersteuning, te assesseer. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deelyds		
Assesseringsmetodes:		
Formaatief:	3 groot geskeduleerde toetse:	gewig – 100
Summatief:	1 x 2 uur eksamen;	gewig – 50
Modulekode: IOPS311	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Organisasiesielkunde		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> die navorsing, teorieë en benaderings ten opsigte van organisasiegedrag, stres, motivering, werkstevredenheid, leierskap, groepsgedrag, organisasiepolitiek, konflik, besluitneming, kommunikasie en organisasie-ontwerp te verduidelik; sensitiwiteit te ontwikkel vir individuele, groeps- en organisasieprobleme op nasionale en internasionale vlak; vaardighede te demonstreer om individuele, groeps- en organisasieprobleme of geleenthede te diagnoseer en intervensies te doen of te verwys na ander professionele persone; individue en groepe te fasiliteer en/of relevante partye te adviseer ten opsigte van oplossings; die bevoegdhede van 'n organisasie-ontwikkelingskonsultant te verduidelik; veranderinge te diagnoseer wat individue, groepe en organisasies beïnvloed; die bestuur van verandering te verduidelik; vaardighede te gebruik om 'n organisasiediagnose te doen; elementêre organisasie-ontwikkelingsintervensies te verstaan. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deelyds		
Assesseringsmetodes:		
Formaatief:	3 groot geskeduleerde toetse:	gewig – 10
Summatief:	1 x 3 uur eksamen;	gewig – 50
Modulekode: IOPS321	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Psigometrie en Navorsingsmetodologie		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> sielkundige meting, sowel as die etiek en vereistes daarvan te ken en te verstaan; kennis van die toepassing van psigometriese tegnieke te demonstreer; verskillende psigometriese tegnieke te evalueer en tegnieke te kies wat billik in 'n gegewe situasie gebruik kan word; die aard en meting van intelligensie, aanleg, belangstelling en persoonlikheid te ken en te verstaan; psigologiese protokolle te interpreteer; 'n begrip te toon ten opsigte van die aard van navorsing, kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings, sowel as die navorsingsproses (i.e. literatuuroorsig, dataversamelings-metodes, proefnemings-tegnieke, hipoteses, navorsingsdoelstellings, betroubaarheid en geldigheid); vaardighede te gebruik om 'n elementêre navorsingsvoorstel te skryf; kennis toe te pas van gebruik van die American Psychological Association (APA) verwysingstegniek. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deelyds		
Assesseringsmetodes:		
Formaatief:	4 groot geskeduleerde toetse:	gewig – 60
	4 opdragte;	gewig – 40
Summatief:	1 x 3 uur eksamen;	gewig – 50

Modulekode: ITRW112	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Inleiding tot Programmering		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> kennis te demonstree van die verskillende komponente van 'n rekenaar, 'n inligtingstelsel en programmeertale en die gebruik daarvan; kennis te demonstree van die manipulering van sigblaaie deur die toepassing van kennis van tabelle, berekenings, oordrag van data tussen verskillende toepassings, funksies en grafiese voorstelling; die vermoë te demonstree om probleme op te los deur ontwerp en implementering van gestruktureerde programmering, gebruik van datamanipulasie en datavoorsellings en toepassing van gebeurtenis gedrewe benadering in 'n sigblad se ontwikkelingsomgewing; insig in etiese kwessies wat verwant is aan die breër IT-bedryf te verstaan en bewus te wees van die risiko en gevare wat die bedryf bedreig; skriftelike kommunikasievermoë te demonstree deur 'n verslag op te stel nadat 'n projek voltooi is. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: ITRW123	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel: Grafiese Koppelvlakprogrammering I		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> kennis te demonstree om 'n rekenaarprogram te kan skryf wat teoretiese voorkennis vereis; probleme te kan oplos deur die toepassing van teoretiese voorkennis; te demonstree dat hy/sy oor voldoende voorkennis van en insig in die grafiese-koppelvlak omgewing beskik om gerekenariseerde stelsels te ontwikkel in 'n visuele objekgerigte rekenaartaal; die vermoë te demonstree om herhaling-, voorwaardelike- en sekwenisële strukture te implementeer; te demonstree dat aspekte soos grafiese koppelvlak-ontwerp, gebeurtenis gedrewe programmering, prosedure en objekgerigte programmering as basis vasgelê is. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: ITRW211	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Grafiese Koppelvlakprogrammering II		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> grondige kennis te demonstree van <i>multi-threading</i>, string hantering, databasisse, data strukture en versamelings sowel as 'n ingeligte begrip te toon van die teorie van grafiese-koppelvlak programmering; stelsels te ontwerp wat industrie-gerig en gebruikersvriendelik is en beantwoord aan professionele en etiese gedragskodes; probleme te kan identifiseer, dit krities te kan analiseer en evalueer en oplossings te kan voorstel deur die ontwerp en ontwikkeling van rekenaartoepassings met die klem op gebruikersvriendelike koppelvlakke; die vermoë te demonstree om oplossings/programme samehangend en betroubaar, as individu of in groepsverband, te kommunikeer/demonstree deur gebruik te maak van toepaslike akademies/professionele mondelinge en skriftelike beredenering. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		

Modulekode: ITRW213	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Stelselontleding en -ontwerp I		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> voldoende kennis en insig te demonstreer van projekbestuurstegnieke asook fases en tegnieke van die stelselontwikkelingslewensiklus te kan toepas wanneer 'n stelsel beplan, ontleed en ontwerp word; te demonstreer dat hy/sy as individu en in groepsverband die fases en tegnieke van stelselontleding kan toepas en korrek kan gebruik in 'n projek, 'n projek kan bestuur deur projekbestuurstegnieke toe te pas en kreatief en probleemoplossend kan dink en optree wanneer 'n gerekenariseerde stelsel ontwerp en ontwikkel word; projekte se verslae suksesvol skriftelik te kan opstel en mondelings te kan voordra; 'n professionele gesindheid en houding jeens kliënte te kan handhaaf en rekenaaruilbronne eties en verantwoordelik te kan aanwend wanneer IT-projekte aangepak, voltooi en aangebied word. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50 Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: ITRW225	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Stelselontleding en -ontwerp II		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> voldoende kennis en insig te demonstreer in projekbestuurstegnieke asook fases en tegnieke van die stelselontwikkelingslewensiklus beskik om dit te kan toepas wanneer 'n stelsel ontwerp en geïmplementeer word; te demonstreer dat hy/sy as individu en/of in groepsverband die fases en tegnieke van stelselontleding kan toepas in 'n projek, 'n praktiese projek kan bestuur deur projekbestuurstegnieke te gebruik en kreatief en probleemoplossend kan dink en optree wanneer 'n gerekenariseerde stelsel ontwerp en ontwikkel word; projekte se verslae suksesvol skriftelik te kan opstel en mondelings te kan voordra; 'n professionele gesindheid en houding jeens kliënte te kan handhaaf en rekenaaruilbronne eties en verantwoordelik te kan aanwend wanneer IT-projekte aangepak, voltooi en aangebied word. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50 Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: ITRW311	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Databasisse I		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> afgeronde en sistematiese kennis en begrip van entiteitverwantskapmodellering, normalisering van databasis tabelle en skryf van SQL en PL/SQL uitdrukkings en prosedures te kan toepas op die ontwerp van databasisse en onttrekking van inligting om onbekende konkrete en abstrakte probleme binne die databasisomgewing te kan oplos. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		
Modulekode: ITRW321	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Databasisse II		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> afgeronde en sistematiese kennis en begrip van transaksiebestuur, beheer van gelyktydige gebruik, verspreide databasisbestuurstelsels en databasisadministrasie as individu en as lid van 'n groep, te kan toepas op die administrasie van databasisse om onbekende konkrete en abstrakte rekenaaruilprobleme binne die databasisomgewing te kan oplos. 		
Metode van aflewering: Voltyds		

Modulekode: IURI11	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Personereg		
Module-uitkomst:		
Na afhandeling van die module Personereg moet die student die volgende demonstreeer:		
<ul style="list-style-type: none"> • fundamentele kennis en 'n ingeligte begrip van die Personereg, met spesifieke verwysing na: <ul style="list-style-type: none"> • die regssubjektiwiteit van natuurlike en regs persone; • die belangrike terme, reëls, konsepte, algemene beginsels en teorieë; • grondwetlike bepaling, doelwitte en waardes in terme waarvan die tradisionele Personereg geëvalueer, ontwikkel en omskep moet word; • die mees resente en moderne ontwikkelinge met betrekking tot die personereg; • die verhouding tussen die personereg en ander gebiede van regstudie. • 'n vermoë om individueel of in groepe die kennis op 'n analise van 'n gegewe feitestel toe te pas en die formulering van oplossings of aanpassings van oplossings toe te pas; • 'n vermoë om die konsepte, beginsels en reëls van die Personereg vanuit 'n diverse verskeidenheid van bronne, in besonder regspraak, wetgewing, handboeke en tydskrifartikels, te vind, te identifiseer en te onttrek en in 'n relevante konteks toe te pas; • 'n vermoë om individueel of in 'n groep geskrewe en/of mondelinge argumente oor die konsepte, beginsels en reëls van die huidige regsdebatte rakende die familie en kinders te demonstreeer; • verantwoordelikheid vir die monitor van eie leervordering en die toepassing van relevante leerstrategieë en die bestuur van hulpbronne ten einde alle uitkomst van hierdie module suksesvol te realiseer. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Modulekode: IURI121	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel: Inheemse Reg		
Module-uitkomst:		
Na afhandeling van die module Inheemse reg moet die student die volgende demonstreeer:		
<ul style="list-style-type: none"> • kennis en 'n ingeligte begrip van die terme, konsepte, beginsels, aspekte en teorieë relevant tot die veld van Inheemse reg, met spesifieke verwysing na: <ul style="list-style-type: none"> • die inleiding en agtergrond tot regspluralisme en Afrika gewoontereg • algemene beginsels van personereg en familiereg • algemene beginsels van erfreg • algemene beginsels van sakereg en kontraktereg • deliktereg • begrip van die oorsprong en ontwikkeling van kennis binne die veld van Inheemse reg met die oog daarop om Afrika inheemse regsreëls met die reëls in ander regstelsels te vergelyk; • die vermoë om standaard metodes van basiese navorsing te kies, te beplan, te implementeer en te bestuur deur die versameling, interpretasie en sintetisering van regsmateriaal ten einde probleme wat met 'n aspek geïdentifiseer vanuit die veld van Inheemse reg verband hou, op te los; • die vermoë om roetine en nuwe probleme wat in bekende kontekste met Inheemse reg verband hou, te onderskei, te evalueer en op te los en die oplossings toe te pas ten einde vordering in die praktiseer van praktiese regsprobleme te ondersteun; • vermoë om as deel van 'n groep/span te funksioneer en gepaste bydraes te maak ten einde 'n begrip van die relevante regsdebatte rakende inheemse regsreëls suksesvol te demonstreeer, medeverantwoordelikheid vir die leervordering en uitkomst-realisering van die groep te neem ten einde waardevolle en gepaste inligting tot die suksesvolle afhandeling van die taak by te dra; en • aangesien die module oor diverse kulture handel, professionele en etiese gedrag binne 'n akademiese en dissipline-gerelateerde omgewing met sensitiwiteit teenoor gemeenskaps- en kulturele oorwegings. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Modulekode: IURI171	Jaarmodule	NKR-vlak: 5
Titel: Inleiding tot die Reg		
Module-uitkomst:		
Na afhandeling van die module Inleiding tot die Reg moet die student die volgende demonstreeer:		
<ul style="list-style-type: none"> • kennis en 'n ingeligte begrip van die reg oor die algemeen, perspektiewe op regsterminologie, regsprosesse, bronne van die Suid-Afrikaanse reg, klassifikasie van die Suid-Afrikaanse reg, hofstrukture, grondwetlike ontwikkelinge, die oplos van regsprobleme en die verkryging en aanwending van regsbronne tydens basiese navorsingsaktiwiteite; 		

- die reeks vaardighede nodig om regte in die Suid-Afrikaanse, regionale en internasionale konteks te bestudeer en te praktiseer;
- die vermoë om standaard regsinsligting, -bronne, -prosesse en -beginsels, asook 'n kombinasie van regsvaardighede, te kies, te implementeer en te bestuur ten einde basiese, geïntegreerde werklike en/of hipotetiese regsprobleme in die Suid-Afrikaanse konteks deur die gebruik van effektiewe studie-, lees-, skryf-, verbale kommunikasie, syfer- en kritiese denkvaardighede op te los met spesifieke verwysing na sosiale geregtigheid, menseregte, burgerskap en professionele gedrag.
- basiese navorsingsvaardighede soos die verkryging, nagaan, analisering en opsoem van regsinsligting vanuit verskeie regsbronne, asook die vermoë om navorsingsbevindings akkuraat en op 'n samehangende manier en met inbegrip van kopiereg beskerming en die reëls oor plagiaat via verskillende tegnologieë en media, beide verbaal en nie-verbaal, te kommunikeer;
- die vermoë om as deel van 'n groep te funksioneer en gepaste bydraes te maak deur die gebruik van verskeie standaard regsvaardighede ten einde take en projekte suksesvol te voltooi, medeverantwoordelikheid vir leerprosesse te neem en die realisering van gesamentlike doelwitte; en
- Monitor en reflekteer oor eie leervordering en implementeer leerstrategieë ten einde leer te bevorder en die fondasie vir verdere regstudie en lewenslange toepassing en ontwikkeling van vaardighede te lê.

Metode van aflewering: Voltyds

Modulekode: IURI172

Jaarmodule

NKR-vlak:5

Titel: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Reg

Module-uitkomst:

Na afhandeling van die module Inleiding tot die Reg moet die student die volgende demonstreeer:

- kennis en 'n ingeligte begrip van die reg oor die algemeen, perspektiewe op regsterminologie, regsprosesse, bronne van die Suid-Afrikaanse reg, klassifikasie van die Suid-Afrikaanse reg, hofstrukture, grondwetlike ontwikkelinge, die oplos van regsprobleme en die verkryging en aanwending van regsbronne tydens basiese navorsingsaktiwiteite;
- die reeks vaardighede nodig om regte in die Suid-Afrikaanse, regionale en internasionale konteks te bestudeer en te praktiseer;
- die vermoë om standaard regsinsligting, -bronne, -prosesse en -beginsels, asook 'n kombinasie van regsvaardighede, te kies, te implementeer en te bestuur ten einde basiese, geïntegreerde werklike en/of hipotetiese regsprobleme in die Suid-Afrikaanse konteks deur die gebruik van effektiewe studie-, lees-, skryf-, verbale kommunikasie, syfer- en kritiese denkvaardighede op te los met spesifieke verwysing na sosiale geregtigheid, menseregte, burgerskap en professionele gedrag.
- basiese navorsingsvaardighede soos die verkryging, nagaan, analisering en opsoem van regsinsligting vanuit verskeie regsbronne, asook die vermoë om navorsingsbevindings akkuraat en op 'n samehangende manier en met inbegrip van kopiereg beskerming en die reëls oor plagiaat via verskillende tegnologieë en media, beide verbaal en nie-verbaal, te kommunikeer;
- die vermoë om as deel van 'n groep te funksioneer en gepaste bydraes te maak deur die gebruik van verskeie standaard regsvaardighede ten einde take en projekte suksesvol te voltooi, medeverantwoordelikheid vir leerprosesse te neem en die realisering van gesamentlike doelwitte; en
- Monitor en reflekteer oor eie leervordering en implementeer leerstrategieë ten einde leer te bevorder en die fondasie vir verdere regstudie en lewenslange toepassing en ontwikkeling van vaardighede te lê.

Metode van aflewering: Voltyds

Modulekode: IURI173

Jaarmodule

NKR-vlak: 5

Titel: Familiereg

Module-uitkomst:

Na afhandeling van die module Familiereg moet die student die volgende demonstreeer:

- ingeligte en sistematiese kennis, samehangende begrip van en die vermoë om die beginsels van Familiereg korrek toe te pas met spesifieke verwysing na:
 - die wettige vereistes vir 'n huwelik;
 - die onveranderlike gevolge van 'n huwelik;
 - die veranderlike gevolge van 'n huwelik;
 - wettige voorskrifte rakende egskeding en die persoonlike en vermoënsregtelike gevolge van egskeding; en
 - die ouer-kind verhouding.
- 'n vermoë om kennis op die analise van 'n gegewe feitestel toe te pas en die formulering van oplossings of aanpassings van oplossings, hetsy individueel of in groepe;

<ul style="list-style-type: none"> • 'n vermoë om regsargumente te kies, te evalueer en te formuleer en verkrygte kennis op praktiese Familiereg probleme toe te pas; • 'n vermoë om enige gekose feitestel te analiseer, die konsepte te onttrek en regsmateriaal (die Grondwet, wetgewing, regspraak en akademiese opinie) krities te evalueer; en • 'n vermoë om geskrewe en/of mondelinge argumente oor die konsepte en beginsels van Familiereg aan te bied, hetsy individueel of in 'n groep, ten einde 'n begrip van die relevante regsdebatte rakende die familie en kinders te demonstreer. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Modulekode: IURI174	Jaarmodule 2	NKR-vlak: 5
Titel: Taal en Regskommunikasie I		
<p>Module-uitkomst: Na afhandeling van die module Taalvaardighede in Regskonteks moet die student die volgende demonstreer:</p> <ul style="list-style-type: none"> • kennis en 'n ingeligte begrip van en toepassing van die volgende: grammatikale strukture in Engels en Afrikaans of Tswana binne regskonteks, 'n breedvoerige Engels en Afrikaans of Tswana woordeskat wat met die regsomgewing verband hou en verskillende skryfstylle en leesvaardighede van toepassing op die regsprofessie; • die vermoë om 'n kombinasie van leesbegripvaardighede (insluitende vertalingsvaardighede) te kies en toe te pas in onderskeiding, analisering, interpretasie en kritiese evaluasie van verskillende tekste; • die vermoë om duidelik en logies, en in skrif ooreenkomstig die Fakulteit Regte se stylvereistes, te kommunikeer en/of krities te argumenteer oor 'n regskwessie, -vraag of -probleem op 'n akkurate, effektiewe en samehangende manier, met inbegrip van die reëls oor plagiaat; • die vermoë om as deel van 'n groep te funksioneer en gepaste bydraes te maak deur die gebruik van verskeie standaard regsvaardighede ten einde take en projekte suksesvol te voltooi, medeverantwoordelikheid vir leerprosesse en die realisering van gesamentlike doelwitte; en • Monitor en reflekteer oor eie leervordering en implementeer leerstrategieë ten einde leer te bevorder en fondasie vir verdere regstudie en lewenslange toepassing en ontwikkeling van vaardighede te lê. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Modulekode: IURI211	Semester 1	NKR-Vlak: 6
Titel: Strafred		
<p>Module-uitkomst: Na afhandeling van die module moet die student die volgende demonstreer:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die plek van die Strafred in die regstelsel; • die geskiedenis en bronne van die Strafred; • strafteorieë; • die algemene elemente van 'n misdaad; • deelneming aan misdaad; en • poging, sameswering en uitlokking. • 'n Deeglike begrip van die interne skryfstylvereistes, sleutel terme, prosedures, formate en konvensies, teorieë en beginsels in beredenering en die oplossing van probleme • Die vaardigheid om probleme op te los deur middel van kritiese ontleding, die verkryging van inligting, evaluering van die verkreë inligting en die formulering en aanbieding van moontlike oplossings vir goed gedefinieerde maar onbekende probleme in die veld van strafred. • Die vaardigheid om probleme op te los deur middel van kritiese ontleding, die verkryging van inligting, evaluering van die verkreë inligting en die formulering en aanbieding van moontlike oplossings vir goed gedefinieerde maar onbekende probleme in die veld van strafred. 		
Metode van Aflewering: Voltyds		

Modulekode: IURI213	Semester 1	NKR-Vlak: 6
Titel: Regsinterpretasie		
Module-uitkomst:		
Na afhandeling van die module moet die student die volgende demonstreer:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n soliede kennis van die verskillende benaderings tot wetsuitleg met betrekking tot die terminologie, teorieë en beginsels wat wetsuitleg onderlê; • die vermoë om individueel en in groepsverband verskillende interpretasies te gee van feitestelle wat gebaseer is op regsargumentasie; • die vermoë om bevindinge/verslae/interpretasies mondeling en geskrewe in die huisstyl van die fakulteit volgens goedgekeurde konvensies en formate weer te gee en om voorstellings daarvan te kan maak volgens die gepaste/gekose tegnologie; • die vermoë om 'n etiese en waardegedrewe benadering in alle kommunikasie te bewys. 		
Metode van Aflewering: Voltyds		
Modulekode: IURI221	Semester 2	NKR-Vlak: 6
Titel: Strafreg		
Module-uitkomst:		
Na afhandeling van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige kennisbasis van die Strafreg te kan weergee met spesifieke verwysing na die beginsels wat 'n seleksie van spesifieke misdade teen die staat, die persoon en liggaamlike vryheid of integriteit en teen eiendom beheer. • die terminologie wat spesifiek op die Strafreg van toepassing is binne konteks in geskrewe en mondelinge aanbieding te kan toepas. • misdade binne die Strafreg ingevolge die gemenerereg en statutêre bedeling te kan analiseer en om die relevante statutêre en gemeenregtelike reëls en beginsels waarop die staat oortreders kan skuldig bevind en straf vir die onregmatige, strafbare handeling en of versuim, wat spesifieke misdade daarstel aan te dui binne konteks en te kan toepas in feitestelle. • Probleme te kan oplos deur feitestelle te analiseer en oplossings te formuleer met verwysing na die toepaslike regspraak en statutêre bepalings. • Eie standpunte te kan weergee in die klas tydens groep- en ander besprekings of voordragte op sinvolle en logiese manier wat spreek van 'n gesonde etiese en waardegedrewe inslag. 		
Metode van Aflewering: Voltyds		
Modulekode: IURI222	Semester 2	NKR-Vlak: 6
Titel: Arbeidsreg		
Module-uitkomst:		
Na afhandeling van die module moet die student die volgende demonstreer:		
<ul style="list-style-type: none"> • vertrouwd te wees met die terminologie van arbeidsreg en dit korrek te kan toepas; • in staat te wees om die bronne van arbeidsreg te hanteer en dit korrek te kan toepas; • die jongste en moderne tendense en ontwikkelings in die besluite van die KVBA, en arbeidshowe en wetgewing te ken; • die gemenereregbeginself en die statutêre bepalings van toepassing op die arbeidsregsveld, die wisselwerking daarvan, die interpretasie en die toepassing daarvan deur middel van regspraak / hofsake en standpunte van verskillende outeurs te ken; • jy in staat wees om jou eie mening oor aangeleenthede of beginsels te vorm; en • in staat te wees om hierdie kennis verstandig in feitelike opsette toe te pas. 		
Metode van Aflewering: Voltyds		

Modulekode: IURI223	Semester 2	NKR-Vlak: 6
Titel: Fundamentele Regte		
Module-uitkomst:		
Na afhandeling van die module moet die student die volgende demonstreeer:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde en sistematiese kennis van die terminologie, geskiedenis, teorie en klassifikasie van menseregte en fundamentele regte in die algemeen; die toepassing, beperking en interpretasie van die Suid-Afrikaanse Handves van Regte in die algemeen, en van spesifiek die volgende groepe regte in die Handves van Regte: die normatiewe fundamentele regte; die afweerregte; die gemeenskapsgeoriënteerde fundamentele regte; die fundamentele regte op staatsprestasie; en die prosessuele fundamentele regte; • die vermoë om teoretiese en praktiese vraagstukke in komplekse feitestelle krities te analiseer deur die toepassing van die basiese terminologie, reëls, beginsels en teorieë van Fundamentele Regte in die formulering van samehangende, gemotiveerde en waardegedrewe oplossings vir komplekse probleme in onbekende kontekste in hierdie studieveld; • die vermoë om standpunt in te neem oor etiese vraagstukke onderliggend aan spesifieke aangeleenthede in Fundamentele Regte; en • die vermoë om regsnavorsing te onderneem, relevante etiese en regs-vraagstukke te identifiseer, voorgeskrewe en self-geïdentifiseerde materiaal krities te analiseer, kreatief te dink, individueel of in groepe regsargumente samehangend, akkuraat en bondig te formuleer en aan te bied. 		
Metode van Aflewering: Voltyds		
Modulekode: IURI272	Jaarmodule	NKR-Vlak: 6
Titel: Sakereg		
Module-uitkomst:		
Na afhandeling van die module moet die student die volgende demonstreeer:		
<ul style="list-style-type: none"> • Bewys lewer van 'n grondige kennis van die regsverhouding tussen persone en bates met betrekking tot die aard van die bates en die oorsprong, gevolge en beëindiging van elke sodanige verhouding; • die vereistes vir die verkryging, gevolge en beskerming van eiendomsreg, besit, huerskap en beperkte saaklike regte; en • Die beskerming van eiendom as 'n grondwetlike reg; • Die vermoë om die kennis toe te pas deur die leerstof doeltreffend te selekteer en te gebruik met die oog op die oplossing van 'n goed omskrewe maar onbekende regsprobleem deur die gebruik van relevante kennis, korrekte prosedure en geskikte bewysmateriaal; • Die vermoë om die leerstof krities te analiseer en doeltreffend en verstaanbaar te kommunikeer; • Die vermoë om eties en waardegedrewe in die toepassing van die vakgebied op te tree. 		
Metode van Aflewering: Voltyds		
Modulekode: IURI273	Jaarmodule	NKR-Vlak: 6
Titel: Deliktereg		
Module-uitkomst:		
Na afhandeling van die module moet die student die volgende demonstreeer:		
<ul style="list-style-type: none"> • vertrouwd te wees met die omstandighede waaronder delikte plaasvind en deliktuele aanspreeklikheid ontstaan. • kennis te dra van die verhouding en wisselwerking tussen die deliktereg en ander vakterreine binne die privaatreë. • die reëls en vereistes vir die ontstaan en tot niet gaan van deliktuele aanspreeklikheid en remedies te ken en verstaan. • in staat te wees om die reëls op praktiese gevalle toe te pas. • sodanig vertrouwd te wees met grondslae van die vakterrein dat u eendag as praktisyn in staat sal wees om met selfvertroue praktiese gevalle in u praktyk te kan hanteer en oplos. • die vermoë om verskillende bronne oor dieselfde onderwerp te integreer en krities met mekaar te vergelyk verder uitgebou het. • in staat te wees om by te hou met die veranderinge wat op die vakterrein gaan plaasvind. 		
Metode van Aflewering: Voltyds		

Modulekode: IURI274	Jaarmodule	NKR-Vlak: 6
Titel: Taalvaardigheid in Regskommunikasie		
Module-uitkomst:		
Na afhandeling van die module moet die student die volgende demonstreer:		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		
Modulekode: TAXC221	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Rekeningkunde: Inkomstebelasting van Individue en Administrasie van Eiendom		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • die Inkomstebelastingwet, hofsake en praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te kan interpreteer en toepas; • sy/haar kennis van die definisie van bruto inkomste, vrygestelde inkomste, aftrekbare uitgawes en belasbare inkomste soos gedefinieer in die Inkomstebelasting Wet duidelik te kan demonstreer; • die normale inkomstebelasting betaalbaar (kapitaalwinstbelasting ingesluit) deur individue op belasbare inkomste van vergoeding, beleggingsinkomste en byvoordele te kan bereken; • die werknemersbelasting wat van vergoeding afgetrek behoort te word asook voorlopige belasting te kan bereken; • te kan motiveer, deur middel van verwysings na wetgewing en hofsake, hoekom items belasbaar/aftrekbaar is; • die belasting en rekeningkundige behandeling van bestorwe en insolvente boedels te kan doen met verwysing na Wet op Administrasie van Boedels nr.66 van 1965 en die Insolvensiewet nr24 van 1936; • deur verwysing na wetgewing, die skenkingsbelasting betaalbaar te bereken. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		

Modulekode: TAXC371	Jaarmodule	NKR-vlak: 7
Titel: Belastingtoepassings		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> die Inkomstebelastingwet, hofsake en SAID praktyknotas te kan interpreteer; kapitaal en ander toelaes van verskeie entiteite (bv. Maatskappye, BK's, Vennootskappe, Boere) en individue te kan identifiseer en bereken; die normale inkomstebelasting betaalbaar deur individue en entiteite (bv. Maatskappye, BK's, Vennootskappe, Boere) te kan bereken; Dividendbelasting te kan bereken; belasting op enkelbedrae ontvang te kan bereken; die verskeie tipes belasting verskuldig deur individue en maatskappye ingevolge die Vierde Bylae van die Inkomstebelastingwet te kan bereken (bv. voorlopige belasting, werknemersbelasting, ens.) die Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) in ooreenstemming met die Belasting op Toegevoegde Waarde Wet te kan interpreteer en bereken; die beginsels van Kapitaalwinsbelasting (KWB) in ooreenstemming met die Agste Skedule van Inkomstebelasting Wet te kan toepas en bereken; om sake van belastingvermyding te kan identifiseer deur na wetgewing en hofsake te verwys; om boedelbelasting te kan bereken deur te verwys na wetgewing en hofsake; om die relevante belastings op trusts te bereken en die relevante belastingbetalers te identifiseer asook sake van belastingvermyding in terme van Artikel 7 en 25 van die Inkomstebelasting Wet ; alle belastings te kan toepas vir gevorderde belastingprobleme en -berekeninge. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		
Modulekode: TAXF211	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Belasting: Inleiding tot Inkomstebelasting van maatskappye		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> die Inkomstebelastingwet en relevante hofsake, uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, aangaande maatskappye te interpreteer en toe te pas; 'n duidelike begrip van die definisie van bruto inkomste, vrygestelde inkomste, aftrekbare uitgawes en belasbare inkomste soos deur die Inkomstebelastingwet gedefinieer, aangaande besigheidsaktiwiteite te demonstreer; basiese spesifieke aftrekkings en kapitaalvermindings van maatskappye te identifiseer en te bereken; basiese kapitaalwinsbelasting (KWB) volgens die Agste Bylae van die Inkomstebelastingwet te bereken; die normale inkomstebelasting betaalbaar deur maatskappye te bereken; basiese administratiewe prosedures ten opsigte van die Inkomstebelastingwet te verskaf; en basiese Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW), soos vereis deur die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, te bereken. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		
Modulekode: TAXF221	Semester: 2	NKR-vlak: 7
Titel: Belasting: Inleiding tot Inkomstebelasting van individue		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module, behoort die leerder in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> die relevante inkomstebelastingwet, beslissings en praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens ten opsigte van die belasting van individue te interpreteer; 'n duidelike begrip van die definisie van bruto inkomste, aftrekbare uitgawes en belasbare inkomste, soos gedefinieer deur die Inkomstebelastingwet, te demonstreer; 'n duidelike begrip van byvoordele soos gedefinieer in die Sewende Bylaag, te demonstreer; Belasbare inkomste afgelei van enkelbedragontvangstes vanaf indiensneming en aftreefondse, te bereken; en Normale inkomstebelasting betaalbaar deur individue op belasbare inkomste afgelei vanaf indiensneming en beleggingsinkomste, te bereken. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		

Modulekode: TAXF311	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Belasting: Belasting van individue en ondernemings		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • die betrokke Inkomstebelastingwet, hofbeslissings en praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te interpreteer; • kennis te hê van die definisies van bruto inkomste, aftrekbare uitgawes, byvoordele, enkelbedrae ontvang en belasbare inkomste van individue uit die beoefening van 'n bedryf; • die belasting betaalbaar deur 'n individu te bereken op belasbare inkomste uit boerdery; • belasting betaalbaar op belasbare inkomste van individuele vennote te bereken uit die beoefening van 'n bedryf in vennootskap; en • belasting betaalbaar deur 'n individu te bereken op inkomste uit besoldiging, byvoordele, enkelbedrae, beleggingsinkomste en die beoefening van 'n bedryf 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		
Modulekode: TAXF321	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Belasting: Maatskappybelasting, trusts, BTW en KWB		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • die betrokke Inkomstebelastingwet, hofbeslissings en praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te interpreteer; • kennis hê van die definisies van bruto inkomste, aftrekbare uitgawes en belasbare inkomste van maatskappye en trusts; • die belasting betaalbaar deur maatskappye en trusts te bereken; • skenkingsbelasting en boedelbelasting betaalbaar te bereken; • die Belasting op Toegevoegde Waarde Wet (BTW) te interpreteer en BTW te bereken; • dividendbelasting te bereken; en • die bylaag oor Kapitale Wins Belasting (KWB) te interpreteer en KWB betaalbaar te bereken 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		
Modulekode: WISN111	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Inleidende Algebra en Analise I		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • fundamentele kennis demonstreer van die funksiebegrip, absolute waardefunksie, sirkelmaat en inverse funksies, trigonometriese en inverse trigonometriese funksies, eksponensiale en logaritmiëse funksies, limiete, kontinuïteit, differensieerbaarheid en onbepaalde integrale van al bogenoemde funksies, l'Hospital se reël en sy gebruik, die natuurlike getalgestelsel insluitend wiskundige induksie, die heelgetalgestelsel insluitend die delings- en Euklidiese algoritmes en hul gebruik, rasionale en irrasionale getalle, die reële getalgestelsel, en die komplekse getalgestelsel insluitend De Moivre se stelling en sy gebruik; • probleemoplossingsvaardighede demonstreer deur bekende en onbekende probleme te analiseer, kennis van tegnieke gebruik om definisie- en waardeversamelings, limiete, kontinuïteit, afgeleides en onbepaalde integrale van al bogenoemde funksies te bereken, limiete met behulp van l'Hospital se reël te bereken, stellings deur wiskundige induksie bewys, grootste gemene delers bepaal en dit gebruik om diofantiese vergelykings op te los, en bewerkings met komplekse getalle uit te voer. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		

Modulekode: WISN112/WISN123	Semester 1/2	NKR-vlak: 5
Titel: Wiskundige Tegnieke		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • inleidende kennis te demonstreer van die konsep van 'n wiskundige funksie vanuit voorbeelde wat eksponensiale en logaritmiëse funksies insluit, die konsepte van differensiasie en integrasie, 'n oplosmetode vir stelsels lineêre vergelykings, matriksalgebra, lineêre programmerings-probleme in twee veranderlikes, analise van die tempo van verandering van wiskundige funksies met die gebruik van differensiasie om die eienskappe van die funksie te ondersoek; • die vaardigheid te demonstreer om die teenwoordigheid en toepasbaarheid van wiskundige konsepte in 'n ekonomiese situasie te herken en 'n wiskundige model van die probleem-situasie te konstrueer ten einde 'n oplossing te verkry deur die toepassing van differensiasietegnieke, rekenkundige tegnieke of lineêre algebra. 		
Modulekode: WISN121	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel: Inleidende Algebra en Analise II		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • fundamentele kennis demonstreer van vektore in die driedimensionele ruimte, hul eienskappe en gebruike, polinome in een veranderlike insluitend die faktorstelling, die resstelling, sintetiese deling en Euklidiese algoritme, rasionale funksies insluitend parsieële breuke, permutasies, kombinasies, die binomiaalstelling, die gebruik van afgeleides in optimalisering en krommesketsing, Taylor-reekses insluitend die basiese stellings oor die konvergensie van reekse, die fundamentele stellings van differensiaal- en integraalrekenre, Riemannsomme, die bepaalde integraal se basiese eienskappe en gebruike, gevorderde integrasietegnieke, hiperboliese en inverse hiperboliese funksies, en toepassings van integrasie op oppervlaktes, lengtes en volumes; • probleemoplossingsvaardighede demonstreer deur bekende en onbekende probleme te analiseer, kennis van tegnieke gebruik om drie-dimensionele ruimtes te beskryf, punt-, kruis- en trippelprodukte te bereken en gebruik om 'n verskeidenheid van probleme op te los, wortels en grootste gemene delers van polinome te bepaal, rasionale funksies in parsieële breuke te ontbind, die aantal rangskikkings en keuses uit 'n versameling te bepaal, binomialuitbreidings te doen, funksies te skets, optimeringsprobleme in 'n wiskundige formulering te giet en die kennis van afgeleides gebruik om dit op te los, Taylor-reekses te bereken en die konvergensie daarvan te beoordeel, Riemannsomme te bepaal, bepaalde integrale te bepaal, en oppervlaktes, lengtes en volumes te bereken. 		
Modulekode: WVES221	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Verstaan die Ekonomiese Wêreld		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige kennisbasis te hê van 'n verskeidenheid wêreldbeskouings en ideologieë en sy/haar kritiese verstaan daarvan te demonstreer deur die aard en funksie, sowel as die verskillende moderne/kontemporêre manifestasies van die wêreldbeskouings en ideologieë te vergelyk; • die verbande van fenomene soos dit in die natuurlike en sosiale sisteme voorkom te verstaan en vanuit sy/haar vertrekpunt, werklike lewensvraagstukke of gevallestudies te analiseer en evalueer, gebaseer op kernvraagstukke van ons tyd, soos armoede, voortdurende verandering, menseregte, MIV-VIGS, magsmisbruik, korrupsie, rassisme, rassehaat, ensovoorts; • sy/haar persoonlike wêreldbeskouing te kan oordra en dit te gebruik as 'n vertrekpunt om werkbare oplossings vir kernvraagstukke en probleme van ons tyd, op 'n tipies akademiese wyse te kan argumenteer en kommunikeer. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes:	Formatief: 3 klastoetse; gewig – 40 klasbywoning; gewig – 10	
	Summatief: 1 x 1 uur eksamen; gewig – 50	
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: WVES311	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Bedryfsetiek		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
1. Kennis te dra van:		
<ul style="list-style-type: none"> - geselekteerde etiese teorieë; - strategieë vir morele besluitneming; - geselekteerde sosio-ekonomiese etiese kwessies; - geselekteerde kwessies en benaderings in besigheidsetiek; en - die aard van organisasies en van bestuur vanuit 'n etiese perspektief; 		

2. Oor die vermoë en vaardighede te beskik om bogenoemde kennis toe te pas op gevallestudies; en
3. Die bogenoemde teorieë en kwessies te kan analiseer en evalueer vanuit verskillende filosofiese en/of ideologiese perspektiewe.
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds
Assesseringsmetodes: Formaatief: 3 klastoetse; gewig – 40 klasbywoning; gewig – 10 Summatief: 1 x 1 uur eksamen; gewig – 50
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.

E.4.2 MODULE-UITKOMSTE: VERLENGDE PROGRAMME BACCALAUREUS COMMERCII

Verlengde program modules is ter voorbereiding vir die gewone eerste-/tweede-/derdejaar modules en kombineer sekere aspekte van die gewone program materiaal met wesentlike voorsiening vir fundamentele materiaal.

Modulekode: ACFS111	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Finansiële Rekeningkunde Spesiaal: Basiese Konsepte, Rekeningkundige Siklus en Rekeningkundige Stelsels		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> die doel en funksie van rekeningkunde te kan verduidelik; 'n duidelike begrip van die rekeningkundige vergelyking te toon; transaksies in joernale, grootboekrekenings en kontrolerekenings te kan aanteken; 'n rekeningkundige stelsel vir 'n spesifieke onderneming te kan ontwerp; elementêre finansiële state vir 'n eenmansaak te kan opstel. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf in 'n werksrooster.		
Modulekode: ACFS121	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel: Finansiële Rekeningkunde Spesiaal: Bankrekonsiliasie, Elementêre Finansiële Verslagdoening, Elementêre Ontleding en Vertolking van Finansiële State		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> transaksies in die kontantontvangste en betalingsjoernale aan te teken en 'n bankrekonsiliasiestaat op te stel; die staat van omvattende inkomste (inkomstestaat), staat van finansiële posisie (balansstaat) en staat van verandering in ekwiteit vir 'n eenmansaak op 'n algemeen aanvaarbare formaat op te stel; finansiële verhoudings te kan identifiseer en die doel daarvan te verduidelik en toe te pas in die ontleding en vertolking van die likwiditeit, winsgewendheid en solvensie van ondernemings. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		
ACFS111,121 (Finansiële Rekeningkunde Spesiaal) is ter voorbereiding vir die gewone eerstevlak modules in Rekeningkunde. Dit word bedoel vir studente wat nie Rekeningkunde op graad 12 vlak geneem het nie.		
Modulekode: ACFS112	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Rekeningkunde Spesiaal (CA): Basiese Konsepte, Rekeningkundige Siklus en Rekeningkundige Stelsels		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> die doel en funksie van rekeningkunde te kan verduidelik; 'n duidelike begrip van die rekeningkundige vergelyking te toon; transaksies in joernale, grootboekrekenings en kontrolerekenings te kan aanteken; 'n rekeningkundige stelsel vir 'n spesifieke onderneming te kan ontwerp; elementêre finansiële state vir 'n eenmansaak te kan opstel. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		
Modulekode: ACFS122	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel: Rekeningkunde Spesiaal (CA): Bankrekonsiliasie, Elementêre Finansiële Verslagdoening, Elementêre Ontleding en Vertolking van Finansiële State		
Module-uitkomst:		

<p>Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • transaksies in die kontantontvangste en betalingsjoernale aan te teken en 'n bankrekonsiliasiestaat op te stel; • die staat van omvattende inkomste (inkomtestaat), staat van finansiële posisie (balansstaat) en staat van verandering in ekwiteit vir 'n eenmansaak op 'n algemeen aanvaarbare formaat op te stel; • finansiële verhoudings te kan identifiseer en die doel daarvan te verduidelik en toe te pas in die ontleding en vertolking van die likwiditeit, winsgewendheid en solvensie van ondernemings. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		
ACFS112,122 (Rekeningkunde Spesiaal (CA)) is ter voorbereiding vir die gewone eerstevlak modules in Rekeningkunde vir Geoktrooieerde Rekenmeesterstudente. Dit word bedoel vir studente wat nie Rekeningkunde op graad 12 vlak geneem het nie.		
Module kode: BRSF121	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Analitiese Denke		
Modulekode: CTSS111	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel:		
CTSS111 is ter voorbereiding vir kritiese denkvaardighede wat vereis word oor alle modules.		
Modulekode: STTF111	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Grondslag Statistiek I		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • die belangrikheid van datatypes te verstaan wanneer dataontleding tegnieke gekies word; • die vereistes by die opstel van vraelyste te verstaan; • die stappe in datavoorbereiding te identifiseer en toe te pas voordat dataontleding gedoen word; • Excel as 'n werktuig te gebruik om basiese statistiese ontleding te doen, d.w.s. datavaslegging, gebeurtenisheidstabelle en grafiese vermoëns sowel as die <i>Data Analysis add-in</i> module te gebruik om die reeks statistiese ontleding vermoëns uit te brei; • die drukstukke te interpreteer, d.w.s. grafieke, tabelle en maatstawwe van beskrywende statistiek. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 2-uur toets; gewig – 50 Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: STTF121	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel: Grondslag Statistiek II		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • die regressiemodel as geheel en die individuele regressie veranderlikes vir statistiese betekenisvolheid te toets deur Excel te gebruik; • Excel te gebruik om waarskynlikhede en vertrouensintervalle af te lei en hipoteses te toets; • 'n statistiese projek uit te voer, vanaf ontwerp tot ontleding. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 2-uur toets; gewig – 50 Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: WISS112	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Grondslag Wiskunde I		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • kennis op inleidende vlak te demonstree van getaltestelsels en eksponentwette; • eenvoudige woordprobleme wiskundig te formuleer; • wiskundige konsepte en eienskappe toe te pas en te demonstree deur uitdrukkings te vereenvoudig en lineêre en kwadratiese vergelykings en lineêre en kwadratiese ongelikhede op te los. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Modulekode: WISS122	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel: Grondslag Wiskunde II		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • kennis op inleidende vlak te demonstree van funksies, eksponentwette, logaritmwette en 		

limietwette; <ul style="list-style-type: none"> • kennis te demonstreeer van verskillende tipes grafieke, oplos van stelsels van lineêre vergelykings, lineêre programmering in twee veranderlikes, limiete en die analisering van die tempo van verandering van funksies; • kennis te demonstreeer van finansiële wiskunde (enkelvoudige en saamgestelde groei en verval, annuïteite en verbande); • wiskundige eienskappe en konsepte toe te pas en te demonstreeer deur uitdrukkinge te vereenvoudig, lineêre en kwadratiese vergelykings, lineêre ongelykhede, eksponensiële vergelykings en logaritmiëse vergelykings op te los.
Metode van aflewering: Voltyds
WISS112,122 (Grondslag Wiskunde I/II) is ter bereiking van 'n vlak van wiskundige vaardigheid benodig vir die gewone eerstevlak modules in Wiskunde.

E.4.3 MODULE-UITKOMSTE: DIPLOMA IN SPORTKUNDE

Modulekode: MBWK112	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Motor Learning		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> • omvattende en sistematiese, resente kennis en begrip met betrekking tot die interaktiewe aard van die fisieke, kognitiewe en affektiewe ontwikkeling van die kind; motoriese aspekte, geheuestrukture en sekere leerhierargieë; klassifisering van bewegings en bewegings-vermoëns; groei en rypingstendense in bewegingsontwikkeling sowel as bewegings-agterstande; individualiteit van sporttalent en talentidentifisering in sport te kan toepas; • om kennis van groei van toepassing te maak op sport-en bewegingsvaardighede by kinders van verskillende ouderdomsgroepe; bewegingsvermoë te klassifiseer; • die motoriese en fisieke ontwikkelingsvlak en gepaardgaande perseptueel- motoriese vaardighede van kinders van verskillende ouderdomsgroepe te ontleed; • etiese verantwoorde benadering/handeling ten opsigte van motoriese ontwikkeling en die aanleerproses te openbaar. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: 50:50		
Modulekode: MBWK216	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Biomeganika		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> • kennis en begrip van die sleutel terme, reëls, begrippe en teorieë van toepassing op Biomeganika in navorsing te demonstreeer, beredeneer en kommunikeer; • die kernprosedures en tegnieke nodig vir die analise, identifikasie en evaluering van sportverwante bewegings te kan kies en toepas; • individueel en in 'n groep inligting oor biomeganika verwante aspekte in sport en beserings te identifiseer, interpreteer, bespreek en in die vorm van 'n verslag te integreer; • biomeganiesverwante sportvraagstukke vanuit 'n waarde-perspektief krities te kan bespreek en 'n gefundeerde opinie daaroor te kan lewer; • insig te toon in die veld van Biomeganika en in staat wees om u kennis toe te pas in sportkunde en sportafrigting, biokinetika, oefenkunde, rekreasie en avontuur; • eties en verantwoordelik op te tree tydens die toepassing van biomeganika navorsing en afrigting 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: 50:50		
Modulekode: MBWK218	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Inleiding tot Sportbeserings		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> • 'n effektiewe sport gesondheidsorgsisteem te vestig; • die patofisiologie, biomeganika en herstel van beserings te verstaan en weer te gee; • kennis beskik vir die voorkoming en beperking van sportverwante beserings • individueel en in 'n multidisiplinêre spanverband die oorsake, erkenning/identifisering en behandeling van spesifieke sportbeserings en toestande kan hanteer; • pasiëntevaluasie wetmatig en binne die etiek van noodhulpe kan toepas. Die basiese anatomie, 		

fisiologie, patofisiologie en noodbehandeling van die volgende toestande verstaan, identifiseer en behandel: Respiratoriese, kardiovaskulêre, senuwee, fisiologiese, muskuloskeletale en aanverwante trauma toestande.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: 50:50		
Modulekode: MBWK223	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Kinantropometrie		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • velvoue, omtrekke, liggaamsmassa, liggaamslengte en deursneemates korrek en volgens die internasionale standaarde te neem; • teoretiese aspekte soos die bepaling van vetpersentasie, somatotipering, basiese anatomie, die metingsfout ensovoorts te verstaan en ook in die praktyk te kan toepas; • liggaamsmetings op pasiënte/sportlui uit te voer, te konsulteer en verslagskrywing te kan doen; • bewus te wees van die grondslag rakende etiese reëls en norme rakende die hantering van persone tydens liggaamsmeting. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: 50:50		
Modulekode: MBWK226	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Sport- en Oefensigologie		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n goeie begrip te toon van die ontstaan, ontwikkeling, toekomsvooruitsigte en afbakening van die Sport-en Oefensigologieterrein ten einde potensiële beroepsmoontlikhede of toepassingsvelde te identifiseer; • so goed onderlê te wees in sekere grondbeginsels wat sportlui se gedrag beïnvloed (waaronder persoonlikheid, motivering, opwekking, stres en angs) dat jy hierdie effek kan beskryf, evalueer en toepas; die voorkoms van uitbranding en oor oefening binne kompeterende sport te kan identifiseer, voorkom of aanspreek ten einde by te dra tot die sportman of -vrou se totale welstand en gesondheid; • sekere basiese sportpsigologiese vaardighede (aktiveringsbeheer, beelding, selfvertroue, doelwitstelling en konsentrasie) op 'n wetenskaplik verantwoordbare wyse binne 'n goed ontwikkelde sportpsigologiese vaardighedsprogram te kan fasiliteer ten einde sportprestasies te bevorder; • jou oortuigings ten opsigte van die toekoms moontlikhede van die Sport-en oefensigologiese vakinhoud binne die groter konteks van die Menslike Bewegingskunde veld te formuleer en uit te leef 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: 50:50		
Modulekode: MBXG114	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel: Afrigtingskunde in Gholf		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • die vermoë te toon om basiese gholfvaardighede uit te voer; • die reëls van die spel te ken en te kan toepas; • kennis te toon van effektiewe beplanningsvaardighede om suksesvol as golfafriër te kan optree; • prakties 'n effektiewe afrigtingsessie vir ander studente aan te bied; • etiese gebruike van die spel korrek te verstaan en toe te pas 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: 50:50		
Modulekode: MBXR112	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Supplementasie en Ergogeniese Middels		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • te onderskei tussen die verskillende kategorieë van ergogeniese middels; • te onderskei tussen wettige en onwettige middels in sport; • verslag te doen oor die etiese aspekte rakende die gebruik van ergogeniese middels in sport. • Breedvoerig die verskillende produkte te kan bespreek wat sportlui as supplementasie gebruik • Sekere definisies met betrekking tot supplementasie in sport te kan weergee 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: 50:50		

Modulekode: MBXR114	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Basiese Anatomie en Energiesisteme		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • die verskillende begrippe wat in anatomie gebruik word te kan definieer en toepas in die identifisering en beskrywing van die verskillende skeletale en muskulêre strukture; • die anatomiese strukture van die verskillende bene (skeletale sisteem) en gewigte (artikulêr sisteem) sowel as primêre spiere (muskulêre sisteem) skriftelik en mondelings te kan noem en identifiseer; • te verstaan hoe die verskillende fisiologiese prosesse in die liggaam by korttermyn- en langtermyn oefening aanpas deur na die inoefening van die verskillende energiesisteme te verwys. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: 50:50		
Modulekode: MBXC124	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel:		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • feitekennis rakende verskillende aspekte van suksesvolle afrigters, afrigting, lesplanopstelling, vaardigheidsaanlering en reëls te kan weergee; • lesplanne saam te stel, te organiseer, uit te voer, aan te pas en binne 'n afrigtingsituasie te kan toepas; • voor kompetisie en kompetisie programme vir verskillende groepe spelers te kan beplan, opstel en te kan aanbied; • die wetenskaplike program waarvolgens nuwe vaardighede aangeleer moet word te bemeester en effektief tydens praktiese sessies toe te pas; • effektiewe afrigting aan spelers te bied (met inagneming van hul motoriese-, sosiale-, psigologiese vlak van ontwikkeling) ten einde 'n lewenslange belangstelling in die sportsoort te bewerkstellig en die korrekte tegniek vir vaardighede te vestig. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: 50:50		
Modulekode: MBXK124	Semester 2	NKR-vlak:5
Titel: Generiese Sportafrigtingskunde		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • die verskillende hoedanighede van 'n afrigter te vertolk en spelers (alle ouderdomme en vlakke van deelname) op 'n wetenskaplik en eties verantwoorde wyse te onderrig in die verskillende grondbeginsels van die sport, ten einde optimale prestasie te bevorder; • die basiese/fundamentele kennis en eise wat die afrigters beroep in sport stel, te kan beskryf en motiveer; • die verskillende doelstellings van die afrigter te identifiseer en u eie afrigtingsdoelstellings daaruit te formuleer; • u eie benadering tot afrigting gegrond op die verskillende hoedanighede -en doelstellings van afrigting, te ontwikkel en toe te pas; • praktiese vaardighede met betrekking tot interpersoonlike interaksie te ontwikkel en in afrigtingsituasies toe te pas; • kommunikasievaardighede tydens die afrigtingsproses te gebruik; • sport en speletjies te gebruik om spelers in spesifieke afrigtingsomstandighede te ontwikkel; • wetenskaplike beginsels te identifiseer wat kan bydra tot die ontwikkeling van vaardighede en taktiek; • wetenskaplike beginsels met betrekking tot interaksie van vaardighede en praktiese toestande te ontleed en aan te pas 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: 50:50		
Modulekode: MBXT211	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Afrigtingskunde in Tennis		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • feitekennis rakende verskillende aspekte van suksesvolle afrigters, afrigting, lesplanopstelling, vaardigheidsaanlering en reëls te kan weergee; • lesplanne saam te stel, te organiseer, uit te voer, aan te pas en binne 'n afrigtingsituasie te kan toepas; • voor-kompetisie en kompetisie programme vir verskillende groepe spelers te kan beplan, opstel en 		

<p>aanbied;</p> <ul style="list-style-type: none"> die wetenskaplike program waarvolgens nuwe vaardighede aangeleer moet word te bemeester en effektief tydens praktiese sessies toe te pas; effektiewe afrigting aan spelers te bied (met inagneming van hul motoriese-, sosiale-, psigologiese vlak van ontwikkeling) ten einde 'n lewenslange belangstelling in die sportsoort te bewerkstellig en die korrekte tegniek vir vaardighede te vestig 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: 50:50		
Modulekode: MBXR216	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Spelanalise en -voorbereiding		
<p>Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> onderskeid te tref tussen verskillende wedstrydplanne wat gevolg kan word deur die bekwaamhede en tekortkominge van 'n span in ag te neem; spelanalise te doen en die resultate daarvan te interpreteer; in die lig van spelanalise die mees geskikte wedstrydplan vir sy span saam te stel en die span dienoreenkomstig fisiek en takties voor te berei. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: 50:50		
Modulekode: MBXR217	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Sportbestuur		
<p>Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> toepaslike feitekennis met betrekking tot bestuurstake in sport te kan toepas; verskeie definisies met betrekking tot sportbestuur te ken en kan weergee; bestuurs kommunikasievaardighede prakties en teoreties te kan weergee; 'n finansiële bestuurstelsel van 'n sportklub te kan verstaan en self te ontwikkel 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: 50:50		
Modulekode: MBXR218	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Sportkommersialisering, Sportontwikkeling en Sportreg		
<p>Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:</p> <p>Sportkommersialisering</p> <ul style="list-style-type: none"> die definisie van sportkommersialisering te verstaan en te kan verduidelik; strategiese bemarkingsbestuur te kan ontleed, verstaan en toepas; 'n sportbemarkingsplan ten volle te kan ontwikkel en implementeer; te bepaal en te verstaan wat die verskillende gedragspatrone van die sportverbruiker is; marksegmentering te kan definieer en verduidelik, asook die strategieë en taktieke; die sportproduk, promosies, verkope en prysstrategieë te verstaan en effektief te kan toepas; <p>Sportontwikkeling</p> <ul style="list-style-type: none"> fasiliteite vir sportontwikkeling te kan bestuur; 'n volledige sessie te kan beplan, uitwerk en toepas met die kinders; 'n klub te kan stig; die sportstrukture van Suid-Afrika te verstaan; <p>Sportreg</p> <ul style="list-style-type: none"> die wet te kan toepas op sport met inagneming van die algemene wet, kriminele wet en siviele wet; te verstaan hoe 'n klub/assosiasie/ongeaaffilieerde assosiasie se konstitusie volgens die wetlike aspekte ontstaan en opgestel word; te weet wat sê die wet oor beserings tydens wedstryde tussen twee of meer partye, dissiplinêre prosesse en wie die verantwoordelike persone is tydens byeenkomste/toernooie; kennis aangaande handelsmerke en hul wetlike aspekte soos kopiereg, patente reg en etiese konsepte ten volle te verstaan; 'n persoon in diens te neem volgens die riglyne van die wet op arbeidsverhoudinge en 'n kontrak op te stel met al die wetlike spesifikasies. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: 50:50		
Modulekode: MBXR219	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Sportorganisasie en -administrasie		
Module-uitkomst:		

<p>Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> kennis en vaardighede van menslike beweging te integreer met beginsels van rekreasie en avontuurpraktyke wat vir sport, gesondheid en menslike ontwikkeling toepaslik is in die verwerwing van toegepaste bevoegdhe deur probleemoplossing, uitvoering van projekte, hantering van lewenswerklike gevalle studies en praktykgerigte scenario's; individueel of in groepe bewysgedrewe interpretasie deur analise, sintese en evaluering aan navorsingsresultate te kan heg deur dit teoreties te kan fundeer en dit met behulp van IT skriftelik en mondeling te kan kommunikeer aan leke en professionele gehore; dit te kan demonstreer dat in die bereiking van uitkomste, die beredenerings en kommunikasie gebaseer is op 'n suiwer wêreld-en mensbeskouing en 'n gevestigde waardesisteem. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: 50:50		
Modulekode: MBXH221	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Afrigtingskunde in Hokkie		
<p>Module -uitkomste:</p> <p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> die wetenskaplike program waarvolgens nuwe vaardighede aangeleer moet word te bemeester en effektief tydens praktiese sessies toe te pas; effektiewe afrigting aan kinders te bied, (met inagneming van hul motoriese-, sosiale -, psigologiese vlak van ontwikkeling) ten einde 'n lewenslange belangstelling in die sportsoort te bewerkstellig en die korrekte tegniek vir hokkievaardighede te vestig; kennis te demonstreer van tegnieke, hulpverlening en aanleermetodes en foutontleding; in die onderrig-/leersituasie hokkievaardigheid te verbeter deur goed te beplan/ontwerp/in te oefen; kennis te toon van effektiewe beplanningsvaardighede om suksesvol as hokkieafrigter te kan optree in 'n klub en/of skoolsituasie; effektief in groepsverband/spanverband saam te werk 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: 50:50		
Modulekode: MBXC225	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Spelvaardigheidstoepassings in Krieket		
<p>Module-uitkomste:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> spelers op 'n wetenskaplike wyse te kan afrig in die toepassing van die spelvaardighede, spelfasette en spesiale spel in spelverband. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: 50:50		
Modulekode: MBXC324	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Spelvaardigheidstoepassings in Krieket		
<p>Module-uitkomste:</p> <p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> aan alle fasette rakende die afrigtingsberoep met betrekking tot die betrokke sport blootgestel te wees en kry hulle geleentheid om dit prakties in te oefen. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: 50:50		

Modulekode: MBXR214	Semester 2	NKR-vlak:6
Titel: Sportfisiologie in Praktyk		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • besondere kennis en begrip te demonstreeer van feite, sleuteltermes, beginsels, reëls en teorieë van obesiteit, weerstand en interval werk asook van oefeningsapparate en –tegnieke; • vaardighede te demonstreeer om kennis, metodes en tegnieke op eties verantwoordelike wyse toe te pas om die voorkoms van obesiteit te identifiseer en moontlike fisiologies gefundeerde oplossings te formuleer en gewigsverliesprogramme te ontwikkel om die gewenste resultate te lewer; • vermoë te demonstreeer om sportfisiologiese probleme te identifiseer, te analiseer en evalueer en dan op verantwoordbare wyse wetenskaplike kennis en vaardighede toe te pas om oplossings binne die kondisioneringsprogram te kan voorstel en implementeer om sportprestasie te bevorder; • resultate en voorstelle op verantwoordelike, betroubare en akkurate wyse skriftelik, mondelings en/of deur demonstrasies te kommunikeer. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		
Modulekode: PSYC121	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel: Sosiale en Gemeenskap psigologie		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n fundamentele kennis van en insig in die perspektiewe en teorieë waarop die sosiale en gemeenskap psigologie gebaseer is en 'n ingeligte begrip van die konsepte en terminologieë te kan demonstreeer sodat dit toegepas kan word op goed-gedefinieerde probleme of gevallestudies soos armoede, konstante verandering, menseregte, magsmisbruik, korrupsie, rassisme, vreemdelinge-haat, ensovoorts, binne 'n multikulturele konteks en 'n begrip vir hulle samehang; • inligtingsverkrygings- en verwerkingsvaardighede te demonstreeer vir die skryf van take binne die konteks van die sosiale en gemeenskap psigologie op individuele of in groepverband; • gevallestudies, voorbeelde of probleem-situasies en oplossings, individueel of in groepverband, te analiseer en te evalueer en in die vorm van 'n verslag of werkstuk, verbaal of skriftelik te kan weergee binne voorgeskrewe konvensies en formate; 		
in alle vorme van kommunikasie en interaksie 'n gevestigde houding en etiese sisteem teenoor mense te demonstreeer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Rekenaar 1 x 2 ure		
Modulekode: WVGW221	Semester 2	NKR-vlak:6
Titel:		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		

E.4.4 MODULE-UITKOMSTE: BACCALAUREUS SCIENTIAE

Modulekode: ACCC111	Semester: 1	NKR-vlak: 5
Titel: Rekeningkunde: Raamwerk, Grondslae, Siklus en Finansiële Verslagdoening		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • die basiese kennis van die beginsels van die rekeningkundige siklus, insluitend die teboekstelling van transaksies en aansuiwerings, vanaf die brondokumente, in hulpjoernale/hulpgrootboeke en die algemene grootboek van die entiteit te demonstreeer; • die rekeningkundige raamwerk en die basiese elemente van finansiële state, insluitend die erkenning en metingskriteria te verstaan; • die basiese stel finansiële state, insluitend die basiese openbaarmaking in die aantekeninge, in die korrekte formaat, gebaseer op die inligting vanuit die proefbalans of algemene grootboek, te kan opstel; • versekeringswinste/verlies te bereken en te boek te stel en • finansiële state voor te berei wanneer 'n stel onvolledige rekords ontvang word. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		

Modulekode: ACCC121	Semester: 2	NKR-vlak: 5
Titel: Rekeningkunde vir Verskillende Entiteite		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • die definisies, erkennings- en metingskriteria van die verskillende elemente van finansiële state sowel as die beginsels van aanbidding van finansiële state in 'n gegewe situasie te kan toepas; • te kan onderskei tussen verskillende vorme van entiteite, insluitende alleen-eienaars, vennootskappe, maatskappye en beslote korporasies, en ook transaksies in die rekords van elk van hierdie entiteite te boek te kan stel; • inligtingstechnologie effektief te kan gebruik in die te boekstelling van transaksies in die rekords van 'n entiteit; • effektief te kan saamwerk met ander as deel van 'n groep of 'n span. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf .		
Modulekode: ACCF111	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Finansiële Rekeningkunde: Basiese Konsepte, Rekeningkundige Stelsels en Elementêre Finansiële Verslagdoening		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • die doel en funksie van rekeningkunde te verduidelik; • 'n duidelike begrip van die rekeningkundige vergelyking te toon; • joernale, grootboeke, hulp-grootboeke en kontrolerekeninge op te stel; • bankrekonsiliasies voor te berei; • versekeringseise ten opsigte van voorraadverliese te bereken; • transaksies te boekstaaf en finansiële state vir eenmansake op te stel. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		
Modulekode: ACCF121	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel: Finansiële Rekeningkunde: Elementêre Finansiële Verslagdoening, Vennootskappe, Beslote Korporasies en Maatskappye		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • transaksies te boekstaaf in die rekeningkundige rekords, Ontvangs- en Betalingstaat, Staat van omvattende inkomste (inkomstestaat) en Staat van finansiële posisie (balansstaat) op te stel vir niehandelndrywende organisasies; • finansiële jaarstate van vennootskappe op te stel; • finansiële jaarstate van beslote korporasies op te stel volgens die vereistes van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS); en • 'n duidelike begrip van die verskillende tipes aandele te toon, transaksies ten opsigte van die uitreiking en aflossing van aandele te boekstaaf en elementêre finansiële state van maatskappye op te stel; • 'n staat van kontantvloei te kan voorberei 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		
Modulekode: ACCS111	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Finansiële Rekeningkunde (spesiaal): Basiese Konsepte, Rekeningkundige Siklus en Rekeningkundige Stelsels		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • die doel en funksie van rekeningkunde te kan verduidelik; • 'n duidelike begrip van die rekeningkundige vergelyking te toon; • transaksies in joernale, grootboekrekenings en kontrolerekenings te kan aanteken; • 'n rekeningkundige stelsel vir 'n spesifieke onderneming te kan ontwerp; • elementêre finansiële state vir 'n eenmansake te kan opstel. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		

Modulekode: ACCS121	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel: Finansiële Rekeningkunde (spesiaal) Bankrekonsiliasie, Elementêre Finansiële Verslagdoening, Elementêre Ontleding en Vertolking van Finansiële State		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> transaksies in die kontantontvangste en betalingsjoernale aan te teken en 'n bankrekonsiliasiestaat op te stel; die staat van omvattende inkomste (inkomstestaat), staat van finansiële posisie (balansstaat) en staat van verandering in ekwiteit vir 'n eenmansaak op 'n algemeen aanvaarbare formaat op te stel; finansiële verhoudings te kan identifiseer en die doel daarvan te verduidelik en toe te pas in die ontleding en vertolking van die likwiditeit, winsgewendheid en solvensie van ondernemings. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		
Modulekode: BMAN111	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Inleiding tot Ondernemingsbestuur		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> 'n omvattende en sistematiese kennis van die aard van ondernemingsbestuur, oprigtingsvraagstukke van 'n nuwe onderneming, die verskillende ondernemingsfunksies en die basiese elemente van 'n ondernemingsplan te demonstreer; vaardighede te demonstreer gebaseer op insig van teorieë en konsepte, om oprigtingsvraagstukke van nuwe ondernemings te identifiseer, om verskillende ondernemingsfunksies te identifiseer en om 'n basiese SSGB analise en ondernemingsplan op te stel; 'n literatuurstudie en omgewingsoorsig te kan uitvoer, 'n basiese verslag te kan voorberei as individu of as lid van 'n span en die verslag te kan kommunikeer, skriftelik sowel as mondelings tot 'n gehoor. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50 Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: BMAN222	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Entrepreneuriese Geleenthede		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> die term entrepreneurskap in verskillende kontekste te kan gebruik; 'n entrepreneurse ingestelheid te toon; verslag te kan doen oor die elemente van entrepreneurskap; die funksionering van die brein, breinvoorkeure en denkvaardighede te verstaan; sy/haar denke en selfspraak te kan bestuur; struikelblokke te identifiseer en te weet hoe om dit te oorkom; omgewings te kan evalueer en geleenthede vir kreatiewe toepassing op alle lewensterreine te kan identifiseer; die eienskappe en vaardighede vir entrepreneurse sukses te verstaan en benut; toepaslike kreatiewe tegnieke te kan gebruik om idees te genereer en probleme op te los; in idee-genererende spanne te kan werk; entrepreneuriese taalgebruik te demonstreer; die vaardighede te toon wat noodsaaklik is vir kreatiewe entrepreneurse denke; die aanvanklike stappe te kan beplan en uitvoer om 'n oplossing of projek prakties te implementeer; 'n etiese benadering in alle werksaamhede te toon; doeltreffend op 'n individuele grondslag en in groepe te kan kommunikeer. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes:	Formatief:	2 - 3 klastoetse; gewig – 35 1 - 2 opdragte; gewig – 20 1 - 2 ander opdragte; gewig – 15
	Summatief:	1 x 2 uur eksamen; gewig – 30
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		

Modulekode: BWIA111	Semester 1	HEQF-vlak: 7
Titel: Inleiding tot Finansiële Wiskunde		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • Aan die einde van hierdie module het die student kennis en insig verwerf oor renteberekening, die tydwaarde van geld, huidige en toekomstige waardes, nominale en effektiewe koerse en annuïteite en lenings. • Die student verwerf in hierdie module vaardigheid in die hantering van vaag gedefinieerde probleme, en die integrering van begrippe uit die finansiële ekonomiese wêreld wat met behulp van wiskundige modelle gekwantifiseer kan word en met behulp van rekenaar sigbladgebaseerde implementering opgelos kan word. Spesifieke aandag word gegee aan die afspeel tussen simulاسie vs. analitiese asook diskrete vs. stogastiese modellering van sulke probleem. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50 Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: BWIA121	Semester 2	HEQF-vlak: 7
Titel: Inleiding tot Aktuariële Wetenskap		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • renteberekening; • die tydwaarde van geld; • huidige en toekomstige waardes; • nominaal en effektiewe koerse; • annuïteite; • lenings; • die gebruik van 'n veralgemeende kontantvloei-model om finansiële transaksies te beskryf • die berekening van die tydwaarde van geld deur die gebruik van die konsepte van saamgestelde rente en verdiskontering; • om te wys hoe rentekoerse of verdiskonteringskoerse uitgedruk mag word in terme van verskillende tydperiodes; • reële en geldrentekoerse; • die berekening van die huidige waarde en toekomstige waarde van 'n reeks gelyke of ongelyke betalings vir gegewe rentekoerse asook die netto huidige waarde teen 'n reële rentekoers onder die aanname van 'n konstante inflasiekoers; • die definisies en gebruik van meer belangrikste saamgestelde rente funksies insluitende vaste lyfrente; • versekering; • lewensversekering en veral oor algemene lewensversekeringsprodukte en die risiko's gepaardgaande daarmee; • algemene/korttermyn versekering en veral oor algemene korttermynversekeringsproduk teen die risiko's gepaardgaande daarmee; • aftreevoorsiening en veral oor vaste voordeel en vaste bydrae aftreefondse en die risiko's gepaardgaande daarmee; • mediese sorg en veral oor algemene mediese fondse en versekering en die risiko's gepaardgaande daarmee; en • bankwese en finansiële instansies en die risiko's en die risiko's gepaardgaande vir sulke instansies. <p>Die eerste 6 begrippe word in die vorm van 'n selfdoenprojek aangebied.</p> <p>Die student verwerf in hierdie module vaardigheid in die hantering van vaag gedefinieerde probleme, en die integrering van begrippe uit die finansiële ekonomiese wêreld wat met behulp van wiskundige modelle gekwantifiseer kan word en met behulp van rekenaar sigbladgebaseerde implementering opgelos kan word.</p> <p>Spesifieke aandag word gegee aan die afspeel tussen simulاسie vs. analitiese asook diskrete vs. stogastiese modellering van sulke probleem.</p>		
Metode van aflewering: Voltyds		

Modulekode: BWIA271	Jaarmodule	NKR-vlak: 6
Titel: Finansiële Wiskunde		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n veralgemeende kontantvloei-model te gebruik om finansiële transaksies te beskryf; • die tydwaarde van geld te bereken deur die gebruik van die konsepte van saamgestelde rente en verdiskontering; • te wys hoe rentekoerse of verdiskonteringskoerse uitgedruk mag word in terme van verskillende tydperiodes; • kennis te demonstreer van reële en geldrentekoerse; • die huidige waarde en toekomstige waarde van 'n reeks gelyke of ongelyke betalings vir gegewe rentekoerse asook die netto huidige waarde teen 'n reële rentekoers onder die aanname van 'n konstante inflasiekoers te bereken; • kennis te demonstreer van die definisies en gebruik van meer belangrike saamgestelde rente funksies insluitende vaste lyfrente; • kennis te demonstreer van die definisie van 'n waardevergeljking; • te beskryf hoe 'n lening terugbetaal kan word met gereelde terugbetalings van rente en kapitaal; • die tegniek van die verdiskontering van kontantvloei in die waardering van beleggingsprojekte te gebruik; • die beleggings en risiko-eienskappe van die volgende tipes bates beskikbaar vir belegging, te beskryf: <ul style="list-style-type: none"> ▪ vaste rente regeringslenings; ▪ vaste rente lenings van ander instansies; ▪ aandele en ander tipe aandeelfinansiering; ▪ afgeleide instrumente; • elementêre rentekoersprobleme te analiseer; • die afleweringprys en die waarde van 'n vooruit kontrak deur middel van vrylose arbitrage prysingsmetodes te bereken; • kennis te demonstreer van die termynstruktuur van rentekoerse; • kennis te demonstreer van eenvoudige stogastiese modelle van beleggingsopbrengstes; • as 'n individu of as deel van 'n groep die vermoë te demonstreer om: <ul style="list-style-type: none"> ▪ goedgedefinieerde maar onbekende probleme op te los deur middel van korrekte prosedures en toepaslike bewyse; ▪ 'n kritiese analise en samevatting van inligting te doen; ▪ inligting voor te lê deur middel van basiese inligtingstegnologie; ▪ inligting betroubaar en samehangend voor te lê en aan te bied deur middel van aanvaarde akademiese/professionele gebruik en formaat. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Modulekode: BWIA313	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Aktuariële Statistiese Modelle		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student:		
sistematiese begrip, samevattende en kritiese insig van: (i) die konsepte van beslissingsteorie en toepassing daarvan;		
<ul style="list-style-type: none"> • die berekening van waarskynlikhede en momente van verliesverdelings beide met en sonder grense en risikodelingsooreenkomste; • die grondbeginselkonsepte van Bayes-statistiek en die gebruik van hierdie konsepte om Bayes-beramers te bereken. • die konsepte en algemene eienskappe van stasionêre, $I(0)$, en geïntegreerde, $I(1)$, enkelveranderlike tydreeks; • die konsep van 'n stasionêre tydreeks; • die konsep van 'n filter toegepas op 'n stasionêre tydreeks; • die notasie vir 'n terugwaartse skuifbewerker, en die konsepte van wortels op die karakteristieke vergelyking van tydreeks; • die konsepte en eienskappe van outoregressiewe (AR), bewegende gemiddelde (MA), outoregressiewe bewegende gemiddelde (ARMA) en geïntegreerde outoregressiewe bewegende gemiddelde (ARIMA) tydreeks; • die konsep en eienskappe van diskrete stogastiese wandelings en stogastiese wandelings met normaalverdeelde inkremente, beide met en sonder dryf; • die konstruksie van risikomodelle wat frekwensie en hewighedsverdelings behels en die berekening van die momentvoortbringende funksie en die momente van die risikomodelle beide met en sonder eenvoudige herversekeringsooreenkomste; 		

<ul style="list-style-type: none"> die konsep van ruïnering vir 'n risikomodul. Dit sluit die berekening van die aanpassings koëffisient en om Lundberg se ongelykheid te kan noem. Dit sluit ook in die effek op die ruïneringswaarskynlikheid deur die verandering van parameterwaardes en eenvoudige herversekeringsooreenkomste; die tegnieke vir die analise van sloer of afvloedriehoëke en die projektering van die eidelike posisie deur middel van hierdie tegnieke; die grondbeginselkonsepte van 'n veralgemeende lineêre model (VLIM) en 'n beskrywing van hoe 'n VLIM toegepas kan word; <p>Die student sal ook as 'n individu of as deel van 'n groep demonstree:</p> <p>(a) hoe om onbekende konkrete en abstrakte probleme en gevolge te hanteer deur middel van stawende bewysde oplossings en argumente gevorm uit teorie;</p> <p>(b) die gebruik van goed ontwikkelde inligtingsonttrekkingsvermoëns;</p> <p>(c) hoe om 'n kritiese analise en samevatting op kwalifikatiewe en/of kwantitatiewe data uit te voer;</p> <p>(d) die gebruik van toepaslike IT-vermoëns om resultate voor te lê in 'n voorgeskrewe formaat;</p> <p>(e) hoe om inligting weer te gee en kommunikeer insluitend sy/haar/hul eie idees en opinies deur middel van 'n goed-afgeronde struktuur; en 'n bewustheid van sy/haar/hul gehoor deur middel van aanvaarde akademiese/professionele gebruik</p>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Modulekode: BWIN321	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Projek: Effektebeurs Modelling en Analise		
Module-uitkomst:		
<p>Hierdie module bou die konsepte wat in BWIA111 en BWIA121 studeer is tot 'n meer gevorderde vlak. Spanwerk speel 'n baie belangrike rol en meer word van die student verwag met betrekking tot selfstudie en navorsing. Die fokus is op die gebruik en ontwikkeling van meer gevorderde stelsels ter ondersteuning van besluitneming. Modelling en analise van die gedrag van sekuriteitebeurs op die sekuriteitebeurs vorm die raamwerk van die opleiding.</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> sy/haar eie portfolio op die sekuriteitebeurs te bestuur en effektief in 'n span te werk, waar gefokus word op die integrasie van kennis uit verskillende dissiplines om spesifieke probleme in finansiële risikobestuur op te los. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 2 uur eksamen; gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: ECON111	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Inleiding tot Ekonomie		
Module-uitkomst:		
<p>Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> toegang tot bronne wat nodig is vir 'n suksesvolle bestuurs/entrepreneurskap loopbaan te verkry; geleenthede in verskillende industrieë en studieveld te ontdek; sy/haar belangstellings, persoonlikheid, talente en waardes te ontdek en in verband te bring met die gekose industrie en studieveld; 'n persoonlike ontwikkelingsplan met visie en doelstellings op te stel; inkomste en uitgawes op 'n verstandige wyse te beplan en syfervaardigheid te openbaar; sy/haar persoonlike ontwikkelingsplan te implementeer deur met verskillende gehore te kommunikeer oor wat geleer is, selfbeheer en goeie interpersoonlike verhoudings te handhaaf en besigheidstaal effektief te gebruik. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: 2 - 3 klastoetse; gewig – 35 1 - 2 opdragte; gewig – 20 1 - 2 ander opdragte; gewig – 15 Summatief: 1 x 2 uur eksamen; gewig – 30		
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: ECON121	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Basiese Mikro- en Makro-ekonomie		
Module-uitkomst:		
<p>Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> fundamentele kennis van en insig in die beginsels en teorieë waarop mikro-ekonomie, makro-ekonomie en die Eenvoudige Makro-ekonomiese Model gegrond is te demonstree, en ook die vermoë demonstree om begrippe en terminologie aan te wend by die beantwoording van goed-omskrewe probleme en gevallestudies; fundamentele kennis te demonstree van die wisselwerking tussen en interafhanklikheid van 		

<p>ekonomiese deelnemers en ekonomiese aanwysers;</p> <ul style="list-style-type: none"> • vaardighede te demonstreeer om gevallestudies, voorbeelde en probleme ten opsigte van bepaalde makro- en mikro-ekonomiese verskynsels te ontleed en te evalueer, met verwysing na vraag, aanbod, ewilibrum, verbruik, produksie, pryselastisiteit en verskillende vorms van mededinging; • fundamentele begrip te demonstreeer van die oorsake van inflasie, werkloosheid en ekonomiese groei en sy/haar kennis te gebruik om beleid in dié verband aan te beveel; • vaardighede te demonstreeer om die Eenvoudige Makro-ekonomiese Model in ekonomiese ontledings en voorspellings aan te wend; • vaardighede te demonstreeer met die versameling en verwerking van inligting vir die skryf van werkopdragte binne die raamwerk van mikro- en makro-ekonomie, individueel en in groepe. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50 Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: ECON211	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Makro-ekonomie		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • die naverwantskappe in die makro-ekonomie tussen verskillende ekonomiese veranderlikes in 'n oop ekonomie te ontleed; • die uitwerking van verskeie beleidstappe op die funksionering van die ekonomie op sowel die lang- as die korttermyn te beoordeel; • verskillende beleidsmaatstawwe vir makro-ekonomiese probleme te identifiseer en verduidelik hoe dit toegepas kan word. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50 Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: ECON221	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Mikro-ekonomie		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • grondige kennis en begrip te demonstreeer van tersaaklike terme, reëls, begrippe, beginsels en teorieë om mikro-ekonomie en die toepassing daarvan in die werklikheid te beskryf; • teoriegedrewe argumente en IT-vaardighede te gebruik om as individue en/of groepe inligting aangaande mikro-ekonomiese kwessies te versamel, te organiseer, te ontleed en te vertolk; • probleemoplossingsvermoëns ten opsigte van verbruikersvraag en -keuses, markstrukture en die gedrag van mededingers, ewewigsanalises, mikro-beleid en regeringsingryping in die ekonomie in die vorm van belasting/subsidiëring te demonstreeer; • bevindings en/of oplossings op samehangende en betroubare wyse aan 'n gehoor van eweknieë en akademië deur gebruikmaking van individuele en/of groepmetodes doeltreffend te kommunikeer. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word verskaf in die studiegids en op eFundi.		
Modulekode: ECON311	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Fiskale en Monetêre Beleid		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • afgeronde en sistematiese kennis van markmislukking en die rol van die staat in die ekonomie te demonstreeer; • as 'n individu en/of deel van 'n groep die praktiese vaardighede te demonstreeer om voorvalle van markmislukking in gevallestudies te identifiseer en toepaslike vorms van staatsingryping aan te beveel; • die bekwaamheid te demonstreeer om verskillende vorms van staatsingryping in die ekonomie te evalueer en aanbevelings aan beleidmakers en belanghebbendes in die vorm van skriftelike verslae en mondelinge aanbiedings met behulp van die toepaslike IT te kommunikeer. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word verskaf in die studiegids en op eFundi.		

Modulekode: ECON321	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Ekonomiese Analise		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • afgeronde en sistematiese kennis van klassieke lineêre regressie-modelle en spesifikasie-toetsing van regressieresultate te demonstree; • as individu en/of deel van 'n groep die praktiese vaardighede te demonstree om 'n regressiemodel met Eviews-programmatuur te skat en te toets, spesifikasietoetsing te onderneem, met inbegrip van toetsing vir stasionariteit, struktuur-breuke, multikollineariteit, heteroskedastisiteit en outokorrelasie, en om oplossings te formuleer vir praktiese probleme op die terrein van ekonomiese ontledings; • die vermoë te demonstree om 'n navorsingsvraag op die terrein van die Ekonomie, Risikobestuur of Internasionale Handel te identifiseer, tersaaklike inligting te herwin, basiese statistiek en ekonometriese metodes toe te pas om die navorsingsresultate te ontleed en te vertolk, en dan die bevindinge in 'n verantwoordbare mondelinge aanbieding oor te dra met behulp van die toepaslike Inligtingstechnologie, asook in die vorm van 'n skripsie van 20 bladsye. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word verskaf in die studiegids en op eFundi.		
Modulekode: EKRP211	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Inleiding tot Risikobestuur		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n deeglike kennis te demonstree van wat risiko behels asook hoe om risiko strategieë in 'n korporatiewe omgewing in Suid-Afrika te bestuur; • te verduidelik waarom risikobestuur 'n belangrike rol in die besigheidsomgewing speel; • verskeie tipes risiko's te identifiseer en tussen hulle te onderskei; • beide teoretiese kennis en toepassing van die risikobestuurproses te demonstree, wat insluit die identifisering, evaluering en kontrolering van risiko in verskeie omstandighede; • deeglike begrip te demonstree van verskeie vorms van risiko finansieringstrategieë, die koste verbonde aan hierdie strategieë en die toepaslikheid daarvan op verskeie risiko's. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word verskaf in die studiegids en op eFundi.		
Modulekode: EKRP221	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Beleggingsbestuur		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n deeglike kennis van die algemene beginsels van beleggingsbestuur te demonstree; • die vereiste opbrengskoers as beleggingskriterium te verduidelik; • die fundamentele beginsels van belegging in die lig van risiko/opbrengs en die tydwaarde van geld te ontleed; • diversifisering te verduidelik; • die beleggingsbestuurproses te bespreek en te analiseer; • die organisasie en funksionering van sekuriteitsmarkte te bespreek; • die verskillende beleggingsteorieë te onderskei en te evalueer; • waardasiebeginsels en -praktyke in beleggingsbestuur te bespreek; • fundamentele ontleding te bespreek en te verduidelik; • tegniese ontleding te bespreek en te verduidelik; • portefeuljebestuur en portefeulje-evaluering vanuit die oogpunt van die beleggingsbestuurder te bespreek. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word verskaf in die studiegids en op eFundi.		

Modulekode: EKR311	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Bankrisikobestuur		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n deeglike en sistematiese kennis en begrip te demonstreer van die manier waarop die Bates-lastekomitee (BALKO) hul bates en laste bestuur om bankrisiko's, die rol wat die bestuur van hierdie finansiële bates en laste in die Suid-Afrikaanse ekonomie speel, asook die finansiële en ander verwante risiko's in 'n finansiële instelling, aan te spreek; • goed-ontwikkelde probleemoplossingsvaardighede te demonstreer deur die proses van minimalisering van finansiële risiko's strategies te bestuur; die rente-inkomste en ekwiteit van finansiële instellings te maksimaliseer, en deeglike begrip te toon van die regulatiewe omgewing waarin banke funksioneer; • individuele en groepmetodes te gebruik om inligting met betrekking tot bankrisikobestuur doeltreffend, samehangend en in toepaslike formaat oor te dra. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word verskaf in die studiegids en op eFundi.		
Modulekode: EKR321	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Finansiële Markte		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde en sistematiese kennis en begrip van die werking van die Suid-Afrikaanse Geld- en Kapitaalmarkte, met inbegrip van SAFEX en die Effektebeurs (die Johannesburgse Aandelebeurs en aandele is in EKR321 behandel), asook gebruikskennis van die werking van die produkte en instrumente, waaronder afgeleide instrumente, wat in hierdie markte en die regulatiewe omgewing gebruik word, te demonstreer; • die vermoë te demonstreer om as ontleder, markhandelaar, aandelmakelaar en agterkantoorbeamepte in die bank- en tesourie-omgewing te werk; • in ongewone, konkrete en abstrakte scenario's basiese portefeuljebestuur toe te pas deur middel van die produkte en instrumente van die bogenoemde markte; • in groepe en/of as individu te werk en inligting doeltreffend en op 'n eties behoorlike manier met behulp van die toepaslike inligtingstechnologie oor te dra. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word verskaf in die studiegids en op eFundi.		
Modulekode: FINM221	Semester 2	NKR-vlak:6
Titel: Finansiële Bestuur: Inleiding		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • die rol van Finansiële Bestuur en die finansiële bestuurder in 'n organisasie te verstaan en die primêre doel van Finansiële Bestuur te kan identifiseer; • die konsep "tydwaarde van geld" te verstaan en berekeninge te kan uitvoer; • die verwantskap tussen risiko en opbrengs te verstaan en die risiko en opbrengs van ondernemings te kan evalueer gebaseer op die nodige berekeninge; • die basiese rekeningkundige state en konsepte te verstaan en 'n evaluasie van finansiële prestasie te kan uitvoer met behulp van ontleding van die finansiële state om die huidige finansiële toestand van die onderneming te bepaal; • kennis te demonstreer ten opsigte van die eienskappe van die hoofvorme van finansiering wat deur ondernemings gebruik word en die maniere waarop dit aangewend kan word; • 'n basiese kennis te demonstreer t.o.v. die eienskappe van finansiële instrumente en hoe dit deur maatskappye aangewend kan word om te verskans teen risiko; • 'n volledige en sistematiese kennis te demonstreer ten opsigte van die faktore wat deur 'n onderneming in ag geneem moet word by die keuse van 'n kapitaalstruktuur; • die vaardighede te demonstreer om die koste van die verskillende vorme van finansiering en die geweepte gemiddelde koste van kapitaal van 'n onderneming te bereken; • die verskillende tegnieke om kapitaalinvesteringsprojekte te evalueer te verstaan en te kan toepas. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf		

Modulekode: ITRW112	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Inleiding tot Programmering		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> kennis te demonstreer van die verskillende komponente van 'n rekenaar, 'n inligtingstelsel en programmeertale en die gebruik daarvan; kennis te demonstreer van die manipulering van sigblaaie deur die toepassing van kennis van tabelle, berekenings, oordrag van data tussen verskillende toepassings, funksies en grafiese voorstellinge; die vermoë te demonstreer om probleme op te los deur ontwerp en implementering van gestruktureerde programmering, gebruik van datamanipulasie en datavoortellings en toepassing van gebeurtenis gedrewe benadering in 'n sigblad se ontwikkelingsomgewing; insig in etiese kwessies wat verwant is aan die breër IT-bedryf te verstaan en bewus te wees van die risiko en gevare wat die bedryf bedreig; skriftelike kommunikasievermoë te demonstreer deur 'n verslag op te stel nadat 'n projek voltooi is. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: ITRW123	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel: Grafiese Koppelvlakprograming I		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> kennis te demonstreer om 'n rekenaarprogram te kan skryf wat teoretiese voorkennis vereis; probleme te kan oplos deur die toepassing van teoretiese voorkennis; te demonstreer dat hy/sy oor voldoende voorkennis van en insig in die grafiese-koppelvlak omgewing beskik om gerekenariseerde stelsels te ontwikkel in 'n visuele objekgerigte rekenaartaal; die vermoë te demonstreer om herhaling-, voorwaardelike- en sekvensiële strukture te implementeer; te demonstreer dat aspekte soos grafiese koppelvlak-ontwerp, gebeurtenis gedrewe programmering, procedure en objekgerigte programmering as basis vasgelê is. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: ITRW124	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel: Programmering I		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> fundamentele kennis te demonstreer van 'n objekgerigte programmeringstaal se basiese strukture, datatipes, metodes, klasse en objekte en gebruik daarvan; die vermoë te demonstreer om onbekende probleme op te los deur ontwerp en implementering van objekgerigte programmering, ontfooting, toetsing en uitvoering van toepassings; insig te toon in etiese kwessies wat verwant is aan die breër IT-bedryf en bewus te wees van die risiko en gevare wat die bedryf bedreig. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		

Modulekode: ITRW211	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Grafiese Koppelvlakprogrammering II		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • grondige kennis te demonstreer van <i>multi-threading</i>, string hantering, databasisse, data strukture en versamelings sowel as 'n ingeligte begrip te toon van die teorie van grafiese-koppelvlak programmering; • stelsels te ontwerp wat industrie-gerig en gebruikersvriendelik is en beantwoord aan professionele en etiese gedragskodes; • probleme te kan identifiseer, dit krities te kan analiseer en evalueer en oplossings te kan voorstel deur die ontwerp en ontwikkeling van rekenaartoepassings met die klem op gebruikersvriendelike koppelvlakke; • die vermoë te demonstreer om oplossings/programme samehangend en betroubaar, as individu of in groepsverband, te kommunikeer/demonstreer deur gebruik te maak van toepaslike akademies/professionele mondelinge en skriftelike beredenering. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50 Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: ITRW212	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Programmering II		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • grondige kennis te demonstreer van soek-, sortering- en rekursiewe-metodes, asook van die gebruik van 'n objekgerigte programmeringstaal en -konsepte om basiese probleme op te los; • probleme te kan identifiseer, analiseer en oplos deur 'n gestruktureerde, objekgerigte program te skryf; • grondige kennis te demonstreer van ander getalstelsels soos die binêre getalstelsel en dit te kan gebruik om basiese berekeninge te doen; • vaardighede te demonstreer om probleme wat lêerhantering en uitsonderingshantering benodig in 'n objekgeoriënteerde programmeringstaal te kan oplos. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 4 uur eksamen; gewig – 50 Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: ITRW213	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Stelselontleding en -ontwerp I		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • voldoende kennis en insig te demonstreer van projekbestuurstegnieke asook die fases en tegnieke van die stelselontwikkelingslewensiklus toe te pas wanneer 'n stelsel beplan, ontleed en ontwerp word; • te demonstreer dat hy/sy as individu en in groepsverband die fases en tegnieke van stelselontleding kan toepas en korrek kan gebruik in 'n projek, 'n projek kan bestuur deur projekbestuurstegnieke toe te pas en kreatief en probleemoplossend kan dink en optree wanneer 'n gerekenariseerde stelsel ontwerp en ontwikkel word; • projekte se verslae suksesvol skriftelik te kan opstel en mondelings te kan voordra; • 'n professionele gesindheid en houding jeens kliënte te kan handhaaf en rekenaaruithulpbronne eties en verantwoordelik te kan aanwend wanneer IT-projekte aangepak, voltooi en aangebied word. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50 Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		

Modulekode: ITRW214	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Besluitsteunstelsels I		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige kennis en begrip te demonstreeer van 'n besluitsteunstelsel en die waarde daarvan vir 'n onderneming te kan bespreek; • LP probleme te kan formuleer; • LP probleme te kan oplos (grafies sowel as met die simpleksmetode); • sensitiwiteitsanalise van LP probleme te kan doen; • transportasie- en toekenningsprobleme asook heeltallige programmeringsprobleme te kan oplos terwyl netwerkmodelle en netwerktoepassings gebruik word. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: ITRW222	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Datastrukture en Algoritmes		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • grondige kennis en begrip van datastrukture (vektore, matrikse, geskakelde lyste, stapels en toue) en die kompleksiteit van algoritmes te demonstreeer deur datastrukture te kan opstel en manipuleer, objekgeörienteerde metodes te gebruik om abstrakte datatipes vir die genoemde datastrukture te skep en om verskillende datahanteringsprobleme op te los. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: ITRW225	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Stelselontleding en -ontwerp II		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • voldoende kennis en insig te demonstreeer in projekbestuurstechnieke asook die fases en tegnieke van die stelselontwikkelingslebensiklus beskik om dit te kan toepas wanneer 'n stelsel ontwerp en geïmplementeer word; • te demonstreeer dat hy/sy as individu en/of in groepsverband die fases en tegnieke van stelselontleding kan toepas in 'n projek, 'n praktiese projek kan bestuur deur projekbestuurstechnieke te gebruik en kreatief en probleemoplossend kan dink en optree wanneer 'n gerekenariseerde stelsel ontwerp en ontwikkel word; • projekte se verslae suksesvol skriftelik te kan opstel en mondelings te kan voordra; • 'n professionele gesindheid en houding jeens kliënte te kan handhaaf en rekenaaru hulpbronne eties en verantwoordelik te kan aanwend wanneer IT-projekte aangepak, voltooi en aangebied word. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		
Modulekode: ITRW311	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Databasisse I		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • afgeronde en sistematiese kennis en begrip van entiteitverwantskapmodellering, normalisering van databasis tabelle en skryf van SQL en PL/SQL uitdrukkings en prosedures te kan toepas op die ontwerp van databasisse en onttrekking van inligting om onbekende konkrete en abstrakte probleme binne die databasisomgewing te kan oplos. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		

Modulekode: ITRW313	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Deskundige Stelsels		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • grondige kennis te demonstree van die belangrike kwessies in die vakgebied asook die historiese onderbou van die vakgebied; • vertrouwd te wees met die basiese konsepte binne die veld van kennisgebaseerde stelsels; • die basiese tegnieke wat in die veld gebruik word te verstaan (byvoorbeeld kennisvoorstelling en inferensie) en die vermoë te demonstree om dit op praktiese probleme toe te pas; • eenvoudige rekenaarprogramme as deskundige stelsels te kan ontwikkel deur gebruik te maak van 'n geskikte ontwikkelingshulpmiddel of programmeertaal. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: ITRW315	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Kommunikasievaardighede		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
(Leereenheid A: Persoonlike en Interpersoonlike Effektiwiteit)		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n basiese kennis van en insig in 'n beginselgebaseerde waardestelsel waarvolgens hy/sy/haar doelwitte kan stel, te demonstree; • basiese kennis en insig te demonstree en hom/haar te kan uitspreek oor die belangrikheid van 'n bewese vaardigheid in goeie interpersoonlike verhoudings en konflikbestuurstegnieke en dit op beperkte skaal te kan toepas; 		
(Leereenheid B: Tegnieke Kommunikasie)		
<ul style="list-style-type: none"> • basiese kommunikasievaardighede te demonstree in die skryf en aanbied van verslae; • gestruktureerde verslae te kan skryf. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: ITRW316	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Bedryfstelsels		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • afgeronde en sistematiese kennis van en insig in die beginsels waarvolgens bedryfstelsels werk asook die wyses waarop dit geïmplementeer word te kan demonstree; • die vermoë te demonstree om bedryfstelsels op 'n rekenaar te installeer; • die vermoë te demonstree om Linux instruksies en nutsprogramme te gebruik in die uitvoer van opdragte. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: ITRW317	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Kunsmatige Intelligensie		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • afgeronde en sistematiese kennis te demonstree van die begrippe en tegnieke (soos kennisvoorstelling en soek) binne die veld van Kunsmatige Intelligensie; • die vermoë te demonstree om as individu probleemoplossings te doen deur eenvoudige rekenaarprogramme in 'n Kunsmatige Intelligensietaal soos bv. Prolog te kan skryf. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		

Modulekode: ITRW321	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Databasisse II		
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> afgeronde en sistematiese kennis en begrip van transaksiebestuur, beheer van gelyktydige gebruik, verspreide databasisbestuurstelsels en databasisadministrasie as individu en as lid van 'n groep, te kan toepas op die administrasie van databasisse om onbekende konkrete en abstrakte rekenaarprobleme binne die databasisomgewing te kan oplos. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Modulekode: ITRW322	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Rekenaarnetwerke		
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> afgeronde en sistematiese kennis en begrip te demonstreeer van die werking van voorbeeldnetwerke, van verskillende verwysingsraamwerke vir rekenaarnetwerke asook van netwerkprotokolle wat op verskillende vlakke van die verwysingsraamwerke 'n rol speel; as 'n individu sowel as 'n lid van 'n groep 'n projek te voltooi wat basiese netwerkvermoëns het. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50 Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: ITRW324	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: IT-Ontwikkelings		
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> die vaardigheid te demonstreeer om soektogte via die internet of ander bronne te kan doen om ondersteuningsmateriaal te bekom om kennis aan te vul en om probleme op te los; die vermoë te demonstreeer om met selfvertroue en selfstandig, nuwe tegnologie te bestudeer, te ondersoek en te bemeester om toepassings te kan implementeer; as individu en as lid van 'n groep, korrek gestruktureerde verslae te kan skryf oor die onderwerpe wat ondersoek en bestudeer is asook oor die stelsels wat ontwikkel en geïmplementeer is en dit mondeling aan eweknieë te kan verduidelik en demonstreeer. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: Ongeveer 6 projekte (geen geskrewe eksamen) Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: ITRW325	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Besluitsteunstelsels II		
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> 'n afgeronde en sistematiese kennis en begrip te demonstreeer van die argitektuur van 'n besluitsteunstelsel; die vaardigheid te demonstreeer om as individu en in groepsverband verskillende tipes probleme op te los deur die keuse van 'n geskikte besluitsteunmodel; die vermoë hê om 'n besluitsteunstelsel te kan konstrueer d.m.v. die integrasie van alle voorafbekomde kennis. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50 Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		

Modulekode: STTN111	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Beskrywende Statistiek		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • fundamentele kennis te demonstreeer van die belangrikste elementêre statistiese tegnieke wat daagliks gebruik word, soos steekproefneming metodes, grafiese voorstelling van data, beskrywende maatstawwe van lokaliteit en spreiding, kleinste kwadrate lynpassing, voorspellings deur middel van kleinste kwadrate lynpassing, die korrelasiekoëffisiënt, meervoudige lineêre regressie met toepassing in voorspellings, tydreëks data, voorspelling van bewegingskomponente om toekomstige uitkomstes, en praktiese oorwegings aangaande vraelyste en steekproefgroottes; • probleemoplossingsvaardighede te demonstreeer deur bekende en onbekende probleme op te los, kennis wat opgedoen is aan te wend deur: toepassing van steekproefneming metodes, grafiese voorstelling van data, beskrywende maatstawwe van lokaliteit en spreiding, kleinste kwadrate passings, voorspellings deur middel van kleinste kwadrate passings, korrelasiekoëffisiënte, interpretasie van meervoudige regressie, bewegingskomponente berekeninge, voorspellings van toekomstige uitkomstes van tydreëksdata, en die bepaling van steekproefgroottes vir werklike data. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 2 uur eksamen; gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: STTN115	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Beskrywende Statistiek en Inferensie		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • Fundamentele kennis van die belangrikste elementêre statistiese tegnieke wat daagliks gebruik word, soos steekproefneming metodes, grafiese voorstelling van data, beskrywende maatstawwe van lokaliteit en spreiding, kleinste kwadrate lynpassing, voorspellings deur middel van kleinste kwadrate lynpassing, die korrelasiekoëffisiënt, tydreëks data bewegingskomponente om toekomstige uitkomstes te voorspel, en praktiese oorwegings aangaande vraelyste en steekproefgroottes. Fundamentele kennis van die normaal en waarskynlikheidsverdelings, die sentrale limietstelling, beraming van populasie parameters deur middel van een en twee steekproewe (parameters en nie-parameters). • Probleemoplossing vaardighede deur bekende en onbekende probleme op te los, om kennis wat opgedoen is aan te wend deur toepassing van steekproefneming metodes, grafiese voorstelling van data, beskrywende maatstawwe van lokaliteit en spreiding, kleinste kwadrate passings, voorspellings deur middel van kleinste kwadrate passings, korrelasiekoëffisiënte, interpretasie van meervoudige regressie uitvoer, bewegingskomponente berekeninge, voorspellings van toekomstige uitkomstes van tydreëksdata, en die bepaling van steekproefgroottes vir werklike data. Verder om kennis toe te pas om eenvoudige waarskynlikheidsprobleme op te los, die toepassing van die sentrale limietstelling in daaglikse probleme, beraming van populasie parameters deur punt en –intervalberaming, hipotese te toets aangaande populasiegemiddeldes en –proporsies vir een en twee steekproewe. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Modulekode: STTN121	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel: Inleidende Statistiese Inferensie		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • fundamentele kennis te demonstreeer van waarskynlikhede en waarskynlikheids-verdelings, die sentrale limietstelling, beraming van populasie parameters deur middel van punt- en intervalberaming, hipotesetoetsing vir populasiegemiddeldes en –proporsies vir een en twee steekproewe, eenrigting variansieanalyse (ANOVA) en kategoriese data analise, gebeurlikheidstabelle en basiese toetse op kategoriese data; • probleemoplossingsvaardighede te demonstreeer deur analisering van bekende en onbekende probleme om kennis wat opgedoen is te gebruik om eenvoudige waarskynlikheidsberekenings te doen, die sentrale limietstelling toe te pas, populasie parameters deur middel van punt- en intervalberaming te beraam, hipotesetoetsing vir populasiegemiddeldes en -proporsies vir een en twee steekproewe te doen, eenrigting variansieanalyse (ANOVA) metodes toe te pas en rekenaaruivoer te interpreteer en metodes vir kategoriese data analise soos gebeurlikheidstabelle en basiese toetse op kategoriese data toe te pas. 		
Metode van aflewering: Voltyds		

Modulekode: STTN125	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Inleidende Waarskynlikheid Teorie		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • Konsepte soos die uitkomsruimte, gebeurtenisse, waarskynlikheidsmate, telprosesse, stogastiese uitkomst van gebeurtenisse en die onafhanklikheid van gebeurtenisse; • Belangrike waarskynlikheidsleerstelling soos die wet van die totale waarskynlikheid en die stellings van Bayes; • Stogastiese veranderlikes, verdelingsfunksies en massafunksie. Spesiale aandag sal geskenk word aan diskrete stogastiese veranderlikes en die volgende verdelings sal in diepte bespreek word: binomiaal, geometries, negatief binomiaal, hipergeometries en Poisson. Die volgende kontinue stogastiese veranderlikes te same met hul verdelingsfunksies sal in detail bespreek word: eksponensieel, gamma en normaalverdelings. Funksies van hierdie veranderlikes sal ook bespreek word; • Eenrigting variansie analise (ANOVA) en die toepassing hiervan op praktiese probleme m.b.v. geskikte rekenaaruivoer • Meervoudige regressie met toepassing in voorspellings. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: STTN215	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Waarskynlikheidsleer en Steekproefteorie		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
kennis te toon van:		
<ul style="list-style-type: none"> • die waarskynlikheidsstruktuur van twee of meer stogastiese veranderlikes sowel as hul gesamentlike verdelings; • copulas en die eienskappe daarvan; • voorwaardelike verdelings en die toepassing van waarskynlikheidsberekeninge op voorwaardelike verdelings; • orde-statistieke en die toepassing daarvan; • die verwagte waarde en variansie van belangrike diskrete en kontinue stogastiese veranderlikes wat in vorige werk behandel is; • die kovariansie en korrelasie van twee stogastiese veranderlikes, sowel as voorwaardelike verwagte waardes en momentvoortbringende funksies; • twee van die belangrikste stellings in Waarskynlikheidsleer, die sogenaamde Wet van Groot Getalle en die Sentrale Limietstelling; • verdelings afgelei uit die normaalverdeling; • verskeie steekproefnemingsmetodes, soos bv. eenvoudige ewekansige steekproefneming, asook die eienskappe van hierdie metodes; • probleemoplossingstegnieke te demonstreer deur bekende en nuwe, onbekende probleme te ontleed; programmeringstale soos SAS (PROC IML) te kan gebruik om hierdie konsepte prakties toe te pas. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: STTN315	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Statistiese Inferensie		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • kennis te toon van: • inferensie rakende twee onafhanklike steekproewe (beide parametries en nie-parametries); • inferensie rakende twee afhanklike steekproewe (beide parametries en nie-parametries); • die praktiese oorwegings by eksperimentele ontwerp; • die basiese analise en inferensie rakende kategoriese data; • outoregressiewe (AR), bewegende gemiddelde (MA), outoregressiewe bewegende gemiddelde (ARMA) en outoregressiewe integreerde bewegende gemiddelde (ARIMA) tydreeksmodelle; • die proses om tydreeks te identifiseer, te beraam en diagnostiese stappe te doen; • tegnieke om voor uit te skat deur gebruik te maak van eenvoudige ekstrapolasie en bewegende 		

<p>gemiddelde modelle;</p> <ul style="list-style-type: none"> • die basiese funksionaliteit van die rekenaarpakket SAS; • probleemoplossingstegnieke te demonstreer deur bekende en nuwe, probleme te ontleed; • programmeringstale soos SAS (PROC IML) te kan gebruik om hierdie konsepte 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: STTN321	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Lineêre Modelle		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • eenvoudige en meervoudige lineêre regressiemodel, sowel as die redes agter aannames in die regressiemodel en die afleiding van die verdelings van toetsstatistieke wat gebruik word in die inferensie wat verband hou met lineêre regressiemodel, te verstaan; • die kleinste kwadrate en maksimum aanneemlikheid beramers van parameters in 'n lineêre regressiemodel te kan aflei; • die lineêre regressiemodel in matriks- en vektornotasie te beskryf; • enige afwykings van die aannames te diagnoseer en remediêrende maatstawwe toe te pas om die afwykings reg te stel; • konsepte van gelyktydige inferensie soos toegepas in lineêre regressiemodel te verstaan en te beskryf hoe kwalitatiewe en kwantitatiewe voorspeller veranderlikes hanteer word binne die lineêre regressie raamwerk; • die fundamentele konsepte onderliggend aan nie-lineêre regressie te verstaan, die proses van beraming van parameters in nie-lineêre regressiemodel te beskryf, die Logistiese regressie-modelle en Poisson regressie modelle te beskryf, te verstaan hoe hierdie modelle verwant is aan die algemene lineêre model en inferensie wat met hierdie modelle geassosieer word uit te voer; • lineêre regressie modelle te kan implementeer deur eenvoudige berekeninge en deur rekenaarsagteware te gebruik, modelle prakties te diagnoseer deur diagnostiese stappe soos bespreek in die teorie toe te pas en remediêrende maatstawwe toe te pas in 'n praktiese konteks; • nie-lineêre regressie modelle te implementeer deur eenvoudige berekeninge en deur middel van rekenaarsagteware. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
Modulekode: STTN322	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Statistiek Projek		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n statistiese projek suksesvol te kan uitvoer, van ontwerp tot ontleiding; • geskikte modelle te kan identifiseer vir 'n gegewe datastel, en gebruik te maak van SAS of R om die geskikte model te implementeer; • die teorie aangaande basiese statistiese analises wat voorheen aangeleer is te vereenselwig met die praktiese aard van die projek en die tegnieke te kan toepas; • geskikte dokumentasie vir die projek te kan saamstel en mondelinge voordragvaardig-hede te demonstreer deur die projek in 'n professionele opset voor te lê; • die nodige rekenaarvaardighede te demonstreer wat benodig word om statistiese ontleiding met SAS en R te kan behartig, maar ook daartoe in staat wees om 'n wyer verskeidenheid probleme te kan hanteer; • rekenaargebaseerde simulاسies uit te voer met behulp van SAS en R. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		

Modulekode: TGWN223	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Numeriese Analise		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
